

Nr./No. 99

AUGUSTUS 1991


Pretoriana

AKADEMIESE INLIGTINGSDIENS
TYDSKRIFTE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

DATUM : 1991-07-29

VAKKODE: ZA 968

PRETORIANA 1991 / 99



TYDSKRIF VAN DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING:
GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

JOURNAL OF THE PRETORIA HISTORICAL ASSOCIATION:
OLD PRETORIA SOCIETY

PRYS R 7,00 PRICE

PRETORIANA No./Nr.99 - Augustus 1991

Lede van die Bestuur van die Pretoriase Historiese Vereniging:
die Genootskap Oud-Pretoria

Dr.N.A.Coetzee, voorsitter, telefoon (012) 46 3142

Mnr.W.J.Punt, ondervoorsitter, bewaring van geboue

Mev.D.E.Nel, sekretaresse, telefoon (012) 343-2790 huis

Mnr.M.L.R.Cloete, verteenwoordiger van die Stadsraad van
Pretoria

Mev.M.Andrews, organisasie van toere

Mnr.T.E.Andrews, redaksie van die "Nuusbrief" en bewaring
van begraafphase

Mev.M.Bees, posbestellings

Mnr.A.Jansen, skooltuinwedstryde

Dr.C.de Jong, redaksie van "Pretoriania", telefoon
(012) 348-3111

Mnr.D.Panagos, forte

Mnr.C.J.Reinecke, penningmeester

Mev.E.Viljoen, organisasie van byeenkomste

Mev.M.L.Willmer, argief, telefoon (012) 70 3052

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001.
The post office box of the Secretariat is 4063, Pretoria 0001.

Die telefoonnummer van die sekretariaat is (012) 343-2790.
The telephone number of the Secretariat is (012) 343-2790.

"PRETORIANA- AFRICANA"


Offer of back-copies of "Pretoriania" on sale.

Can you now buy a history book of 300 pages for less than
R 50? No!

But you can buy over 1000 pages of history of Pretoria for
R 20. Contact Anton Jansen, committee member of our Society,
at telephone (012) 998-9406 house, or (012) 804-1023 office
in office hours, to arrange the purchase of a set of "Pretor-
rianas", to be fetched by you or delivered to you. Some copies
are now out of stock. Anton Jansen's postal address is P.O.
Box 33 7041, Glenstantia, Pretoria 1010

PRETORIANA No/Nr.99 - Augustus 1991

INHOUDSOPGawe / TABLE OF CONTENTS	Bladsy/ Page
Pretoriase Historiese Vereniging / Old Pretoria Society	2
N.A.Coetzee, "Obituary Mr.John Niven Kirkness"	2
N.A.Coetzee, "Kirkness documents"	4
Redaksie, "Die Pretoriase Historiese Vereniging: Genootskap Oud-Pretoria"	9
Redaksie, "The emblem of the Old Pretoria Society - Die wapenskild van die Genootskap Oud-Pretoria"	11
Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij	12
Th.Steinmetz, "De Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg- Maatschappij in den Transvaalsch-Engelschen oorlog, 1899-1900" - vertaling uit Nederlands deur C.de Jong	12
Ander bydraes	31
J.Ploeger, "Hendrik Stiemens, 1822-1894, Die lewenskets van 'n verdienstelike Nederlander in Natal en die ZAR (2)"	31
C.de Jong, "Die Oostenrykse huldeblyk aan die Boere van 1900"	55
C.de Jong, "Twee gedenkplate vir gevalle Nederlanders uit Suid-Afrika: 1899-1902, 1940-1945"	65
From the journals / Uit die tydskrifte	76
Albrecht Holm, "Bewaring"	76
Uitslag van die skooltuinkompetisie 1991	80
C.de Jong, "Nederlandse gedig op Pretoria: Willem Brandt, 'Transvaal' "	81



Mr. John Johnston Kirkness, born Orkney Islands 1 April 1857, deceased Pretoria 13 June 1939.



*The coloured glass window for Saint Magnus in the western aisle of the Presbyterian Church of Saint Andrew at Pretoria; the glass window as well as the bricks for the construction of the church were donated by Mr. J.J. Kirkness.
Photo C. de Jong, 1991.*

OBITUARY MR. JOHN NIVEN KIRKNESS

John Niven Kirkness died in Pretoria on Friday May 10th, 1991 at the age of almost 92 years, being born 21.5.1899. He will be remembered as a member and good friend of the Old Pretoria Society and in his will he bequeathed the sum of R5 000 to the Society. This bequest is most sincerely appreciated by the members. A few weeks before his death J.N. Kirkness donated ... private papers, documents and photos of his father John Johnston Kirkness, the pioneer builder and brick and tile manufacturer of Pretoria, to the Society. These will be placed in the Old Pretoria Society section of the State Archives in Pretoria. Photos of the handing over of these documents appeared in the newspapers a few weeks before J.N. Kirkness passed away. The photos were taken by "Beeld" and "The Pretoria News" in Jacaranda Haven in Baileys Muckleneuk where he stayed the last few years of his life and where he was visited periodically by the Chairman of the Society, Dr. N.A. Coetzee.

He followed his illustrious father as co-partner in the John J. Kirkness Ltd. Groenkloof Brick and Tile Company, to provide South Africa and various other countries overseas with the well-known "Pretoria" or "Kirkness" bricks. During the Second World War he was Captain and Commander of the 165th Works Coy SAEC, organising equipment for the war effort by the SME Training Workshops.

It was fitting that the funeral service was held in the St. Andrews Presbyterian Church, Schoeman Street, to which construction J.J. Kirkness contributed bricks and building. The Old Pretoria Society is thankful to be among the many beneficiaries of the will of the late John Niven Kirkness. Our sincere condolence to his son David John Kirkness and his wife Edwynne and the family. We also bring honour to the memory of the late wife of J.N. Kirkness, Eunice Natalie Beryl (born Jackson) (9.1.1902-15.1.1984). We are thankful that the article on his father in "Pretoriania" (Dec. 1984) is specifically mentioned in the will of J.N. Kirkness.

Articles in "Pretoriania" regarding Mr. John Johnston Kirkness and Mr. John Niven Kirkness

N.A. Coetzee, "John Johnston Kirkness", in "Pretoriania" No. 86, December 1984, p.40-46.

N.A. Coetzee, "John Johnston Kirkness", in "Pretoriania" No. 88, November 1985, p.49-55.

W.J.B. Ridgard en N.A. Coetzee, "Toesprake by die onthulling van 'n gedenkplaat ter ere van J.J. Kirkness op 23 September 1985", in "Pretoriania" Nr. 89, April 1986, p.38-43.

N.A. Coetzee, "Toespraak by geleentheid van die onthulling van die J.J. Kirkness-Gedenkplaat by die Onderwyskollege Pretoria op 3 Junie 1986", in "Pretoriania" Nr. 90, November 1986, p.5-9.

N.A. Coetzee, "Onthulling van die J.J. Kirkness-Gedenkplaat by industriële area Kirkney", in "Pretoriania" Nr. 97, November 1990, p.2-6.

KIRKNESS DOCUMENTS

The family of Mr. John Johnston Kirkness has donated documents to the Pretoria Historical Association. They concern papers of the Pretoria brick and pottery manufacturer John Johnston Kirkness and his son, Mr. John Niven Kirkness. Some of them date back to 1882.

Here follow two inventory lists of the documents drawn up by the Chairman of the Association, Dr. N.A. Coetzee.

Personal Documents of J.J. Kirkness and his son J.N. Kirkness donated to the Old Pretoria Society by the grandson D.J. Kirkness.

Documents of John Johnston Kirkness.

1. Business Diary 1882 - July 1886. Letters and quotations in own handwriting. Alphabetical index. Hard red cover. 1½ inches thick.
2. Letters to Messrs. Grice & Co. Durban, dated 24 December 1885 Bethlehem. Related to J.J. Kirkness's interest in the Barberton Gold Fields. Asking for a quotation for a 5 stamp crushing mill 750 lbs, Californian type Battery, with axle, waterwheel and driving drums.
3. Cuttings from different sources. Contract book. Hard cover Green book.
4. Contract book 1885. Hard cover. Journal ruling, Pricing and Quotations for houses built at Bethlehem. Green cover.
5. Contract Book for building at Barberton and Johannesburg. Estimates of costs. Blue cover 1 inch thick.
6. Acte van Transport Erf 1771 Willem de Zwaan signed G.R. von Wielligh Nos. 225/1897; 4539/1896; 1272/1899; 3575/1899. Burgerrechten 4355/1896 ZAR aan Jacob Petrus Badenhorst. Signed S.J.P. Kruger. Jaarlikse recognitie 10 shillings sterling.
7. Tax Receipts 1903. Erf, Personal and Farm Taxes. F.E.O. Mörs Celany. 12649/14446/11468/4258/5791. Roux, Jacobs and Findlay.
8. Monthly Record of the St. Andrew's Church, Pretoria July 1939. Report of death of J.J. Kirkness. Words spoken at the funeral by Dr. E. Macmillan.
9. Letter by Master Builders and Allied Trades Association. 1.4.1927 with congratulations on J.J. Kirkness's 70th birthday.
10. Invitation by Governor-General's Office to J.J. Kirkness 13.10.1921 to attend investiture at Gov. House, Pretoria 8.11.1921. Reply accepting invitation.
11. The South African Builder. March 1923. Builders Gallery page 18. J.J. Kirkness with photo. Life work of J.J. Kirkness.
12. Programme Madame Amy Allton's Grand Charity Concert in aid of Pretoria Rescue Home. Wednesday Nov. 7, 1906.

13. Opening of South Africa House by His Majesty the King. London 22 June 1933. Programme. Description pamphlet of South Africa House.
14. Death of John J. Kirkness. Cutting from "Pretoria News".
15. Obituary J.J. Kirkness. Cutting from the "South African Builder". June 1939. page 39.
16. J.J. Kirkness S.A. Mint, Pretoria. Visagie Street. Album with photos of the building of the Mint, showing various outside and interior views.
17. Small photos and negatives (3 packets) of the Groenkloof Brickworks.
18. "Pretoria News". Saturday April 2, 1932. 75th Birthday of J.J. Kirkness.
"Pretoria News". Pretoria's new Mayor. An Orcadian elected. J.J. Kirkness.
"Pretoria News". Death of J.J. Kirkness. Cutting.
19. Home life in Early Pretoria. Handwritten.
20. Klapperkop. Fullscap typed. Vista from Klapperkop.
21. Programme. State Banquet. In honour of Their Majesties The King and Queen. City Hall, Pretoria. 8.30 p.m. 29th March 1947.

Documents of J.N. Kirkness, son of J.J. Kirkness.

1. Index of articles dealing with J.J. Kirkness, Pretoria, as appeared in various books and periodicals. Bibliography. Made by J.N. Kirkness.
2. Letter to Hugh Carruthers, Rand Daily Mail Jhb., by J.N. Kirkness, dated 26.8.1966.
3. Program van Gesamentlike Dankdiens by geleentheid van die staking van vyandelikhede in Europa. Uniegebou, Pretoria. 1945. Volgorde van verrigtinge. Afrikaans and English.
4. "The Pretorian". Annual of the Boys' High School, Pretoria 1984.
"The Pretorian". 1985. Seventy Fifth Anniversary Edition 1910-1985. 2 copies.
A School that is set on a Hill. D.F. Abernethy Jan. 1956-Dec. 1973. 18 years headmaster.
5. "Pretoria 125", by Hannes Meiring. Book.
6. The Pretoria Club 100 years 1885-1985. Programme of the Final Supper at the Club House.
7. A chapter from the life of George Leith, by his daughter, Brünhilde Leith. Soft Cover $\frac{1}{2}$ " thick.
8. Pretoria Retrospect 1857 and today. Black soft cover $\frac{1}{2}$ " thick.
9. 165th Works Coy SAES. Carolina Order No. C 36/42 for 26.7.1942 Captain J.N. Kirkness, Commander. Reverse side: disposal of stores and Barrack equipment.


11. Photos. SME Training Workshops 1940/41. Fitting out vehicles to carry Box Girder Bridging. Departure 1st Brigade May 1940.
12. "Pretoria News" Cutting. The challenge of Youth.
"Pretoria News" Cutting Tuesday July 28, 1979. A Vestige of Old Pretoria.
"Pretoria News". Africana Issue.
"Pretoria News" Thursday June 25, 1970. Wesfasade. Ou Kerk op Kerkplein, 1902. Church square 1880, photos.
"Pretoria News". September 7th, 1972.
13. Letter by Chairman Crown Princess of Greece Relief Fund, written to J.N. Kirkness. L.P. van Zyl, Mayor's Parlour. Appeal for Funds.
14. Collection of papers. Professor Alexander Petrie on his 90th birthday. The Immortal Bard. Born 25th January 1759. Robert Burns. A graveside tribute by R.M. Titlestad to Advocate George Schreiner Findlay K.C.
15. Envelope with cuttings and articles of Alan Paton.
16. Museum Review Vol. 1 No. 5 March 1987. The S.A. National Military Museum of Military History. Johannesburg.
17. Extract from the S.A. Law Journal August 1976. The late Sir John Murray. Printed. Handwritten correspondence signed John N. Kirkness.
18. Photo of John Johnston Kirkness 1.4.1857 to 13.6.1939.
19. Photo of John Johnston Kirkness and his wife Mary Ann Baikie. 1919.
20. "Pretoria News", Thursday April 25, 1991. Photo of Mr. John N. Kirkness on handing over the documents of his father and himself, at the age of 92; with Dr. Nico Coetzee, chairman of the Old Pretoria Society. Photo Jacaranda Haven, Baileys Muckleneuk, Pretoria.

-o-

Die betekenis van die van BOTHA


Botha is of was 'n in Duitsland bekende familienaam. Dit word ook gespel as Both en beteken boot, d.w.s. skip of skuit. Die van Both is ook in Nederland bekend: een van die eerste Goewerneurs-Generaal van die Vereenigde Oost-Indische Compagnie heet Pieter Both. Die laaste letter a van Botha is 'n Oud-Germaanse uitgang en is later vervang deur die bepalende lidwoord "de" of "het". Botha beteken dus "die boot".

Daar is meer Duitse name wat die Oud-Germaanse uitgang a het, byvoorbeeld Juta en Trotha. Die van Juta is bekend in Nederland en Suid-Afrika en beteken "die Jut"; dit is 'n inwoner van Jutland, 'n deel van Denemarke.



Mnr. John Niven Kirkness (left), son of the brick and tile manufacturer and builder John Johnston Kirkness, and Dr. N.A. Coetze, Chairman of the Old Pretoria Society (right), on the occasion of the donation of documents regarding Mr. John J. Kirkness and Mr. J.N. Kirkness to the Society in April 1991.

Photo Johan Stander, in "Beeld", Thursday 25 April 1991



Mr. John Niven Kirkness, son of the brick manufacturer and builder John J. Kirkness, sitting, in Jacaranda Haven, and Dr. N.A. Coetzee, Chairman of the Pretoria Historical Association alias Old Pretoria Society, standing, on the occasion of the donation of documents of the Kirkness family to the Association in April 1991.

Photo The Pretoria News, Thursday 25 April 1991

**DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING:
GENOOTSKAP OUD-PRETORIA**

Hierdie bloeiende vereniging is in 1948 gestig deur wyle Dr. Willem H.J. Punt (Senior; 1900-1981). Hy het sy loopbaan as onderwyser in Pretoria begin en verskeie kultuurorganisasies gestig, onder meer die Genootskap Oud-Pretoria en die Stigting Simon van der Stel. Die Pretoriase Historiese Vereniging voer ook nou die naam Genootskap Oud-Pretoria. Dit was die eerste plaaslike historiese vereniging in Suid-Afrika. Die doel daarvan is die aanmoediging en bevordering van die geskiedskrywing van Pretoria en van bewaring van historiese merkwaardighede in die stad en die omgewing, soos bouwerke, straataansigte, bome, dokumente en foto's.

Daar was reeds in 1948 veel aanleiding hiervoor. Weliswaar is die stad eers in 1855 gestig, dus jonk, maar dit is die regeringsetel en bestuurshoofstad van die Zuid-Afrikaansche Republiek in Transvaal, die Unie en die Republiek van Suid-Afrika. Daardeur het dit talle mense uit Suid-Afrika en daarbuite aange trek en besit dit 'n gevarieerde geskiedenis in die nogal stormagtige historie van die land. Danksy die talle immigrante is hier 'n veelheid van boustyle. Veral na die Tweede Wêreldoorlog het Pretoria hom vinnig uitgebrei en dit is tans die stad met die snelste groei in Suid-Afrika. En veral in die middestad moes talle rustieke huise en openbare geboue plek maak vir baie groter en hoër bouwerke en het die aantreklike stadsbeeld met vrystaande huise, talle bome en bloeiende tuine grotendeels verdwyn.

Dr. Punt en die bestuurslede van "Oud-Pretoria" ná hom het hul veelsydige en omvangryke taak van bewaring van die plaaslike historiese erfenis met geesdrif en volharding aangepak, somtyds sonder, maar dikwels met sukses. Die bestuur het vergeefs gepleit vir behoud van die gebou van die Staatsgimnasium, die fondamente van die blokhuis op Strubenkop en die restant van die brug van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) aan die Maria van Riebeeckweg - 'n straatnaam wat ook al verdwyn het. Die bestuur het met sukses geywer vir die behoud van die wes-fasade op Kerkplein - saam met ander kultuurorganisasies -, van Fort Wonderboom, van die Erasmuskasteel, vir die restourasie van Voortrekkergrafte van die familie Booyzen (deur "Oud-Pretoria" behartig) en 'n eenvoudige gedenkwaardigheid soos die ou tremhuis reg onder die Uniegeboutuine.

Die bestuur het die inisiatief geneem tot verklaring van bouwerke as nasionale gedenkwaardighede, byvoorbeeld die Pioniershuis in Silverton, die Melrosehuis, die Pierneef-Museum, die Sammy Markshuis by Zwartkoppies en die Willem Prinsloo-Museum. Ander organisasies het hierdie geboue prysenswaardig in museums omskep.

Die Vereniging het verskeie gedenkplate aangebring, byvoorbeeld by die Booysengrafte en op die gespaarde deel van die NZASM-brug aan die Maria van Riebeeckweg. Hy het ander instansies bereid gevind om gedenkplate aan te bring, onder meer drie plate ter nagedachtenis van die fabrikant en bou-aannemer J.J. Kirkness.

Die Genootskap onderneem jaarliks 'n bustoer op of omstreeks 15 November - die stigtingsdag van Pretoria - om pioniers van die stad te vereer. Hy is verteenwoordig in die advieskomitee vir straatnaamgewing namens die Stadsraad en pleit dikwels vir behoud of herstel van historiese straatname. Die bestuur het die Stadsraad bereid gevind om op sommige straatnaamborde in die middestad 'n kwalifikasie van die vernoemde persoon daarop aan te dui, byvoorbeeld: Paul Krugerstraat, 1825-1904, Staatspresident.

Die bestuur onderhou gereeld en noue kontak met ander instellings wat soortgelyke doeleinades nastreef, en is verteenwoordig in die komitee van organisasies vir oorleg by die beplanning van Pretoria se uitbreiding.

Die Vereniging hou gereeld lesings vir lede en ander belangstellendes en organiseer maandeliks baie gewilde bustoere. Die bustoere na historiese besienswaardighede in en by Pretoria is dagtoere en het begin in 1974. Tot en met 1990 is 184 bustoere onderneem. Ongeveer 10 700 persone het hieraan deelgeneem. Sedert 1980 word ook jaarliks 'n bustoer van vier dae tydens die Paasnaweek na verder verwynde bestemmings onderneem, soos Oos-, Noord- of Wes-Transvaal, Natal of die Vrystaat. Hieraan het omstreeks 500 persone deelgeneem.

Die bustoere is in die eerste jare georganiseer en geleid deur mnre. Mervyn Emms en Tom Andrews. Daarna het mev. Merle Andrews mnr. Emms se taak oorgeneem. Die bustoere het veel aan die bekendheid van die Vereniging bygedra en die ledetal aansienlik verhoog.

Die Vereniging gee maandeliks 'n Nuusbrief uit wat deur mnr. Tom Andrews saamgestel word en kort historiese wetenswaardighede bevat. In April 1991 het no. 143 verskyn. Van die halfjaarlikse tydskrif "Pretoriania" het in April 1991 no. 98 verskyn. Die huidige redakteur daarvan is Dr. C. de Jong.

Die huidige voorsitter is die energieke Dr. N.A. Coetzee wat dié funksie in 1956-60 en sedert 1979 beklee. Die sekretaresse is mev. D.E. Nel, die Vereniging se posbusnommer is 4063, Pretoria, 0001, die telefoonnummer van die sekretaresse is (012) 343-2790. Die lidmaatskapsgeld is R20 per jaar vir alleenstaande persone en R25 vir epare.

Die Vereniging verdien ruim waardering en ondersteuning vir sy verdienstelike werk vir Pretoria.

THE EMBLEM OF THE OLD PRETORIA SOCIETY

In the first quarter of the shield is an eland in restive position. The eland represents the farm Elandsport on which the greater part of Pretoria was established and where the first Voortrekkers settled.

The second quarter bears the arms of Ouddorp, South Holland, where Johannes Pretorius, the progenitor of the family in South Africa, was born in 1642, and sailed from the nearby harbour of Goedereede/Goeree in 1665 for Cape Town.

In the third quarter is the historical Church that stood on Church Square.

The fourth quarter, shows two quill-pens representing the duty of the Society, to record in writing the history of Pretoria from the time that Johannes Pretorius arrived in South Africa in the service of the V.O.C.

The motto: "We safeguard the past in the present."

DIE WAPEN VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

In die eerste kwartier van die skild is 'n eland in 'n rustende houding. Die eland is gekies omdat Pretoria oorspronklik op die plaas Elandsport aangelê is. Hier het die Voortrekkers uiteindelik tot rus gekom.

Die tweede kwartier bevat die wapen van Ouddorp, Suid-Holland, waar Johannes Pretorius, die stamvader van die geslag in Suid-Afrika, in 1642 gebore is. Vanuit die nabijgeleë hawe Goedereede of Goeree het hy in 1665 na Kaapstad gevaaar.

In die derde kwartier is die geskiedkundige ou kerk wat vir soveel jare op die Kerkplein van Pretoria gestaan het.

Ten slotte kom die twee veerskryfpenne wat die werk van die Genootskap simboliseer nl. om die geskiedenis van Pretoria op te skryf van die tyd af toe Johannes Pretorius in diens van die V.O.C. na Suid-Afrika gekom het.

Onderaan die leuse: "Ons beskerm die verlede in die hede."

Aanvulling deur C. de Jong

Die wapenskild van ons Vereniging staan in kleure afgedruk op die voorisy van die omslag van "Pretoriania".

Die kwartier regsbo in die wapenskild is die wapen van die dorp Ouddorp op die eiland Goeree of Goedereede in die provinsie Zuid-Holland, nie ver van Rotterdam nie. Dit is opgeneem omdat die stamvader van die familie Pretorius, Johannes, van Ouddorp afkomstig was; hy het 22 jaar oud in Desember 1665 in Kaapstad aangekom. Soos bekend, is ons stad Pretoria na een van die bekendste lede van die familie, Andries Wilhelmus Jacobus, genoem. Prof. F.J. Pretorius het oor die stamvader gepubliseer in "Histria", jaargang 32 no. 2, Pretoria, September 1987 (Samevatting in "Pretoriania" no. 96, November 1989).

Die wapen van Ouddorp bestaan uit 'n stadsport wat verwys na die dorp, en 'n ridder op 'n steierende perd wat verwys na die Middeleeue toe die dorp gestig is ^ dit is inderdaad 'n baie ou dorp.

Die munisipaliteit Ouddorp is in 1966 saamgesmelt met dié van die naburige stadjie Goeree en daarmee het die wapenskild van Ouddorp in onbruik geraak.

"DE NEDERLANDSCHE ZUID-AFRIKAANSCHE SPOORWEG-
MAATSCHAPPIJ IN DEN TRANSVAALSCH-ENGELSCHEN
OORLOG 1899-1900"^{a)}

deur Th. Steinmetz (Sekretaris van die
NZASM-direksie)

(Vertaling uit Nederlands van C. de Jong)

(1) Voor die oorlog

Die oorlog wat uiteindelik op 11 Oktober 1899 uitgebreek het, is voorafgegaan deur 'n lang tyd van spanning, van afwisselende hoop en vrees. Die gevolge daarvan vir die NZASM was ener syds 'n vermindering van invoer van goedere en andersyds 'n vermeerdering van vertrekende persone wat die land verlaat het. Reeds in Augustus, en selfs enkele maande vroeër, het talle mense 'n spoedige begin van die stryd as onvermydelik beskou. Hulle het begin om altans hul familie na die Britse kolonies te stuur, na Natal of die Kaapkolonie of ook wel na Europa. Die sakebedryf het agteruitgegaan, talle mense het 'n deel van hul inkomste verloor, Johannesburg het stiller geword. Die heftige toon van die Engelse koerante waarin die Boere as barbare wat geen vroue en kinders sou ontsien nie, afgeskilder is, het die buitelandse bevolking voortdurend angstiger en meer geneig om die land te verlaat, gemaak. Natuurlik het veral Britse onderdane gevlug. Talle van hulle was arm, wat die Kaapkolonie aanleiding gegee het om sy spoortarieue vir onvermoënde vlugtelinge te verlaag en om die NZASM voor te stel om dieselfde te doen. Hierdie maatskappy het egter geweier omdat daar voorlopig geen rede was om aan te neem dat Johannesburg onveiliger as enige ander plek in Suid-Afrika sou wees nie.

In September het die uittog omvangryk geword. Die hoogste punt is bereik toe na die oorlogsverklaring alle Engelse in Transvaal wat geen permit om te bly kon kry nie, binne een week die land moes verlaat. Ook die gekleurde Britse onderdane, die sogenaamde koelies uit Engels-Indië en Kaapse basters, moes vertrek. Toe die myne hul bedryf staak, het dit dringend noodsaaklik geword om die talle duisende swartes wat sonder werk en brood gelaat is en allig tot plundering en roof kon oorgaan, so gou as moontlik oor die grense te bring.

Onderstaande tabel gee enkele syfers van blankes en gekleurdes wat in September en Oktober 1899 tot 19 Oktober oor die grense vervoer is:

	1ste klas	2de klas	gekleurdes ¹⁾	Totaal
September 1899	3 399	10 347	19 775	33 521
Oktober 1899 tot die 19de	2 472	16 433	78 565	97 470
TOTAAL	5 871	26 780	98 340	130 991

- a) Kyk die artikel van C. de Jong, "Die NZASM in die oorlog 1899-1902", in "Pretoriania" no. 93, April 1899, p.13-19.

tesaam 130 991, van wie ongeveer 50 000 blankes en 78 000 gekleurdes. In normale tye is die totale aantal persone wat die land verlaat, ongeveer 9 000 per maand. In aanmerking genome dat die buitengewone personevervoer gedeeltelik saamgeval het met die mobilisasie en vervoer van burgers na die grense, is dit stellig geen wonder nie dat ons aantal rytuie geheel onvoldoende was, sodat die mense ook in oop veetrokke en baktrokke geplaas moes word. Daarby is gepoog om blanke vroue in die rytuie te plaas en om in die ander trokke die blankes afsonderlik te plaas. Tog is daar dikwels trokke gesien wat volgepak was met mense van alle denkbare kleure van suiwer blank tot diepswart.

Hierdie reise het na Kaapstad ten minste twee etmale geneem, na Durban een en 'n half en na Lourenço Marques een etmaal. Tydens hierdie reise is baie gely deur hitte, koue en reën, en somtyds ook deur honger en dors. Iemand wat die Afrikaanse klimaat ken, kan hom dit voorstel.

Dat daarby op die lyne van die NZASM geen ongelukke voorval het nie, was 'n groot geluk en pleit vir die gehalte van die personeel.

Voordat die loop van die gebeurtenisse verder gevolg word, is dit nodig om nader in te gaan op die verhouding van die NZASM tot die Gouvernement van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) in oorlogstyd. Artikel 22 van die konsessie van die Gouvernement aan die NZASM lui soos volg:

"By oorlogsgevaar, in oorlogstyd of in geval van binnekantse onluste kan die Regering in die belang van die verdediging of van die openbare rus oor die spoorweg en alles wat vir die gebruik daarvan vereis word, beskik en die gewone vervoer daarop geheel of gedeeltelik laat staak en alle maatreëls wat hom as nodig voorkom, gebied, behoudens skadeloosstelling aan die konsessionaris".

By besluit van die Uitvoerende Raad artikel 858 van 13 September 1899 is van hierdie reg gebruik gemaak. Daarby is die spoorweg aan die Direksie van die NZASM onttrek en deur die Regering tot haar beskikking geneem. Die besluit van die Uitvoerende Raad sê verder:

"Om die spoorweg behoorlik te kan gebruik word die gehele personeel van die meergenoemde Maatskappy onder artikel 2 van die wet no. 20 van 1896 gekommandeer tot die verrigting van dienste by die spoorweg in die funksies wat tans deur hulle bekleed word. Hulle word gestel onder die bevel van die Kommandant-generaal en die krygsoffisiere wat deur hom aangewys is of ander amptenare, met dien verstande dat hulle wat by die spoorweg gemis kan word, altyd deur die Kommandant-generaal gekommandeer kan word tot gewone krygsverrigtinge..."

Hieruit blyk dat die Maatskappy geheel binne die terme van sy konsessie verplig was om nie slegs die lewende en materiële strydkragte van die Republiek te vervoer nie, maar ook alle ander maatreëls wat hom voorgeskryf is, uit te voer, soos

die vervoer ten behoeve van die Regering, die eksplorasie van die spoorweg in die besette deel van Natal, die vervaardiging en herstel van ammunisie en geskut in die Maatskappy se werks-winkel ensovoorts.

Dit het egter noodsaaklik geword om die optrede wat deur die personeel gevolg moes word, vas te stel indien by 'n vy-andelike inval 'n deel van die spoorweg deur die vyand beset sou word. Dit is gedoen deur Diensorder no. 22 wat hier in sy geheel volg.

Diensorder no. 22

Instruksie vir die personeel hoe om te handel in geval 'n deel van die spoorlyn deur 'n vyandelike mag beset sou word.

Die personeel sal so lank as moontlik diens bly verrig en hulle nie eiemagtig van hul pos mag verwyder voordat dit deur vyandelike troepe in besit geneem is nie.

Die personeel mag nie aan die stryd deelneem nie tensy die wettige overheid hulle daartoe kommandeer; hulle mag in of buite die diens geen wapens dra nie; hulle mag hulle nie teen 'n gereë尔de gewapende mag verset nie.

Word hieraan nie voldoen nie dan sal dit geheel vir hul eie persoonlike verantwoording wees.

Indien 'n deel van die spoorweg deur die vyand beset is, sal die personeel van dié gedeelte poog om op een of ander wyse hulle te begeef na gedeeltes van die spoorweg wat nog nie in hande van die vyand is nie en hulle weer ter beskikking van die diens stel, tensy hul vertrek deur die vyand belet word of daar te bly in die belang van 'n gesin wenslik is.

Verdediging van stasies en inrigtings teen 'n gereë尔de gewapende mag is geheel doelloos, nōg in die belang van die Staat nōg in dié van die Maatskappy.

Indien die inbesitname plaas gevind het, sal die personeel sy werksamhede neerlē nadat hulle vir sover moontlik die sake ordelik gereël het.

Die stasiemeesters, opsieners en verdere hoëre personeel sal moet poog om te bereik dat hulle eenvoudige toesig mag uit-oefen op die inventaris, materieel, gereedskappe, magasyngoedere en die boeke van die Maatskappy sodat hulle een en ander op reëelmatige wyse kan oordra. In die algemeen moet as beginsel geld dat geen dienste vrywillig aan die vyand gelewer word nie. As in sommige gevalle dwang deur bedreiging uitgeoefen word vir uitvoering van sekere dienste, dan sal die personeel daarvan tydelik gevolg kan gee, maar dan sal hulle moet probeer om hulle soveel en so spoedig moontlik te onttrek. Die personeel sal be-voeg wees om hulle van gevangeskap te vrywaar deur te beloof om op hul standplaas te bly en nie aan die stryd deel te neem nie. Strikte nakoming van hierdie bepalings word aan almal en in die belang van hulself asook van die Regering en die Maatskappy baie dringend aanbeveel.

Pretoria, 8 September 1899

Die Direksie: J. van Kretschmar

Tot nou toe het die toestand wat in die diensorder genoem word, nie ingetree nie, intendeel het die Transvaalse spoorweg diens hom ver buite die grense moes uitbrei. Enkele ander vrae in verband met die personeel as 'n gevolg van die eienaardige toestande in die land het hulle voorgedoen. Sedert die tyd toe die Kaapse Goewernementspoorweg die lyn vanaf die Suidergrens (van Transvaal) tot Johannesburg geëksploteer het, het by verskeie takke van diens Engelse personeel aangebly. Ook is in die tydperk van vinnig toenemende verkeer Britse onderdane aangestel. By trekkrug, verplasing en weg en werke het tesaam ongeveer 115, asook ongeveer 450 Afrikaners uit die Kaapkolonie en Natal, gekom. Hulle was feitlik Britse onderdane, maar merendeels van Hollands-Afrikaanse afkoms.²⁾ Kon op hierdie mense, onder wie heel goeie werkers was, in geval van oorlog gereken word om aan hulle die veiligheid van die spoorweg en die treine toe te vertrou?

As eerste maatreël is die Engelse soveel moontlik oorgeplaas na dié dele van die spoornet waar verwag kon word dat hulle min met die oorlogsverkeer te doen sou hê. Hulle is veral op die Suidooster- en Suiderlyn vervang deur Hollanders en nie-Engelse Afrikaners. Later, toe na die uitbreek van die oorlog die Regering die Britse onderdane weggestuur het, het die Maatskappy slegs vergunning om te bly gevra vir dié deel van die Engelse personeel wat moeilik gemis kon word en op wie die Maatskappy gemeen het te kan vertrou. Die andere moes vertrek. Enkele Engelse het in diens gebly en gelukkig is tot nou toe die vertroue wat in hulle gestel is, nie beskaam nie. Onder die personeel van die Maatskappy was ongeveer 350 burgers, gedeeltelik Afrikaners uit die Vrystaat en die Kaapkolonie. Hulle was volgens die wet van Transvaal dienspligtig en vir 'n groot deel ook bereid om militêre diens te doen.

Om verseker te wees dat die spoorwegdiens nie meer personeel sou verloor as wat gemis kon word nie, is met die Regering ooreengekom dat geen personeel wat vir die spoorwegdiens nodig sou wees, gekommandeer sou word nie, dat die Maatskappy die mense wat hy nie benodig nie, sou aanwys en dat in geval hy persone van kommando sou terugwens hulle teruggestuur sou word.

Verskeie het vrywillig op kommando gegaan. Dit is aan hulle toegestaan indien hulle gemis kon word. By sommige was die strydlus so groot dat hulle sonder verlof van die Maatskappy op kommando gegaan het, dus met verlies van hul betrekking. Die verhouding tussen die Maatskappy en sy personeel in krygsdiens is gereël in Diensorder no. 33.

Diensorder no. 33

Vir die geval daar kragtens die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek personeel van die Maatskappy gekommandeer sou word om deel te neem aan krygstogte of om op ander wyse diens in verband met verdediging te lewer, word die volgende bepaal:

- (1) Indien personeel gekommandeer word dan moet daarvan per telegraaf kennis gegee word aan die afdelingshoof wat beoordeel of die betrokke persoon vervang kan word. Kan dit nie sonder beswaar geskied nie dan gee die afdelingshoof hiervan per telegraaf kennis aan die Diens van Eksplorasie of aan die Hoofingenieur van die Diens van Weg en Werreke na gelang die personeel tot een van hierdie dienste behoort. Dan sal gepoog word om deur tussenkom van die Regeringskommissaris die kommandering te kanselleer.
- (2) Die Maatskappy verseker aan diegene wat gemis kan word, half salaris indien hulle ongetroud is, en 2/3 salaris indien hulle getroud is, dit wil sê wanneer die ontvange soldy minder bedra, sal die Maatskappy die verskil bybetaal.³⁾
- (3) Aan hulle wat nie gekommandeer is nie en vrywillig op kommando wil gaan, en hulle wat deur die militêre owerheid daarvoor aangeneem word, kan die afdelingshoof vergunning gee indien die diens dit toelaat, sonder behoud van salaris, en na betaling van of borgstelling vir die bedrag wat hy moontlik nog aan die Maatskappy verskuldig is. Kan hy egter nie gemis word nie dan moet hy kies tussen geen kommandodiens neem of ontslag.
- (4) Onder (2) en (3) bedoelde persone word solank hulle militêre of ander diens'e vir die Regering doen, geag nie in diens van die Maatskappy te wees nie.
- (5) Indien die Regering die dienste van die gekommandeerdes of vrywilligers nie meer benodig nie, word hulle, sodra hulle hulle by hul onmiddellike afdelingshoof aanmeld, weer in diens geneem vir so ver hulle daarvoor liggaamlik geskik is, onder toekenning van hul vol besoldiging, met uitsondering van die vrywilligers soos bedoel in seksie 3 paragraaf 2.
- (6) Indien persone wat hulle in militêre diens bevind, van die Diens van Eksplorasie of van die Hoofingenieur met goedvinde van die Regering opdrag ontvang om die diens by die Spoorweg te hervat, moet hulle onmiddellik daaraan voldoen op straffe van ontslag.
- (7) Vir die vrywilligers in seksie (3) bedoel sal, indien vir hulle 'n uitkering in Nederland gedoen word, dié uitkering tydelik gestaak word, tensy die geld daarvoor vooraf gestort of voldoende waarborg gestel word.
- (8) Die afdelingshoofde moet van elkeen wat vir die militêre diens aangeneem word, mededeling doen aan die Diens van Eksplorasie onderskeidelik die Hoofingenieur. -

Die bestaande bepalings geld nie vir personeel wat kragtens 'n verbintenis by die artilleriekorps vir gewone of herhalingsoefeninge opgeroep word nie. Aan hulle word gewone ver-

lof sonder behoud van salaris toegestaan.

Pretoria, 7 September 1899 Die Direksie: J. van Kretschmar

Na die groot uittoog van Britse onderdane en na die mobilisasié het die personele- en goederevervoer in sover verminder dat op 'n groot deel van die spoorneet die nagverkeer gestaak kon word. Hierdeur kon veel personeel vir krygs- en bewakingsdiens afgestaan word. Die toestand aan die einde van 1899 blyk uit die onderstaande tabel:

Personnel op die NZASM-spoorweë in Transvaal	2 223
Personnel op die Natalspoorweg deur die ZAR beset	221
Personnel geleen aan die spoorweë van die Oranje-Vrystaat	27
Personnel geleen aan die Pietersburgspoortweg	4
Personnel van die NZASM op kommando of bewakingsdiens	576
Totaal blanke personeel	3 051

Die reeds genoemde bewakingsdiens staan onder die kommandant-generaal en is bekou as krygskappy. Weens die groot aantal Britsgesindes wat soos aangeneem mag word, nog altyd in die Republiek is, en weens die groot afstande in 'n yl bevolkte land, moes van die begin streng gewaak word teen kwaadwillige aanslae op brûe en ander punte van die spoorweg wat die veiligheid van treine sou kon benadeel en steurings in die verkeer veroorsaak. Daarom is by nagenoeg alle groter brûe en ander belangrike punte wagposte geplaas. Hulle is gedeeltelik burgers, gedeeltelik vrywilligers van die Hollanderkorps wat vir 'n deel uit personeel van die Spoorwegmaatskappy bestaan.

Aan die begin van die oorlog is enkele kere dinamietpatrone op die spoorweg gevind, maar hulle is altyd betyds ontdek. Origens is tot nou toe binne die grense van die Republiek geen ernstige aanslag geslaag of tot begin van uitvoering gebring nie.⁴⁾

(2) Mobilisasie

Vir 'n moderne Europeër spreek dit vanself dat die mobilisasié van 'n leér plaasvind volgens 'n plan wat in besonderhede vooraf vasgestel is, waarin die treinverkeer geheel bepaal is na gelang die behoefté van te vervoer troepemassa's en goedere, waarvan die aantal, plek en tyd bekend is. Vir die Afrikaner spreek dit beslis nie vanself nie. Inteendeel, hy hou nie daarvan om alles tot in detail vooruit te reël en vas te stel nie; hy reken liewer daarop om as die nood druk, 'n uitweg te vind, 'n plan te maak, soos hy dit noem. Tot nou toe het dit vrywel geluk, al het dit nie so glad en goed verloop as dit met meer voorbereiding kon geloop het nie. En waar dit te wense oorlaat, help die algemene goeie wil, die geduld en die vermoë om ontberings te dra oor die moeilikhede heen.

Tot voor enkele weke voor die oorlog het by die hoogste militêre outhoorn in die land nie die oortuiging bestaan dat voorbereiding met alle beskikbare middelle vir die ergste nodig

was nie. Die hoop dat dit nie nodig sou wees nie, het alles vertraag. Ondanks herhaalde pogings het dit die Maatskappy nie geluk om vantevore enige opgawes, hoe vaag ook al, te kry omtrent die aantal burgers, perde en waens wat van bepaalde stasies na bepaalde ander stasies sou vervoer moet word nie. Ook die totale aantal burgers wat na een van die grenspunte in die besonder of in totaal vervoer moes word, was volkome onbekend. Ons kon slegs vermoed dat indien die Britte ons nie voor sou wees nie deur 'n inval oor Laingsnek in Natal langs die Suidoosterlyn, die grootste aantal strydskragte na die Natalse grens vervoer sou moes word.

Vir die geval van 'n Britse inval - waarby hulle veral bevrees was vir die gepantserde treine wat van Britse sy so luidrugtig aangekondig is -, is slegs voorbereiding getref deur 'n paar konstruksies op die Suidoosterlyn gereed te maak om op die eerste bevel te laat spring of op te blaas, soos hulle hier sê.⁵⁾

By 'n totale gebrek aan opgawes van die stasies wat geskik vir die laai en los van perde en waens met die osse daarby moes wees, het min anders oorgebly as om te sorg dat op die stasies waar geen veelaigeriewe bestaan het nie, tydelike geriewe en laaibrûe, hoewel gebrekkig, gemaak is. Daar is 20 veelaibrûe bygemaak en ongeveer 20 tydelike vee- en koplaijeriewe⁶⁾ terwyl andere in haas gewysig en uitgebrei is. Verder is by verskeie stasies houtdwarslêers gedeponeer om indien nodig tydelike veelaigeriewe te maak.

Die algemene gewilligheid en die gewoonte van alle Afrikaners en hul swartes om met perde en osse te werk het ook hier in 'n groot mate die moeilikhede wat deur gebrekkige geriewe en onvolmaakte voorbereiding ontstaan het, opgelos. Ossewaens, kanonne en ammunisiewaens is by voorkeur gelaai deur 'n trein bestaande uit die nodige aantal plat trokke teen 'n koplading te plaas, die opening tussen die kopladingen⁶⁾ en die eerste trok asook die openinge tussen die platforms van die trokke te oorbrug met plankies waarvan die ente skuins gemaak is, vir die op- en afry. So kon elke kanon of ossewa met hulp van mense oor die hele nog leë gedeelte van die trein gevry word om op die voorste leë trok met blokke vasgesit te word. Daarna is die wiele met die gebruiklike osrieme vasgebind.

Weens die reeds vermelde totale gebrek aan syfers was dit onmoontlik om 'n diensreëling vir die militêre vervoer te ontwerp. Daar is besluit om voorlopig die gewone diensreëlings op die verskillende lyne onveranderd te handhaaf en indien nodig na goedgunne treine te laat loop wanneer behoefté aan vervoer sou ontstaan. Dit kon aan die begin ook moeilik anders omdat die gewone verkeer, ook met die buiteland, voor die uitbreek van die oorlog in stand gehou moes word.

In plaas van die grensstasie Volksrust waar 'n redelik groot spoorwegterrein is en waar voldoende geriewe vir die aflaai van waens en diere sou gewees het, het die militêre outo-

riteite geheel onverwags die daarvan voorafgaande stasie Zandspruit aangewys as versamelplek van die krygsmag wat vir die Natalse grens bestem was. Dié stasie het slegs een enkele uitwykspoor, een kort doodloopspoor en 'n klein opgehoogde losplek. Wel is hierin deur haastig gemaakte uitbreidings enigsins voorsien, maar die volledige ongeskiktheid van die stasie vir die rol wat dit plotseling moes speel, het onvermydelik vertragings veroorsaak, sodat die volle kapasiteit van die Suid-oosterspoorweg slegs op enkele dae bereik is. Dit was soos op 'n lyn met enkelspoor waarop stasieafstande van ruim 'n uur rytyd vōōrkom, beperk tot 11 treine in een rigting per etmaal. Tydens die vervoer is op die Suidoosterlyn twee tydelike passerstasies aangelê. Om die aflaai by nag te Zandspruit moontlik te maak is daar in die begin van Oktober (1899) 'n instalasie vir elektriese lig geplaas wat bestaan het uit twee maste met booglampe, gevoed deur 'n dinamo aangedryf deur 'n lokomobiël.

Toe die drukste kommandooverkeer omstreks 10 Oktober (1899) verby was, is veral met die oog op veiligheid die nagdiens op die Suidoosterlyn op 15 Oktober opgehef. By die verlenging van die vervoerafstand na die kommando's tot ver in Natal moes die nagdiens op die Suidoosterlyn weer ingevoer word om nie te veel tyd onderweg te verloor nie. In die deel van Natal wat deur die Boere beset was, is nooit nagdiens ingevoer nie en het treine amper uitsluitend in daglig gery.

Intussen kon ook op die ander lyne weens die amper volledige stilstand van die gewone verkeer die diens baie beperk word. Eers kon die nagdiens opgehef word op die lynvakke Springs-Krugersdorp - die Randtram - en Witbank-Komatipoort - die Oosterlyn met uitsondering van die westelike gedeelte. Volgens die laaste diensreëling van 4 Maart (1900) word op die hele Oosterlyn slegs bedags gery. Bowendien is met uitsondering van enkele personentreine tussen Pretoria en Johannesburg slegs met gemengde treine en goederetreinsnelheid gery. Deur hierdie beperkings van die treinverkeer het 'n aansienlike aantal personeel vry gekom om op die spoorweg in Natal geplaas te word of aan die Vrystaatse spoorweg geleen te word of om krygsdiens te verrig soos reeds vermeld is.

Die totale militêre vervoer na die grense is nie so groot soos 'n mens geneig sou wees om te verwag nie omdat slegs 'n gedeelte van die burgers die wapens opgeneem het. Uit verskillende distrikte het die kommando's te perd en met hul ossewaens na die aangewese versamelplekke getrek soos hulle vanouds gewoond was, selfs al sou die gebruik van die spoorweg tyd en vermoeienis vir mens en dier bespaar het. Tog was dit nie die eerste maal dat die Transvaler die geleentheid gehad het om in sy krygsbedrywe die hulp van die spoorweg te leer waardeer nie. Tydens die Jameson-inval en die Magato-veldtog is daarvan reeds ruim gebruik gemaak.

Die eerste militêre trein het op 28 September (1899) uit Pretoria na die Suidoosterlyn vertrek met 'n deel van die artillerie, bestaande uit 6 kanonne met voorwaens, 8 ammunisiewaens, 60 man en 105 perde.

Die volgende staatjie gee enkele syfers oor die oorlogsvervoer weer:

	Mense	Perde en Muile	Osse	Waens Kanonne en ammunisie- waens	Goederē in tonnemaat	Ammunisie in tonne- maat
Van 28 Sept. tot 10 Okt. (1899) alleen na Zandspruit	8369	5381	1907	398 8	1525	93
Van 28 Sept. tot 10 Okt. oor alle lyne totale mili- têre vervoer	9065	6256	1935	495 37	1778	383
Van 28 Sept. tot 24 Okt. (1899) totale militêre vervoer	13413	13271	3203	1707 53	3972	683

Na Oktober (1899) kon die hele kommandovervoer met baie ingeperkte diens maklik volgehou word. Afgesien van die gewone sendings van slagosse en ander lewensmiddele, perde en ammunisie het dit ook die talle burgers wat voortdurend met verlof huis toe gaan of vandaar terugkeer, omvat. Omdat hulle by die geleenthede hul perd en al hul goed saamneem, is hierdie verkeer nie sonder betekenis nie. Ook is die spoorweg gebruik by verskuiwings van hele kommando's uit Natal of van die wesgrens van die ZAR na die Vrystaat.

'n Gemiddelde kommandotrein met waens reisende, het om-trent 125 man met ongeveer eweveel perde, 3 ossewaens, 30 osse, een wa en 16 muile bevat. Daarvoor kan as tipiese samestelling van die trein beskou word: 4 rytuie eerste en tweede klas, 16 veetrokke, 4 plat trokke, 2 goederetrokke en een bagasietrok, saam 27 trokke. Wanneer daarby geen ossewaens is nie of wanneer hulle afsonderlik later gestuur word, kan 'n gemiddelde kommandotrein ongeveer 200 man met perde en bagasie vervoer. Dit bestaan dan uit 6 rytuie, 20 veetrokke en een bagasietrok, ewe-eens 27 (trokke) in totaal. Gewoonlik gaan met so 'n trein nog 'n tiental swartes saam as volgelinge of bediendes wat hier of daar 'n plek vind.

Met dubbele trekkrug styg die aantal trokke na 40 tot 50. Die trokkepark het bestaan uit ongeveer:

rytuie eerste klas	142
rytuie tweede klas	44
rytuie vir gekleurdes	49

baktrokke (koleetrokke)	2530
veetrokke	541
geslote goederetrokke	477
skameltrokke ⁷⁾	375
lang baktrokke	979
plat trokke	10

Van hierdie trokke was daar by die uitbreek van die oorlog ongeveer 194 in Natal as gevolg van die uitreis van persone en die verbreking van die verkeer met Natal en die Kaapkolonie. Daarvan is later 26 teruggevind in Natal. Ongeveer 222 was in die Kaapkolonie; die verlies hiervan is grotendeels vergoed deur die 252 Natal-voertuie wat op die besette deel van die Natallyn gevind is, en die Kaapse en Natalse voertuie wat by die begin van die oorlog op die NZASM-lyne was. Daar was egter nie genoeg veetrokke nie en ook onvoldoende plat trokke wat gebruik kon word vir die vervoer van kanonne en ossewaens.

Die transport van steenkool het baie verminder en hiervoor was nog slegs 'n klein deel van die baktrokke benodig. Daar was ook skameltrokke oor wat anders vir spoorstawe en lang hout gebruik kon word. Daar is 315 baktrokke deur die aanbring van tydelike hekwerk verander in veetrokke en 139 baktrokke en 223 skameltrokke is deur die wegneem van die skotte en die skamels in plat trokke verander.

(3) Werksaamhede in Natal

Toe die diplomatieke briefwisseling in die loop van September (1899) uiter gespanne word en die oortuiging veld wen dat Engeland oorlog wou en sou verklaar ongeag of die Republieke aan nog meer eise sou toegee of nie, kon verwag word dat Transvaal die inisiatief tot die aanval sou neem. Daardeur sou hy sekere voordele kon bereik solank as die Britse leër in Suid-Afrika nog swak was. So het dit ook gebeur, hoewel dié voordele deur gebrek aan aktiwiteit by Kimberley en Ladysmith met die prysgawe van hierdie dorpe weer grotendeels verlore gegaan het. Lank reeds is verwag dat die eerste aanval van Britse kant sou kom en dat die oorlog sou begin met 'n inval uit Natal oor Laingsnek in Transvaal. Die Regering van die Republiek wou nie deur sametrekking van (gewapende) burgers aan die grense aanstoot gee nie, sodat so 'n inval heel gemaklik sou gewees het. Daar is slegs enkele posisies bepaal waar hulle sou probeer om die vyand teen te hou en ook is die nodige maatreëls geneem om die spoorweg onbruikbaar te maak. Onder meer is 'n ysterbrug van 50 meter spanning so voorberei dat dit binne baie kort tyd na ontvangs van die bevel opgeblaas kon word.

Om tot die laaste oomblik vanuit 'n stasie te kan sein is toestelle in 'n ander as die gewone seinkamer geplaas, sodat nog uit 'n plotseling oorvalle stasie berig gestuur sou kon word. Ook is die nodige loodsekeringe aangebring om te voorkom dat die vyand deur sterkstroom ons telegraafstoestelle buite

werking sou stel. Maar al hierdie voorsorge is tot nou toe onnodig, want die loop van die gebeurtenisse was anders. Die Britte is verras deur die inisiatief van die Republieke, het hulle nie sterk genoeg gevoel nie en het in alleryl van die grense teruggetrek om hulle in Dundee en Ladysmith te konentreer. Die Boere het sonder teenstand te ontmoet Natal binnekentreer.

Die kommandant-generaal het op 14 Oktober (1899) beveel om die Natalse spoorweg te beman en ten behoeve van die militêre vervoer te eksploteer. Soos die Boerekommando's voortgetrek het, is die Natallyn geopen:

17 Oktober (1899)	tot Newcastle	62 kilometer
20 "	" Dannhauser	98 km
22 "	" Hattingsspruit	110 km
25 "	" Glencoe	122 km
27 "	" Dundeesylyn van	9 km
2 November (1899)	tot Elandslaagte	171 km
7 "	" Modderspruit	187 km

Voordat 'n nuwe gedeelte van die Natallyn geopen is, is natuurlik noukeurig ondersoek of dit bruikbaar was. Dit het geblyk dat die Britse spoorwegpersoneel heel oorhaastig teruggetrek het, dat van hul kant geen konstruksiewerke verniel was noggandere beskadigings toegebring was nie. Ook die tonnel onder Laingsnek was geheel onbeskadig. Op 'n paar plekke was die spoorlyn opgebreek maar dit kon spoedig herstel word. Ook was 'n enkele wissel in die hooflyn wegeneem en bowiedien het hulle alle telegraafstoestelle uit die stasies saamgeneem.

Die Boere self het die herstelploeg meer las besorg weens hul vrees om deur gepantserde treine oorval te word of om ander redes. Hulle het die telegraaflyn oor groot afstande verniel en die spoor hier en daar opgebreek en enkele brûe beskadig. Om die terugtog van generaal Yule uit Dundee te bemoeilik het die Ierse brigade 'n brugjie van 2 by 30 voet in die Dundeesylyn (kyk figure 1 en 2 op p. 418 en 419)⁸⁾ met 'n lading dinamiet op die middelpilaar opgeblaas. Die vernieling was nie baie afdoende nie en is gemaklik herstel. Dieselfde gebrekkige metode het beter geslaag by 'n dergelike brug oor 'n spruitjie by Waschbank (kyk figuur 3, p. 420),⁸⁾ maar ook hier was die herstel nie moeilik nie.

Tengevolge van die gebrekkige bewaking van die spoorweg in Natal het dit enkele Engelse in die nag van 8 op 9 Desember (1899) geluk om die groot brug oor die Waschbank(spruit) te beskadig. Hierdie brug bestaan uit twee spanne van 100 voet elk en is slegs deur 'n paar swartes bewaak wat op loop gegaan het. Die daders was egter te haastig sodat hulle slegs die laaste gedeelte van 'n borand by die middelpilaar met 'n lading dinamiet deurgeskiet het (kyk figure 4 en 5, p. 421 en 422).⁸⁾ Die onderrand het onbeskadig gebly en die brug het bly staan. Die wegeloop swartes het berig van die aanslag gebring sodat

die eersvolgende trein vertraag kon word totdat die herstel vol-tooi was. Dit het eenvoudig bestaan uit 'n pilaar van hout-dwarslēers onder die tweede knooppunt. 's Middags om 2 uur was die brug weer berydbaar. Ook die brug oor die Zondagsrivier is, terwyl die wag geslaap het, deur kwaadwilliges in die nag van 30 November (1899) lig beskadig.

Op 2 November (1899) is die stasie Elandslaagte geopen. Dit is bestem tot eindstasie van gereëld verkeer en opslag-plek van die kommissariaat, waarvoor 'n paar ekstra wissels en spore gele is.

Tot by die Hooflaer van die Boere by Modderspruit is in konvooie⁹ gery en op hierdie punt van die lyn, ongeveer 5 à 6 km van Ladysmith, is 'n tydelike stasie (kyk figuur 6, p.423)⁸ ingerig. 'n Ompadspoor en twee doodloopspore is gelē en 'n opgehoogde perron is van dwarslēers en planke gemaak. Later is daar nog 'n goedereloodsie opgerig wat van die stasie Ingagane in Natal weggenoem is.

Verskeie van die stasieterreine in Noord-Natal was deur die Britte met die oog op groot troepebewegings aansienlik uitgebrei en vir die ruiterij van lang, opgehoogde aflaiplekke voorsien, terwyl ook die watervoorsienings vergroot was - verbeteringe wat die eksplorasie ten behoeve van die vooruitgeskowe leër goed van pas gekom het. Die telegraaflyn is onmiddellik agter die voorttrekkende leër herstel. Bowendien is in die stasies tesaam 22 telegraftoestelle geplaas. Weens die eenvoudigheid van die installasie en die geringe aantal daarvoor benodigde elemente is die telegraaf in Natal ingerig met Amerikaanse gelykstroom.¹⁰

Toe in die laaste dae van November (1899) generaal Joubert van sy inval in Natal tot Estcourt en Wenen teruggekeer het na die noordoewer van die Tugela, is hierdie sterk natuurlike posisie deur die Boerekommando's beset. Die Tugelaspoorbrug by Colenso is verniel. Dit is in regstreekse opdrag van die militêre owerheid deur 'n opsigter van die Maatskappy gedoen. Hy het soos andere vroeër by die genie in Nederland gedien en was dus geen onkundige in die vernielingswerk nie. Die brug bestaan uit 5 ystervakwerkspanne van 100 voet op gemesselde pilare. In elk van die brûe (spanne) is op ongeveer die halwe lengte teen elk van die konstruksiedele, onder- en borande, lengtedraers ensovoorts 'n lading dinamiet bevestig, sodat daar in totaal 40 ladings was wat almal in een kabel met 'n elektriese ontsteker van Siemens en Halske verbind is. Die 40 ladings het op dieselfde oomblik ontploff, waardeur die brug heeltemal verwoes is. Daarna is ook een van die steenpilare nagenoeg met die grond gelykgemaak (kyk foto's p. 434, figure 7 en 8).⁸

Ons voeg hierby 'n skets van die brug by Norvalspont oor die Oranjerivier wat ook deur personeel van die NZASM opgeblaas is (kyk die afbeelding figuur 9, p. 435).⁸ Drie spanne is verniel deur die aanbring van ladings dinamiet in die onder- en borande en teen die lengtedraers. By die bakvormige onder- en bo-

rande is, soos die skets toon, die dinamiet geplaas tussen die yster en 'n houtblok van ongeveer 10 cm dikte. Dit was teen 'n plankie gespyker wat onderskeidelik bo of onder die rand bevestig is. So 'n lading het ongeveer 80 patronen van ongeveer 5 kg dinamiet bevat. In hierdie geval is suinig gewerk sodat vir die drie spanne slegs ongeveer 3½ kaste of 90 kg dinamiet gebruik is. Ook hier het die ontploffing van die verskillende ladings gelyktydig deur die elektriese ontsteker van Siemens plaasgevind. Aan die ysterpilaar was niks gedoen nie, dit het vanself omgeval.

Die wabrug, nie ver van die spoorbrug by Colenso, is nie verwoes nie. Dit is eers na die slag by Colenso (15 Desember 1899) deur die Britte stukkend geskiet.

By Nelthorpe op die Colenso-Ladysmith spoorlyn was vroeër tydens die omsingeling van Ladysmith nog 'n bruggie verniel.

Om die Tugelaposisie gemaklik te kan bereik, het die kommandant-generaal dit wenslik geag om 'n wabrug oor die Kliprivier op die pad van Elandslaagte na Colenso te bou. Hierdie brug is gelê langs die bestaande, baie slegte drift, is ongeveer 50 meter lank en is geheel gebou van planke van 3 by 9 duim en met staalkabels veranker om enigsins teen hoog water bestand te wees (kyk foto's figuur 10 en 11, p. 434.⁸)

Om 'n verbinding te hê tussen die posisies, wat die Boere nog ten suide van die Tugela gehad het, is deur die NZASM-personeel ook nog 'n bruggie oor die rivier gebou wat vir voetgangers, perde en desoods voertuie geskik was. Dit is agter die sogenaamde Boschkop of Monte Christo gebou. Daar is een-voudig balke in die vlak rivier gelê, van rots na rots met kabels veranker. Die brugdek is gevorm deur houtdwarsleërs wat uit die nabye spoorweg geneem is, en deur 'n spoorstaaf aan elke kant aanmekaar gehou is. Hierdie dwarsleërs is 2,20 meter lank en vorm dus 'n dek van voldoende breedte (kyk foto figuur 12, p. 436.⁸)

Nadat die Boere die posisie prysgegee het, het hulle die bruggie net soos die ponte wat in die nabijheid gebou is, in die nag van 19 op 20 Februarie (1900) verbrand.

Omdat die wapad so besonder sleg was, was die kommandant-generaal van mening dat die verbinding met die Tugelarivier-posisies nog verbeter kon word deur die stuk spoorweg van Nelthorpe langs stasie Pieters tot aan die Tugela naby die voetbrug in gebruik te neem. Daartoe is op 17 Desember (1899) bevel gegee. Hierdie stuk lyn was ongeveer 11 km lank en min beskadig. 'n Bruggie by Nelthorpe (kyk foto figuur 13, p. 436)⁸) moes slegs herstel word. Enkele Natalse oop goederetrokke het agtergeblewy wat voldoende vir die behoefté aan vervoer sou wees, maar daar was geen lokomotiewe nie. Hulle kon slegs van Modderspruit oor 'n baie slegte pad van ongeveer 20 km gebring word. Twee 19-ton lokomotiewe is in Johannesburg gedeeltelik gedemonteer. Op 'n sterk bestelwa soos vir die vervoer van stoomketels gebruik word, is die ketel gelaai en op 'n ander die onderstel en

so met wa en al op spoorwegtrotte gelaai. Die transport oor die wapad het baie moeite weens steiltes, modderdrifte en hoogwater veroorsaak (kyk foto figuur 14, p. 436).⁸⁾ Tog het hulle op 28 Desember (1899) by Pieters aangekom en was hulle op 30 Desember vir diens gereed. Dié gedeelte van die lyn is op 3 Januarie (1900) vir die verkeer geopen. Die lyntjie het natuurlik nie so veel diens gedoen nie, daar die lengte te gering was om die besparing aan transport oor 'n slegte pad te laat opweeg teen tweemaal aflaai en al die oponthoud en verliese daardeur veroorsaak. Toe in die laaste dae van Februarie (1900) die posisies by Colenso en Ladysmith prysgegee is, moes die twee lokomotiewe agtergelaat word nadat hulle deur die saamneem van die skerbeweging onbruikbaar gemaak was.^{10a)}

Op dieselfde wyse as wat bo beskryf is, is ook 'n lokomotief getransporteer van Modderspruit na Smith-crossing, 'n punt van die Ladysmith-Harrismithlyn, om op dié lyn, waar slegs een lokomotief agtergebly het, diens te doen. By die ontset van Ladysmith kon hierdie twee lokomotiewe betyds buite bereik van die Britte gebring word.

Die voor die hand liggende denkbeeld om 'n spoorwegverbinding om Ladysmith heen te maak, byvoorbeeld vanaf Modderspruit langs die Boereposisies tot Pieters, is ook geopper, toe geblyk het dat die beleg 'n saak van langer duur sou word, maar dit is laat vaar weens die groot afstand en die terreinmoeilikhede.

Generaal Buller het eindelik op 18 Februarie (1900) en die volgende dae geslaag om die belangrikste posisies aan die suidekant van die Tugela te verower en vandaar verder vorentoe te dring. Dit het, ook in verband met die teenspoede in die Vrystaat, geleid tot die beëindiging van die beleg van Ladysmith en die krygsraad het besluit om posisies op die Biggarsberge in te neem. Op 1 Maart het die laaste trein Modderspruit verlaat en is slegs 'n paar Natalse goederetrokke agtergelaat. Hulle het langs die spoor gestaan en diens gedoen as woonwaens vir die personeel. Die laaste trein was nouliks weg, toe val die eerste bomme op die stasieterrein.

Die terugtog van die spoorwegpersoneel en materieel tot by die stasie Glencoe het in volmaakte orde plaasgevind. Alle telegraafstoestelle is saamgeneem. Op die middag van 1 Maart (1900) en die volgende nag het die sogenaamde springtrein gevolg. Alle brûe, talle gemesselde duikers (culverts) en die opgaarbakke vir watervoorsiening is "opgeblaas" (kyk foto's figuur 15, p. 437 en 16, p. 438).⁸⁾ Hierdie bakke is ongeveer een meter hoog en gemaak van gietysterstukke van vaste model, sodat hulle gemaklik vergroot kon word, en het op gietysterpilare gestaan. Van hierdie pilare is enkeles opgeblaas, waardeur die opgaarbak in talle stukke uit mekaar geval het. Die opblaas van brûe het plaasgevind soos by die Colensobrug vermeld is. Geen suinige gebruik van springstof, waaraan geen gebrek was nie, was nodig nie en die resultaat was dus verseker.

Die diens in Natal is nou baie vereenvoudig. Hatting-spruit, 110 km van die grens, het eindstasie geword, terwyl in konvooi⁹⁾ gery is tot Glencoe, 122 km (van die grens). Die eksplotasie van die Natallyn is altans administratief uiters een-voudig, hoewel uit die aard van die saak baie onreëlmatic as gevolg van verskuiwings van kommando's wat slegs kort tevore beveel is om hulle geheim te hou, sodat dikwels veel van die personeel geëis is. Alle vervoer vind plaas op Goewernementsvervoerorders; daar is geen private vervoer nie, dus geen ontvangste en geen verantwoording nie. Daarteenoor word alle koste van personeel en materieel aan die Regering in rekening gebring.

Solank die voorraad gehou het, is gebruik gemaak van wat op die lyn agtergebley het, soos steenkool ens. So is byvoorbeeld die diensreëlings deur die Volksstemdrukkery wat in 'n spoortrok gemonteer was, gedruk op spyskaarte van die stasie-restourante (kyk figuur 17).⁸⁾ Die Natalse koolmyne lê almal ten noorde van die Tugela en het onbeskadig in die hande van die gefedereerde¹¹⁾ geval. Die myne het nie gewerk nie, sodat die steenkool wat nodig was vir die eksplotasie in Natal, van die Transvaalse koolmyne verkry is toe die aanwesige voorraad uitgeput was.

(4) Die werkswinkel

Ten slotte bly daar nog 'n deel van die NZASM se werksaamhede, wat nie minder as enige ander bedrywigheid bygedra het nie tot die betreklike sukses van die republikeinse wapens en tot die voortsetting van die oorlog, vir bespreking oor.

Een van die dinge waarvoor die Departement van oorlog van die ZAR nie gesorg het in die jare tussen die Jameson-inval en die oorlog nie, was 'narsenaal. Daar was wel kanonne, selfs van die beste, al is daar nie baie nie, en gewere en 'n groot hoeveelheid ammunisie vir beide. Maar daar is geen werkswinkel vir die vervaardiging van patronen, granate en in die algemeen wat hier onder bomme verstaan word - wat spoedig wenslik geblyk het -, ook geen werkswinkels vir herstel van kanonne, gewere en waens, vir die vervaardiging van en reparasie van tuie, saals en die talle ander dinge wat tot die onmisbare uitrusting van 'n leër behoort nie. Deur die sogenoemde kommandering, dit wil sê gedwonge verkoop aan die Regering, asook uit verlate opslagplekke en uit winkels wat nog oop was, is min of meer voorsien in die behoefte aan klere, leerwerk en talle ander dinge, terwyl later verskeie werkswinkels geïmproviseer is. Geweerpatrone is gemaak deur die Transvaalsche Maatschappij voor Ontploffbare Stoffen en deur die Gebroeders Delfos te Pretoria. Vir die vervaardiging van kanonammunisie is die werksaamhede verdeel tussen die twee genoemdes, 'n werkswinkel te Johannesburg¹²⁾ wat deur die Regering gekommandeer is onder beheer van verteenwoordigers van Creusot¹³⁾, en die Centrale Werkplaats van die spoorweg in Pretoria. Slegs die laasgenoemde was in staat om herstel van kanonne uit te voer.

Die Regering het veel gebruik gemaak van die beskikking wat hy kragtens die konsessie ook oor die werkswinkel van die NZASM as onderdeel van die spoorweg gehad het. Hoewel die onderhoudswerk aan die spoorwegmaterieel tot die nodigste beperk is, moes tog in die draaiery gereeld nagskofte gewerk word en daarvoor moes 'n volledige elektriese liginstallasie aangelê word. Onder die belangrikste werk wat in verband met die oorlog uitgevoer is, moet genoem word vier volledige ambulanstreine wat gerekondig moes word en elkeen bestaan het uit een hospitaalrytuig, 2 personerytuie, 5 bagasietrokke en 'n geslote goederetrek. Van die bagasietrokke was 3 sonder besondere inrigting, een voor-sien van kabinette, filters, watervat en petroleumtoestel en een bowendien van 'n kaggel.

Die hospitaalrytuie (kyk plaat figuur 18, p. 439)⁸⁾ is ge-montereer op bestaande onderstelle. Een daarvan bevat 32, die ander drie elk 20 beddens. Hierdie het staaldraadmatrasse gehad, behalwe 'n paar wat van 'n houtblad voorsien is vir gewondes wat die vering van die draadmatras nie kan verdra nie.

Van die werk wat vir die artillerie uitgevoer is en word, sal ek slegs die belangrikste noem. 'n 15½ cm Creusotkanon, bynaam Long Tom, is op Lombardkop voor Ladysmith in die begin van Desember (1899) tydens 'n nagtelike uitval deur die Britte beskadig. Dit is geheel herstel en het begin Januarie (1900) die werkswinkel verlaat. Op geringe afstand van die mond is die loop deur 'n dinamietlading swaar beskadig net soos die agterer daarvan, terwyl ook die sluitstuk ontbreek het. Die kanonloop is van voor en agter ingekort met totaal ongeveer 40 cm, die kamer is vorentoe verplaas, 'n nuwe spiraalgroef is gesny en 'n nuwe sluitstuk vervaardig. Die kanon het blykbaar niks aan noukeurigheid en nouliks aan draagwydte verloor nie (kyk figuur 19, p. 440).¹⁴⁾

'n Houwitser-Kruppkanon is eweneens voor Ladysmith beska-dig deur 'n lading dinamiet wat bo op die loop geplaas was en 'n duik in die siel veroorsaak het. Dit is herstel; die duik is verwyder en die spiraalgroef in die loop reggemaak.

In die plek van 'n dergelike Krupp-kanon wat te erg verniel was om te herstel, is 'n heeltemal nuwe Houwitser vervaardig, geheel volgens die voorbeeld van die vernielde. Staal wat aan dieselfde eise as die voorbeeld voldoen het, is in Johannesburg gevind in die vorm van 'n swaar masjien-as. Die kanon lewer nog goede diens.

Verder is talle herstelwerke aan groot en klein kanonne en Maxims verrig. Vir die 15½ cm Creusot-kanonne is drie voor-waens en platforms gemaak en vir verskeie kanonne is wiele her-stel en nuwe vervaardig.

Vir die Houwitser-projektiele is staalpunte gemaak met die bedoeling om teen pantserstreine gebruik te word. Maar verre weg die meeste werk vloei voort uit die giet en gedeeltelike afwerking van tyd- en skokbuise vir projektiele wat soos reeds

vermeld is, in samewerking met ander werkswinkels geskied.¹⁵⁾

(gepubliseer in "De Ingenieur", jaargang 15, nos. 28 en 29, 1900)

Verwysings.

- 1) "Kleurlingen" - In regstreekse verkeer met die Kaapkolonie word ook blankes in die kleurlingklas vervoer. (Noot van Th. Steinmetz - St.)
 - 2) Die gehele blanke personeel het aan die einde van 1898 uit 3051 persone bestaan. (St.)
 - 3) Die regerings van die Boererepublieke het in die algemeen slegs soldy betaal aan die professionele lede van die Staatsartillerie en die Staatspolisie en nie aan die burgers en buitelandse vrywilligers op kommando nie. (Noot van C. de Jong - C.d.J.)
 - 4) Daarna is ten minste een ernstige aanslag teen NZASM-spoorweë gepleeg. Die gebore Duitser Francis Christian Ludwig Steinacker het op eie initiatief met drie tot ses metgeselle heimlik uit Natal na die Oosterlyn getrek en in die nag van 17 Junie 1900 die spoorbrug by Malelane opgeblaas. Daardeur het 'n goederetrein ontspoor en is die lokmotiefbestuurder en sy stoker gedood. - Steinacker het 'n paar weke later die ongerekende vrywilligerkorps Steinacker's Horse gestig en vanuit Swaziland teen die republikeine opgetree. (C.d.J.)
 - 5) Engels: "to blow up" (St.)
 - 6) Volgens Van Dale, "Groot Woordenboek der Nederlandse Taal", deel 1, 1983 is "kopplading" 'n laaiplek op spoorwegterreine waarop die trokke aan die smal voor- en agterkant gelaai kan word. (C.d.J.)
 - 7) Skameltrok, Nederlands: schamelwagen: dit is volgens Van Dale, "Groot Woordenboek der Nederlandse Taal", 1983, deel 2, 'n wagon met schamel. Schamel is volgens die boek 'n draaibare draagbalk met style waartussen 'n uit lang voorwerpe bestaande lading kan lê. (C.d.J.)
 - 8) Om tegniese redes is dit onmoontlik om die talryke afbeeldings in Steinmetz se artikel by my vertaling te reproducere. (C.d.J.)
 - 9) Met konvooi is blykbaar gewapende geleide op die trein bedoel. (C.d.J.)
 - 10) Einde van die eerste aflewering van Steinmetz se verslag in "De Ingenieur" van 1900. (C.d.J.)
 - 10a) Kyk byvoegsel by die artikel van R. Searle, "The story of 'Roos'" in "Pretoriania" no. 91, NZASM-Herdenkings-uitgawe, April 1987, p. 41.
 - 11) Met "gefedereerde" bedoel Steinmetz hier die geallieerde Boererepublieke. (C.d.J.)
 - 12) Dit is die metaalbewerkingsfabriek van Thomas Begbie in Johannesburg wat op 24 April 1900 deur 'n ontploffing heeltemal verwoes is. (C.d.J.)

- 13) Die twee verteenwoordigers van die wapenfabriek Schneider & Co. te Le Creusot in Frankryk was L. Grünberg en Sam Léon. (C.d.J.)
- 14) Weens die inkorting van die Long Tom se loop as 'n soort besnydenis het die herstelde kanon die bynaam "die Jood" gekry. (C.d.J.)
- 15) Kyk oor die NZASM se werkswinkel in die oorlog 1899-1900 ook: C. de Jong, "Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boereoorlog 1899-1902", deel 2, Amsterdam 1984, p. 32-33 en 151. Die hoof van die werkswinkel was naamlik die Sweed, ingenieur Axel Christer Helmfrid Uggla, bygenaamd "die kanondokter". (C.d.J.)

Naskrif van C. de Jong


Ingenieur Th. Steinmetz was 'n broer van 'n bekende sosioloog in Nederland, prof. Dr. S.R. Steinmetz. Hy het oor sy ervarings in Suid-Afrika gepubliseer in 'n onderhoud wat opgeneem is in die "Algemeen Handelsblad, Ochtendblad" van 12 September 1931, onder die titel "De Z.A.S.M.", na aanleiding van die oorlyde van Ir. J.A. van Kretschmar van Veen. Hy het na sy vertrek uit Transvaal in 1900 veertien jaar by die Nederlandsch-Indische Spoorwegen in Oos-Indië gewerk en daarna na Nederland teruggekeer.




Theo Steinmetz, hoofingenieur van die NZASM en pionier van die Oosterlynkonstruksie.

Foto: Transvaalse Argiefbewaarplek te Pretoria

Twee afbeeldings uit Th. Steinmetz, "De NZASM in den Transvaalsch-Engelschen oorlog", in "De Ingenieur", jrg. 15 no. 29, jaar 1900, herdrukt in het gedenkboek "In memoriam NZASM", Amsterdam, 1909.



Die boonste spoorbrug toon die vernieling wat by 'n uitval uit Ladysmith aangerig is en wat deur personeel van die NZASM eenvoudig, maar doeltreffend herstel is. Die onderste foto toon die spoorbrug oor Waschbankspruit wat deur Boere tydens hul terugtoog van Ladysmith na Biggarsberg in Maart 1900 opgeblaas is.



HENDRIK STIEMENS, 1822-1894
 DIE LEWENSKETS VAN 'N VERDIENSTELIKE NEDERLANDER
 IN NATAL EN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK,
 1856-1879, 1882-1894 (II EN SLOT)¹⁾

deur Kol. Dr. J. Ploeger

(8) Van 1869-1879

Tot 1869 het Stiemens sy werkzaamhede voortgesit en in dié jaar eerste staatsklerk geword. Hy het die moeilike bestuurstydperk van President Burgers (1834-1881) as amptenaar meegemaak en gesien hoe hierdie Staatspresident sy uiterste bes gedoen het om tot heil van land en volk te regeer en te arbei. Shepstone het gekom en van alle Transvaalse amptenare wat hul betrekkingen wou bly beklee, is geëis om die eed van getrouheid aan die nuwe bewind af te lê.

Vir Stiemens was dit 'n moeilike oomblik maar met die oog op sy gesin en "vroegere wederwaardigheden", waарoor hy nie verder uitwei nie, het hy besluit om die eed af te lê.

Na die intog van Shepstone het Pretoria, aldus Stiemens, "eene stad geheel aan de pracht en vrolijkheid gewijd" geword.

Stiemens het tot 16 Oktober 1879 in diens van die nuwe regering gebly en daarna met 'n deel van sy gesin na Nederland vertrek. In "De Volksstem" van 21 Oktober van dieselfde jaar is o.m. opgemerk: "en alleen de verandering van bestuur bragt hem er toe zijn welverdiend pensioen aan te vragen".

Aan die slot van die manuskrip kom die volgende opmerking voor: "Na achterlating van 3 onzer kinderen die er zeer goede betrekkingen hebben, verlieten wij dit schoone land, welker bewoners nu nog in gedurige strijd zijn; maar als orde, rust en vrede terug keert, als de bewoners zich meer toeleggen op kunsten, wetenschappen en landbouw, als de menigvuldige steenkolen aldaar gebruikt worden om fabrieken te doen werken en als het schrille gefluit der locomotief door de bergen weerkaatst, dan zal dat land de voorraadschuur worden van geheel Zuid-Afrika en een der prachtigste paarlen in de Kroon der Statenrij van geheel de wereld".

Met hierdie aanhaling eindig die beskrywing van Stiemens wat, in sy handskrif, ruim 120 bladsye beslaan. Soos reeds vermeld, het Stiemens 'n rol in die woelinge gespeel wat in die sestigerjare die Transvalers verdeel gehou het. Hy was nie alleen 'n ooggetuie nie, maar ook 'n deelnemer aan die burgeroorlog en ¹ soos uit sy herinneringe opgemerk kan word - 'n verbiterde deelnemer.²⁾

Soos die skrywer opgemerk het, is Stiemens se mededelings oor die tydperk van 1869 tot 1879 beklop. Danksy die hulp van tans wyle Dr. C.P.J. Penning van Harderwijk (Nederland), is die skrywer in staat om uittreksels van briewe van Hendrik Stiemens aan sy seun Hendrik e.a. voor te lê.³⁾

'n Paar woorde in verband met die betekenis van die briewe en die kort aantekeninge wat aan die dagboek ontleen is, is ongetwyfeld hier vanpas.

- (a) As bronne van inligting aangaande H. Stiemens Sr. en sy gesin is die gegewens belangrik. Later geld dit ook met betrekking tot hul kinders in Johannesburg, Potchefstroom en Pretoria.
- (b) As bronne van inligting aangaande die opvattings, soos deur Hendrik Stiemens Sr. in verband met godsdienstige en staatkundige vraagstukke gehuldig, is die gegewens waardevol. O.i. is daardie deel wat lig op die tydperk voor die Eerste Anneksasie werp en die gebeurtenisse wat tydens die Anneksasie beroering in en buite die grense van Transvaal verwek het, belangrik. Stiemens se beskouings is persoonlik, bots in seker meer as een opsig met die opvattings van tydgenote, maar is van voldoende waarde om gelees en oordink te word. Vir doeleindes van vergelykende studie kan die briewe van Hendrik Stiemens Sr. vergelyk word met 'n aantal briewe wat ongeveer gelyktydig deur Dr. E.J.P. Jorissen en sy gade geskryf is.⁴⁾
- (c) Ten slotte is die ooggetuieverslag van die opkoms van Johannesburg, soos deur Hendrik Stiemens Sr. geskets, van geskiedkundige waarde.

Die redaksie van die volgende briewe en brokstukke is gelyk aan dié soos deur Dr. Penning verstrek. Hier en daar is (tussen hakies) woorde of dele van woorde deur die bewerker ingevoeg om die teks beter leesbaar te maak.

(1) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Pretoria, 4 November 1877.

"Hebben ruim goed huis en fraayen tuin ... Gij schrijft mij over den v... jood Lion Cachet,⁵⁾ gij moet van hem geen notitie nemen, het meeste wat hij in de nieuwsbladen brabbelt zijn leugens; dat Burgers de Republiek zou verkwanseld hebben is een verachtelijke leugen, maar het was voor hem onmogelijk die te behouden, doordien men geen belasting meer wilde opbrengen, de zoogenaamde Orthodoxen hem tegenwerkten en de alhier wonende Engelschen natuurlijk moeite deden om onder het Britsche gezag te staan. Dat Burgers de Republiek niet verkocht heeft blijkt uit een schrijven van hem gisteren ontvangen, waarin hij zeer neerslachtig is, niet wetende wat hij moet doen, daar hij geen penny meer bezit. Wel is waar geloof ik wanneer zijn plannen minder groots en wat zuiniger waren geweest, zoude het misschien beter gegaan zijn, doch te eeniger tijd zou de Republiek toch moeten bukken, want de Afrikaanders waren te veel onder elkander verdeeld en ieder wilde voor zich zelven gaarne regeeren.

Het gaat ons onder het nieuwe bestuur zeer goed. De gouverneur Shepstone⁶⁾ en gouvernem. secret. Osborn,⁷⁾ mijn superieuren, maken het mij zeer aangenaam en (ik) sta met hen op goeden voet, ofschoon ik £50.- minder salaris trek en geen buitenkansjes meer heb, dat vroeger nog al eenige voordeeltjes opleverde. Ik ben nog eerste klerk, maar omdat alle correspondentie in het Engelsch is heb ik maar weinig te doen, het is bijna een pensioen, met dien verstande, dat ik mij ten kantore moet vertoonen; er moge verandering komen wanneer de Commissie naar Europa is teruggekeerd en de bevelen van Lord Carnarvon

zijn aangekomen, toch geloof ik niet dat de verandering zeer te mijnen nadeele zal zijn."

Sy seun Frits is nog altyd derdeklerk en die heer Van Boeschoten⁸⁾ sal mōre met mej. Hendriks in die huwelik tree. Stiemens se twee dogters Henriette en Carolina Cornelia sal bruidsmeisies wees.

Onder dagtekening 11 November is aan bostaande skrywe toegevoeg dat Van Boeschoten en mej. Henderiks in die Wesleyaanse kerkgebou getroud is. Van B. se woning is nie ingerig vir 'n groot aantal feesgangers nie en bygevolg is die bruilof ten huise van Stiemens gevier. Daar was 'n vyftigtal jongmense wat tot "in den vroegen morgen" gedans het. Die fees het op 'n aangename wyse verloop.

(2) Johannes Stiemens/Hendrik Stiemens Jr. De Steeg,⁹⁾ 29 Junie 1878.

In hierdie brief deel die skrywer ('n seun van Hendrik Stiemens Senior) aan sy ouer broer te Aalten mee dat die voormalige Superintendent van Onderwys tydens Staatspresident Burgers se bewind, W.J. van Gorkom,¹⁰⁾ hom eergister met 'n besoek vereer het. Van Gorkom het 'n paar weke vantevore uit Transvaal in Nederland teruggekeer. Van Gorkom het groete van die Stiemensgesin te Pretoria oorgebring "en sprak met veel roem over vader, moeder en de kinderen. Het was een achtenswaardige fam (ilie), die door elkeen bemind was. Vader was nog steeds le Staatsklérk, doch aangezien hij de Eng. taal niet magtig is, alleen in naam. Zyne werkkring was nu ongeveer die van archivaris en was met één uur bureautijd afgelopen; de overige tijd was vader steeds a (an) h (et) knutselen in den prachtige tuin die aan zijn woning grenst."

Volgens Van Gorkom was Stiemens selde of nooit uithuisig. Hy kon homself goed in sy huislike kring vermaak. Dikwels is partytjies ten huise van Stiemens gehou, nie omdat hy hulle gegee het nie, maar omrede daar 'n groot saal in die huis was.

Die vernaamste inwoners van Pretoria gaan met die gesin om, aldus Johannes Stiemens se segsman.

(3) H. Stiemens/H. Stiemens Jr. Pretoria, 26 Augustus 1878.

"De Volksstem wordt iedere week verzonden, kunt U oordeelen over de politiek des lands, ofschoon vooral in den laatsten tijd ik niet in allen deele met hare gevoelens kan overeenstemmen, als hebbende daarin personaliteit den boventoon. De toestand van ons land is zoo kritiek zooals het nimmer in de 'inherente zwakhed' geweest is. Van alle omringende Kafferstammen, en die zijn velen, zijn de berigten maar opstandig; de Eng. regeering zendt wel hare troepen, maar de Kaffers spotten met de Rooi Baatjes en de boeren zijn tot dusver over het algemeen onwillig de handen uit de mouw te steken. Wilden de burgers medewerken, wel spoedig zou de hoogmoed der Kaffers gefnuikt worden.

Op morgen vertrekt het 13e regiment n (aar) h (et) toneel des oorlogs en wordt vervangen door het 80e Regim. Onderscheiden regimenten zijn komende, moge het tot iets goeds leiden."¹¹⁾

Verder was Stiemens van oordeel: "Wij zijn nu eenmaal onder Britsche bestuur en wat John Bull heeft laat hij niet weder los."

Op daardie tydstip was Stiemens tevrede met die bestaande toestand, "want kreeg de Republ. haar vrijheid terug, dan zou ik ellende tegemoet zien."

In verband met die verkiesing van die latere Staatspresident S.J.P. Kruger as lid van die Boeredeputasie het Stiemens geskryf dat die oorsaak daarvan was "dat zijne fanatieke vrienden, die velen zijn, niets zouden (hebben?) bijgedragen tot den overtocht."¹²⁾

Hy het verder geskryf:

"Betreffende mijne vooruitzichten is het nog bij het oude en geloof (ik) nog aan geen pensioen; ik trek mijn salaris en behoeft daar betrekkelijk weinig voor te doen. De Heer Begemann heeft f.1200.- 's jaars gekregen omdat men hem wilde kwijt wezen."¹³⁾

Nog niet openbaar is dat ex-president Burgers een pensioen van f.6000 kreeg. O tempore O mores; hij gaan nu boeren met struisvogels."¹⁴⁾

Stiemens het, in dieselfde skrywe, melding gemaak van die moontlikheid dat Van Gorkom dalk 'n besoek aan Hendrik Stiemens Jr. sou bring en die volgende oordeel oor die besoeker uitgespreek: "'t is een gulle kerel, zijn hart ligt op de tong en (hij) vertelt soms meer als hij verantwoorden kan; evenwel missen wij veel aan hem, doordien hij veel aan ons huis kwam".

Die brief eindig met die volgende opmerking: "Wij leven hier in Pretoria alsof geen oorlogen of geruchten van oorlogen bestaan, concerten, bals, wedrennen etc. staan hier nooit stil, uw broer en zusters voldoen nogal aan dé invitatiën, doch ons begint het te vervelen."

Op 'n ongedateerde byvoegsel is nog aangeteken: "De deputatie¹⁵⁾ vertrekt heden met dezen post. De tegenstand der boeren vermindert niet. De oorlog met Secucunie wordt dreigend en wordt met ijver voortgezet. Adieu. Wanneer de deputatie in uw weg komt spreek met hen, zij waren bij mij gelogeerd."

(4) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Pretoria, 1 Junie 1879.

Stiemens het die volgende skrywe ter hand gestel aan "eenige kennissen" van hom wat die daaropvolgende week na Europa sou vertrek. Hulle was die here De Vries, Verdoorn en Brodrick.¹⁶⁾

Na hierdie mededeling volg dan die volgende beskouings: "Met den oorlog tegen Zulu's en Sekoekoeni ziet het er maar ellendig uit, wanneer er geen krachtdadiger middelen door Engeland worden genomen kan het nog lang duren. De Engelschen hebben geen de minste kennis om met die woeste horden te strijden en daarom worden van tijd tot tijd zulke (aan)merkelijke verliezen geleden. Men had eerst de Zulu's moeten beoorlogen en dan de Republiek annexeer, dan had men op de hulp der Afrikaanders kunnen rekenen, want de Zulu's hebben allen vrees voor de boeren, ofschoon het niet meer dezelfde boeren zijn als voorheen, het jongere geslacht bevat veel geschreeuw en weinig wol, vaderlands liefde is bij hen onbekend, alleen zullen zij opgaan ten strijde wanneer er persoonl (ijk) voordeel te behalen is en

zelfs in dat geval werken zij niet eendragtig; iedere familie wil een lid van hen a (an) h (et) hoofd hebben.

Er is zelfs geen sprake meer van om de Republiek met kracht terug te eischen en velen der nog oude patriotten hebben besloten hunne woonsteden te verkoopen om naar Delagoa Baai te vertrekken en op Portugeesch grondgebied te gaan wonen.

De Portugees heeft den boeren reeds eenigen grond op vrij gemakkelijke voorwaarden toegestaan. Doordien de boeren onwillig zijn hun land te bewerken stijgen de prijzen der noodzakelijke levensbehoeften zoodanig, dat nimmer gehoorde prijzen besteed moeten worden.

Ieder huisgezin lijdt er onder, f.300.-¹⁷⁾ 's maands is niet meer genoegzaam om een huisgezin als het onze te onderhouden, zoodat wij al een geruimen tijd meer geld bij het trachtelement moeten bijleggen. Zooals het nu is kan het niet blijven bestaan en de uitkomst is nog niet in het verschiet, maar wordt van dag tot dag erger.

Van terzijde heb ik vernomen dat spoedig aan mij pensioen zal verleend werden, maar hoeveel is nog onbekend. Wij zijn aangeraden naar Holland te gaan, maar (ik) wil nog niet tot een besluit komen voor en alear ik weet om daarvan in Nederland fatsoenlijk burgerlijk te leven."

En terwyl Stiemens Sr. met 'n gevoel van onsekerheid oor sy toekoms aan sy seun in Nederland geskryf het, was Frits¹⁸⁾ en Willem, sy seuns in Pretoria, met 'n sestigtal lede van die plaaslike vrywilligerskorps besig om 'n piekniek te hou en hul kragte in verband met skyfskiet te meet. Willem, wat in die plaaslike poskantoor gewerk het, is deur 'n seun van 'n Engelsgesinde vervang.

Van Boeschoten en sy eggenote het 'n groot verlies gely deur die afsterwe van hul dogtertjie.

Met die mededeling "Onze nieuwe excellentie¹⁹⁾ is een zeer bekwaam man, deze week zijn wij verzocht bij hem te dineeren", sluit Stiemens hierdie brief af.

(9) Na Nederland en die verblyf aldaar (1879-1882).

Stiemens se loopbaan in ons land kan, na sy aankoms in Natal (1857), in die volgende typerke afgebaken word:

- 1) Verblyf in Natal (1857-1859). Stiemens het o.m. met T.C. Colenbrander op Pinetown in aanraking gekom en onderwys op verskillende plase gegee. Oor hierdie tydperk het Stiemens heelwat wetenswaardighede verstrek wat in die reeds genoemde artikel in "De Gids" gepubliseer is.
- 2) Verblyf in Transvaal (1859-1879). Stiemens tree op as eerste goewermentsonderwyser van Pretoria, bemoei hom met die binnelandse wrywings wat tot die burgeroorlog van die vroeë sestigerjare geleid het en word verban. Hy kom terug, hervat sy werkzaamhede in Pretoria en tree in 1869 as onderwyser af. Hy beklee daarna administratiewe poste, is in Mei 1875 waarnemende Staatssekretaris tydens die Burgersbewind, bly ook na die anneksasie in overheidsdiens en tree in 1879 af. Hy ontvang 'n pensioen van die Britse adminis-

trasie in Transvaal en verlof om hom te gaan vestig waar hy wil.

In "De Volksstem" van 21 Oktober 1879 is verklaar dat Stiemens se pensioen onvoldoende was om "hier in die behoeftens van zijn gezin te voorzien en hij daaroor genoodzaakt is te repatrieer". 'n Paar dae voordat hierdie berig in "De Volksstem" verskyn het, het Stiemens, sy eggeneote en die drie jongste kinders (Anna, Henriette, Carolina C.) oor Potchefstroom na Natal vertrek en vermoedelik op 2 Desember 1879 te Durban aan boord van die Britse posboot gegaan. Op 31 Desember van dieselfde jaar was die reisigers in Rotterdam (Nederland) en op Nuwejaarsdag 1880 het hulle op Aalten (prov. Gelderland) aangekom. Daar het Stiemens Sr., sy gade en die drie kinders hul intrek in 'n woning aldaar geneem wat die oudste seun vir die tydperk van 'n jaar vir sy vader gehuur het. Die weersien tussen die vader en sy oudste seun was hartelik, maar die verhouding tussen Hendrik Stiemens Jr. en sy stiefmoeder het, soos dit o.m. uit mededelings in die briefwisseling blyk, veel te wense oorgelaat.

Uit dié tydperk dateer die volgende brieue:

- (5) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Durban, 24 November 1879,

Die skrywer berig aan sy seun dat hy en die syne die reis van Pretoria na Durban sonder ongelukke voltooi het. Hulle sal op 2 Desember aan boord van die posboot gaan en sal na aankoms in Rotterdam 'n telegram of 'n brief stuur.

- (6) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Rotterdam, 31 Desember 1879.
Telegram.

Telegram nr. 59. Rotterdam, 31 Desember 1879, 10.45 voor-middag. Aalten, 11.43 voormiddag. Teks: H. Stiemens Aalten. Morgenochtend vertrekken wij met de Rijnspoor n(aar) Winterswijk. H. St."20) Aantekening by die teks "1 Jan (uari) 1880 hebben Lona²¹⁾ en ik de fam(ilie) per rijtuig van Station Winterswijk gehaald."

- (7) Frits (?) Stiemens/H. Stiemens Jr. Pretoria, 28 Oktober 1880.

"Ik kan me goed begrijpen hoe de ontmoeting van vader en zoon moet geweest zijn als men elkaar in zoo 'n geruimen tijd (25 j.) niet gezien heeft en nu zie ik dat ze U alweer verlaten, beter dan kunnen de zusjes goed leeren, vooral Engels, want hier wordt nu bijna niets anders gesproken, op kantoor correspondentie alles in die taal. Boeschoten heeft 2 m (aanden) verlenging van verlof gekregen en zal dus niet voor eind Jan(uari) terug zijn ..."

Aantekening in potloodskrif in die handskrif van H. Stiemens Jr.: "Dit Engelsch leren (deur kinders van Stiemens Sr.) te Genemuiden²²⁾ is een smoesje, een rede om uit Aalten te geraken op verlangen van Ma."

- (8) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 4 Februarie 1881.

Mededelings in verband met kiste wat soek geraak het by die

spoorweë. Gisteraand 'n besoek aan dr. Langeveld gebring. "De menschen verzoeken om lezingen over Transvaal." Vra sy seun om 'n verhuisbewys.

In verband met die lesings oor Transvaal, wat deur Stiemens voor sy vertrek van Aalten na Genemuiden gehou is, het die volgende berig op 11 Januarie 1881 in die "Zutphensche Courant" verskyn. Die verslag is van 10 Januarie 1881 en lui soos volg:

"Met een wensch bij de intrede des jaars werden Vrijdag-avond de leden der Leesvereeniging en hunne dames in de vergadering door den Voorz (itter) welkom geheeten, waarna de oude heer Stiemens werd uitgenoodigd zijne lezing van 10 December te vervolgen.

Even onderhoudend en boeiend als vroeger verhaalde de spreker ons veel merkwaardigs uit die jaren van zijn leven, door hem in staatsbetrekking te Pretoria, de hoofdstad der Transvaal, doorgebracht.

Daar zijne lotgevallen zoo nauw samenhangen met de gebeurtenissen die gedurende de laatste twintig jaren ook vooral door ons volk met belangstelling werden gevolg, kon de heer Stiemens uit den rijken schat zijner herinnering ons veel vertellen om te worden gehoord en onthouden.

Zoowel het voor een groot deel avontuurlijke zijner ontmoetingen als de gezellige wijze waarop hij teruggeeft wat hij zag en ondervond, waren oorzaak dat zijn hoorders zijne voordracht, zoowel vóór als na de pauze met de grootste belangstelling volgden.

Een hartelijk woord van welverdiende dank, zoowel voor deze als voor de vroegere lezingen, werd den geachten spreker door den Voorzitter toegebracht, die het betreurt ook voor onze Leesvereeniging dat de heer Stiemens zoo spoedig deze gemeente zal verlaten en hem nog een aantal rustige levensjaren na een zoo veelbewogen leven toewenschte. Gaarne vereenigen wij ons daarmee en roepen ook door dezen den ouden heer Stiemens een hartelijk vaarwel toe."

Volgens Hendrik Stiemens Jr. se mening was dit slegs 'n voorwendsel om van Aalten weg te kom dat mev. Stiemens daarop aangedring het om na die dorpie Genemuiden te verhuis. Daar kon, volgens haar opvatting, die drie meisies beter onderrig in die Engelse taal ontvang as in Aalten die geval was.

Op 1 Februarie 1881 het Stiemens Sr. en die syne uit Aalten vertrek. Volgens 'n opgawe ontleen aan die bevolkingsregister van Genemuiden het die vestiging aldaar op 16 Maart plaasgevind. H. Stiemens Sr. is in die register ingeskryf in sy hoedanigheid as "Gepens. Staatsklerk Transvaal". Die burgemeester van Genemuiden het in 'n brief aan die skrywer meegedeel:

"Deze personen zijn op 20 April 1882 vertrokken naar Transvaal Z.Afrika. Voor zoover na te gaan, was de woning gelegen aan de weg naar het veer, een ouderwets huis, thans bewoond door notaris Mr. J.J. Hespers, vroeger door burgemeester Tjalma. In dat huis woonde indié dagen:

Johanna Agatha Bakker geb. 22 Februarie 1838 te Alkmaar, zonder beroep, 22 April 1880 gekomen van Ravenstein en 26 April 1881 vertrokken naar Wijk bij Duurstede.

Lodewijk Adolph van de Burgh geb. 17 November 1838 te Groningen.

Theodor Sophie van de Burgh geb. 18 November 1872 te Dordrecht.

Wilhelmina Adriana van de Burgh geb. 7 November 1874 te Dordrecht.

Deze vier personen zijn gelijk gekomen en gelijk vertrokken uit Genemuiden naar dezelfde woonplaats. De naam mev. Koning-Bakker kwam niet in het register voor."

Die volgende brieue (of fragmente) dateer uit dié tydperk:

- (9) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 21 Februarie 1881.

Van plan om te onderhandel met iemand wat die Engelse taal magtig is om les te gee. Stiemens het met 'n paar vooraanstaandes van Genemuiden in aanraking gekom soos die plaaslike notaris (Jonkers), dr. Langeveld en ander.

"Over 't algemeen (zijn de) bewoners streng orthodox, en als in (de meeste) kleine plaatsen erg nieuwsgierig uitgevallen."

Die boonste verdieping van die woonhuis word deur 'n vriendelike, deeglike dame, mev. Koning-Bakker, bewoon. By haar woon 'n wewenaar met twee kinders, 'n oud-kaptein van die pontonniers. Sy van is Van der Burg.

Stiemens verlang na brieue en koerante uit Transvaal, hoop dat dit spoedig vrede mag wees. Op Genemuiden is die lewenskoste soos op Aalten, drie keer per dag vaar 'n stoomboot na Zwolle. Op Genemuiden is mattemakerye en word vissery beoefen. Een van die kiste is nog nie gevind nie. "Menigmaal spreken wij nog over de aangename dagen bij U doorgebracht en hopen op spoedig wederzien."

- (10) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 12 Maart 1881.

Een kis is nog nie tereg nie. Indien die reiskoste nie te kosbaar sou wees nie dan sou H.S. persoonlik 'n ondersoek gaan instel. Frank²³⁾ en Adriana het geskryf en 'n koerant gestuur. Hulle het in twee maande niks van Frits en Willem verneem nie, aangesien Pretoria deur die Boere ingesluit is.

"In Potchefstroom heeft het niet mals toegegaan. Beide partijen verlangen n(aar) vrede en er is veel kans (dat) de boeren veel voordeelen zullen behalen, maar wat helpt het: de Engelschen hebben Delagoabaai v. d. Portugeezen gekochtf, zoodat Transv (aal) en Or (anje) Vr (ij) Staat geheel door Eng. (elsche) bezittingen omringd, en uit- en invoer onder Britsche macht, dus zullen de boeren na de overwinning feitelijk verliezen. - Geen berichten van Frits, geen wissels, verzoek den notaris te wachten tot ik mijn pensioen krijg."

- (11) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 11 April 1881.

"Genemuiden begint ons meer te bevallen, dit neemt niet weg, dat wij op den duur alhier onze tabernakelen niet zullen bouwen. Voor eenigen tijd hebben de Hr. en Mev. Bergsma²⁴⁾ met jongste dochertje een paar dagen te logeerden gehad, veel over Transv,

(aal) gepraat. Zoo lang hun moeder leeft hebben zij geen plan terug te gaan; zij zijn rijk, gaven fraaye cadeaux. Anna ontving gisteren nog een keurige naaimachine ..."

"Verleden week ontvingen wij brieven van Frank en Adriana d.d. 16/2, het zag er toen te Potchefstroom maar ellendig uit."

(12) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 8 Junie 1881.

In Genemuiden is nou meer vertier. Die verlore gewaande kis het deur bemiddeling van neef Hendriks, oor Groningen aangekom. Die briefwisseling met Transvaal is herstel.

"Frits en Willem hebben een belegering (van Pretoria) van 100 dagen te verduren gehad door de boeren en hebben nog al eenige uitvallen moeten mede maken en dat nog wel tegen vele vrienden, die onder de boeren waren. Ze zijn er gelukkig afgekomen, ofschoon er wederzijds velen gesneuveld en gewond zijn geworden, ook van onze bekenden. Frits was aangesteld als luitenant der Artillerie en had als zoodanig het commando over een batterij en Willem was bij de Cavalerie en kregen boven hun gewoon salaris nog kost en tractement, Frits f6.- Willem f3.-dgs., dus geen nadeel. De eenige schade, die zij leden is dat terwijl zij in het fort waren hun huis is opengebroken en 3 horloges, viool enz. hebben geplunderd: Frits is bevorderd tot Eerste Staatsklerk en Willem ook een rang hoger. V. Boeschoten is weer in Transv (aal) gearriveerd. Den notaris verleden week f.76 per post (wissel) gezonden. Het salaris bleef wel wat lang weg, doch wij hebben ons er nog door kunnen scharrelen." Anna is deur die familie Bergsma uitgenooi om die aanstaande feeste in Utrecht te kom bywoon.

(13) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 11 Junie 1881.

Briewe uit Pretoria en Potchefstroom ontvang. "Zijn daar niet zoo gerust met den vrede als de couranten ons diets maken. De Engelschen zijn ijverig bezig om te Pretoria weder 2 forten te bouwen op bergtoppen om de stad te beschermen. Pretoria en Potchefstroom worden ook reeds door vele familiën verlaten."

St. spreek die hoop uit dat die beste mag geskied. Vanweë die groot reisuitgawes kan hulle nie op Aalten kom kuier nie en geen kuiergaste ontvang nie. Hulle besit weinig meubels, slaap op "kermisbedden". Toe die Bergsma's kom kuier het, het hulle by ander mense geslaap.

(14) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 28 Julie 1881.

Die familie Skinner kom vandag na ons toe. Uit Transvaal "berichten dat ik door de boeren zal worden opgeroepen naar Afrika terug te keeren, w(aar) sch(ijnlijk) niet zeer spoedig." Carolina het maseis, is byna weer herstel.

(15) Anna Stiemens/H. Stiemens Jr. Genemuiden, 25 Augustus 1881.

"Pa heeft een brief v (an) h (et) Eng (elsche) gouvernem- (ent) ontvangen waarbij zij Pa aanbieden om zijn pensioen indien hij zulks verlangt te koopen tegen 5 jaar dus £750. Indien Pa het niet aanneemt blijft het Eng. gouvernment zijn pensioen be-talen. Pa weet nog niet wat hij zal doen. Ook heeft Pa een

brief van een Joubert ontvangen, die lid v.(an) d.(e) uitvoerende raad is, hij verlangt dat Pa terug zal komen om weer met hem op het kantoor werkzaam te zijn. Frits is secretaris v.(an) d.(en) beroemden generaal Joubert geworden en (heeft) niet veel te doen, zoodat hij met privaat werk jaarl.(ijks) wel £400.- kan maken. Willem is 2e klerk geworden met een salaris v.(an) £150."

- (16) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 15 November 1881.

"Ben alhier bezig mijn ontmoetingen in Africa voor te dragen en daar men gaarne het eind wil vernemen hebben ze mij dringend verzocht nog een paar lezingen over hetzelfde onderwerp te houden.

Onze reis naar Afrika is reeds vasgesteld, zoodra het weer gunstiger wordt, w(aar) sch(ijnlijk) April of Mei. Van het Driemanschap ontvang ik tijding (dat) zij mij gaarne terug wilde hebben; ik heb hen geschreven (dat) zij dan een baantje voor mij moesten open houden, waaraan zij zonder twijfel ook wel gevolg zullen geven."

- (17) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 13 Desember 1881.

Wag op brieven uit Afrika. "Wij zijn wel overtuigd, dat men mij een goede betrekking aldaar wil geven en dit is ons door het Driemanschap ook alreeds aangeboden, doch daar wij gaarne willen weten welk baantje, en ook daar ik geschreven heb om Secretaris bij den Comt. Genl. en Superintendent over de Kafferstammen P. Joubert met verhoging v (an) salaris en niet veel te doen. Mijne lezingen worden druk bezocht en ben van plan nog eens op te treden."

- (18) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 3 Februarie 1882.

"De brieven uit Africa blijven meer dan gewoon achterwege." Skrywe van die familie Bergsma ontvang. Frits het van sy perd afgeval en sy hand beseer. Daarna het hy tifus gekry. Hy losseer by Frank en Adriana.

"De dood van Burgers op 48 j (arige) leeftijd heeft veel sensatie verwekt na zijn dood zal hem zooals gewoonl (ijk) de eer gegeven worden.²⁵⁾

- (19) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 3 Februarie 1882.

"Gisteren brieven uit Afrika ontvangen. Frits weder geheel hersteld. Mijn aanstelling als Secretaris v. d. Volksraad ligt voor mij ter goedkeuring met een salaris van £300 's jaars. Ons werd door Joubert medegedeeld haastig te komen. Plan einde dezer of begin volgende maand de reis aan te nemen. Zullen U voor een dag bezoeken..." Die laaste kind van Van Boeschoten is "verleeden Kerstmis" ook oorlede.

(20) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 6 Maart 1882.

"Wachten op tijding uit Pretoria omtrent geldelijke zaken. Verleden week bericht dat het geld niet meer in Transvaal maar wel in Londen werd uitbetaald, nu veel formaliteiten. Morgen moet ik mij naar Groningen²⁶⁾ begeven bij den Engelschen Consul aldaar om mijn identiteit te bewijzen, waarna de documenten naar Engeland worden opgezonden. Wij zijn reeds klaar voor de reis en de meeste goederen zijn reeds gepakt en zoo spoedig mogelijk na ontvangst van bericht uit Engeland zullen wij gaarne van Uwe invitatie gebruik maken om U te bezoeken. doch niet langer dan 2 dagen om dan afscheid te nemen. Uit de Transvaalkrijgen wij voortdurend gunstige berichten zoowel van onze kinderen als v (an) d. (e) tegenw (oordige) regeering, die reeds hard verlangen dat wij komen. Het schijnt dat dat land eene schoone toekomst tegemoet gaat en men is in Nederland reeds druk bezig een stoomvaartmaatschappij of -verbinding daar te stellen ten einde het emigreeren gemakkelijk te maken."²⁷⁾

Onderskrif in potloodskrif: "Van een afscheidbezoek aan ons is niets gekomen, helaas! Waarom niet?" (Handskrif H. Stiemens Jr.)

(21) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 23 Maart 1882.

Bedank vir die gelukwense in verband met sy verjaarsdag.

"Zaak v (an) h (et) geld is in orde, maar tot overmaat van ramp moet ik dit persoonlijk in Londen ontvangen en daar het mijn kas niet toelaat om vooraf reisjes te maken zijn wij tot onze bittere teleurstelling genoodzaakt de reis na(ar) Aalten te laten varen.

Morgen, Vrijdag, vertrekken wij met de boot n (aar) Rotterdam, daar w(aar) sch(ijnlijk) een dag en dan n (aar) Londen. Van daar zullen wij schrijven met welke boot en het beloofde present zenden."

Twee redes het Stiemens laat besluit om in 1882 weer met sy gesin na Transvaal terug te keer. Die ongerekende toesending van sy pensioengeld uit Pretoria het hom dikwels min of meer in geldnood laat verkeer. Later was hy verplig om sy pensioengeld in Londen te gaan haal en vermoedelik het hy aldaar 'n afkoopsom in ontvangs geneem. Verder het die verblyf op Genemuiden hom nie bevredig nie; ongetwyfeld was hy dus bly toe (na skriftelike onderhandelings met die Driemanskap) aan hom 'n vaste pos in Transvaalse diens aangebied is.

(22) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Rotterdam 1 April 1882.

Reeds 'n paar dae in Rotterdam, verwag Maandag na Londen te vertrek. Bespreek op die 'Drummond Castle' wat waarskynlik op 11 April van Londen afvaar. Stuur geskenk "voor de vele liefde en vriendschap". Druk sy spyt uit oor die feit dat hulle mekaar nog nie weer 'n slag kan omhels nie. "Adieu, Gods zegen zij U steeds nabij..."

(10) Die terugreis na Suid-Afrika. Pokkies (1882).

Stiemens het die volgende besonderhede oor die terugreis na

Suid-Afrika verstrek in 'n brief wat hy op 17.5.1882 op Saldanhabaai geskryf het:

"Van Rotterdam n (aar) Londen met de stoomboot 'Holland'. Te Londen 3 dagen vertoeufd, de drukte en pracht aldaar zijn onbeschrijfelijk. Den 12 April vertrokken wij van Londen met ruim 300 medepassagiers, waaronder ook bekenden, de zwager en zusters v (an) v. Boeschoten. In Dartmouth 1 dag en nacht om proviand in te nemen. Hooge zee, groote zeeziekte vooral bij Ma en de meisjes. In Madeira veranderde het, daarna voorspoedig, algem. (eene) tevredenheid aan boord. Behandeling, eten en drinken voortreffelijk. Wij zouden een aangename reis hebben gehad, indien zich niet bij één der passagiers de pokken hadden voorgegaan, w(aar) sch(ijnlijk) had hij die reeds onder de leden in Londen.

4 Mei lieten wij het anker vallen vóór Kaapstad, quarantaine; den 7 Mei moesten wij de Kaap voor 21 dagen verlaten, om in de Saldanhabaai 60-70 mijlen van daar dien tijd af te wachten; een ijselike geschiedenis voor ons; geduldig, maar groote verveling, tot wij den 28sten deser weder n (aar) d (en) Kaap mogen terugkeeren. Twee dagen in de week is het ons vergund met een bootje n (aar) h (et) onbewoonde land te varen, alwaar men de zieke op een afstand heef gebragt, en ware het niet, dat wij het naar omstandigheden tamelijk goed aan boord hadden, zoude het ondragelijk zijn. Den 1 Juni denken wij op een andere boot te kunnen overgaan, die ons naar Natal zal brengom dan per ossenwagen verder te gaan."

Oor hierdie deel van die reis is van die hand van Dr. C.P.J. Penning in die "Nederlandsch Tijdschrift voor Geneeskunde"²⁸⁾ 'n uitvoeriger weergawe gepubliseer. Aan die genoemde weergawe, wat onder die opskrif "Een reis met hindernissen naar Transvaal in 1882" verskyn het, is die volgende gegewens ontleen. Onder die passasiers van die derde klas is, nadat die skip van Madeira na Kaapstad vertrek het, 'n geval van pakkies ontdek. Terwyl die skip in Saldanhabaai in kwarantyn gelê het, is die passasiers tweeker per week na die strand oorgebring. "Gewapende macht zorgde er voor, dat zij het met gele vlaggetjes afgebakende terrein niet konden verlaten."

Gedurende die kwarantyndelperk het een van die kinders van die egpaar Stiemens masels gekry. Die inwoners van Kaapstad het, omdat hulle besmetting gevrees het, alle passasiers en die skip vermy. Die pakkieslyer het onder toesig in die Saldanhabaaigebied agtergebleek, maar dit wil voorkom of hy later tog nog die siekte na Kaapstad oorgedra het. Naderhand is meer as 100 persone in Kaapstad aan pakkies oorlede, aldus H. Stiemens Sr.

Aan boord van die 'Dunkeld' het die reisigers van Kaapstad na Durban vertrek. Terwyl die skip naby Durban voor anker gelê het, het 'n Britse medikus verskyn om die vaartuig en die opvarendes te inspekteer. Tydens die inspeksie het 'n passasier te voorskyn gekom wat verklaar het dat hy siek voel. Die medikus het verklaar dat die sieke pakkies het, beveel om die kwarantynvlag te hys en verbied dat enigeen van die opvarendes die skip verlaat. Na twee dae is die opvarendes gelas om aan boord van die siekeboot te gaan.

Nadat die passasiers vier weke in kwarantyn deurgebring het, is hulle uit hul afsondering verlos.²⁹⁾

In Durban het 'n aantal briewe en telegramme vir Stiemens gelê. Die Transvaalse owerheid het, in 'n brief of 'n telegram, die begeerte uitgespreek dat Stiemens spoedig sou oorkom om sy pos te aanvaar.

Na 'n verblyf van 'n paar dae in Durban het Stiemens en sy gesinslede per trein na Pietermaritzburg vertrek. Die treinreis het vyf uur geduur. Daarna het Stiemens tien dae gesukkel om te probeer om reëlings vir die verdere vervoer van hom en die syne te treffen. Drie waens is gehuur en teen betaling van £800³⁰⁾ sou "het gezelschap" tot Harrismith vervoer word. Hierdie reis het 10 dae geduur. Vervolgens is op Harrismith vier waens vir £900 gehuur en op 19 Augustus het Stiemens en die syne in Pretoria aangekom nadat hulle reeds op ses uur afstand van Pretoria deur 'n geselskap bestaande uit 'n deel van hul kinders, familielede en vriende verwelkom is.

As gevolg van die vertraging wat Stiemens tydens sy reis ondervind het, het 'n "goeie vriend" sy kans waargeneem om Stiemens die pos te ontfutsel wat hom beloof was.³¹⁾ Stiemens het kort daarna 'n ander pos begin beklee.

(11) Die laaste jare (1882-1894).

(23) Anna Stiemens/Hendrik Stiemens Jr. Pretoria, 26 November 1882.

Teenspoed met die reis, maar nou hier besonder goed. Die klimaat is verruklik en gesond. Die reënbuie is wel sterker as in Nederland, maar hulle duur maar kort. Daarna is dit heerlik om 'n wandeling te maak of te gaan perdry. Die volgende maand sal appelkose, perskes, vye e.d. vrugte in die tuin ryp wees. Met Kersfees kom die hele familie bymekaar en dan gaan hulle met drie ossewaens 'n paar dae in die veld deurbring en 'n piekniek hou.

(24) Verlowingskaart. Dirk Tom en Anna Stiemens. Pretoria, 1 Desember 1883.

(25) Anna Stiemens/H. Stiemens Jr. Pretoria, 4 Maart 1884.

Met almal gaan dit uitstekend. Pa sukkel af en toe 'n bietjie maar is tans weer gesond. D. Tom³²⁾ woon op Potchefstroombaan. "Men is hier verschrikkelijk bang voor die pokken. Zooals gezegd wordt hebben die kaffers het hier een paar uur van daan, maar ik geloof niet dat het pokken zijn, het moet een soort van vuile ziekte zijn, die zoo dikwijls onder de kaffers komt."

(26) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Pretoria, 10 Julie 1887.

Skryf oor die dood van Willem van der Dussen, die broer van sy eerste vrou. Was hy 'n vriend gewees dan sou Stiemens nie na Suid-Afrika gegaan het nie. Is bly in verband met nuus aangaande Johan, Christiaan, en Co³³⁾ en versoek hulle te laat weet dat Edwin van Nispen³⁴⁾ en Gerard Rissik tans in Transvaal is. Die eersgenoemde is as klerk teen £150:0:0 per jaar aangestel, die tweede het die vorige week hier aangekom.

Die geskiedenis van ds. Gangel het ons in die koerante nagegaan.³⁶⁾ Indien hy in Nederland sou gewees het, sou hy nie aan die kant van ds. Gangel gaan staan het nie. "Ook hier hebben wij zoo iets op kerkelijk gebied, maar houden ons geheel en al onzijdig en zijn van gevoelen, dat zoodanige twisten niet tot de leer van Jezus behooren, en beide partijen geen gelijk kunnen hebben."³⁷⁾ Na mededelings aangaande sy kinders skryf Stiemens verder:

"Nu iets over onze goudvelden. Het is waar dat de geheele Transvaal goud bevat; van het Oosten tot het Westen loopen riften (aderen), die meer of min rijk zijn, maar op 't oogenblik bestaat alles nog in speculatie en jodenbedriegerij. Niemand kan nog zeggen wat zij na verloop v (an) tijd zullen kunnen opbrengen, aangezien de machinerieën nog niet zijn aangekomen. Menigeen die zich hebben laten verleiden, zijn reeds in armoede en weinigen, vooral kapitalisten trekken voordeel. Een ding is zeker, dat Transvaal sterk aan het opkomen is, ten bewijze dat wij verleden jaar een miljoen te kort waren en than reeds een voordeelig saldo hebben van 5 miljoen.

Om U een staaltje te geven van hoe of alles hier verandert blijkt dat toen wij nog een 8 mnd. geleden n (aar) Potchefstroom een bezoek brachten een kaal veld passeerden en na 4 mnd Willem een bezoek brachten, op diezelfde plaats nu Johannesburg genaamd eene stad was waar 6000 personen woonden. De 2 dagen die wij daar vertoeftden verrezen meer dan 6 ijzeren huizen en zoo gaat het nog dagelijks aan."

S. skryf verder dat die gebreke van die ou dag begin kom. Hy is nog altyd sekretaris van die Departement van Onderwys en vermeld tewens: "Ge moet niets gelooven van de schandalige berichten die zoo menigmaal over mijn Chef du Toit in de Volksstem voorkwamen."³⁸⁾

In sy jongste brief het H. Stiemens Jr. sy vader versoek om 'n dogter van "Anne Job"³⁹⁾ 'n betrekking as onderwyseres aan te bied.

S. antwoord: "maar ofschoon het aan mij is overgelaten om onderwijzers aan te stellen vond ik geen vrijmoedigheid haar te plaatsen, daar de Hollanders, vooral die pas aankomen, niet zeer bij de boeren geacht zijn. 't Is waarlijk schande wanneer men in aanmerking neemt de ontvangst, die de Transvaalsche deputatie in Nederland genoten heeft. Raadt niemand aan naar hier te gaan."

(27) Frits(?) Stiemens/H. Stiemens Jr. Pretoria, 12 Oktober 1887.

Met die familie gaan dit uitstekend. Pa het gedurende die afgelope veertien dae "last van het pootje" gehad, maar is nou weer gesond.

(28) Verlowingskaart. Roebert Gerrit Ockerse en Carolina Cornelia Stiemens.

(29) Anna Tom, gebore Stiemens/H. Stiemens Jr. Potchefstroom, 26 November 1887.

Die warmte van die afgelope paar dae is onuithoudbaar, geen wonder dat daar soveel siekte in die dorp is nie. "Hoe duur of

alles hier nu is met al de menschen die inkomen; voor een maaltje aardappels moeten we 2/- geyen, een weinig groene bonen 1/-, een klein komkommertje -/6, dus men kan hier aardig wat geld gebruiken. Ook huishuur is verschrikkelijk duur, men kan in Pretoria geen woonhuisje krijgen onder £12.-, dat ten minste een beetje ordentelijk is."

(31) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Pretoria, 31 Januarie 1888.

"Ik vroeg verlof om een uitstapje te maken naar Potchef-stroom, waar Tom en Anna reeds lang op aangedrongen hadden en (om) tevens over de goudvelden te Johannesburg waar Willem is, een kijkje te gaan nemen. Ma en mijn persoon werden door Frits met zijn rijtuig getrokken door vier paarden, des morgens 6 u.(uur) afgehaald en daar wij zeer comfortabel zaten hadden wij een aangename reis, in weerwil (van) het doortrekken van rivieren en spruitens als nog maar slechte ongebaande wegen over bergen en door dalen.

Door het grote vertier dat hier is, zijn er thans hotels langs den weg waar voor mensch en paard alles te krijgen is. Onze reis was nog al voorspoedig en ten twee uur kwam Willem ons met zijn rijtuig tegemoet, vergezeld door Ockerse, de aanstaande van Lien.⁴⁰⁾ Ten 4 uur kwamen wij te Johannesburg aan waar Willem ons twee kamers disponibel stelde en uit de restauratie ons het noodige deed toekomen.

Tom en Anna⁴¹⁾ hadden reeds gezorgd dat hun prachtig rijtuig ook met 4 paarden bespannen daar was om den volgenden morgen weder van daar naar Potchefstroom te vertrekken. Wij hadden het plan gemaakt om op onze terugtocht Johannesburg weer aan te doen, waarom wij U nog niets van onze bevinding aldaar schrijven. Den volgenden morgen ten 9 ure vertrokken wij van daar, ons pad nemende door de goudgraverijen, en men staat verstomd over de woelingen en drukten die aldaar heerschten. Zoo ver onze oogen konden zien waren zij bezig als het ware de aarde om te wroeten door rijken en armen van alle natieën.

Op den weg ontmoetten wij een gansche menigte ossenwagens met allerlei goederen, vooral met machineriën. Na 2 maal afgetuigd te hebben kwamen wij des avonds bij het hotel aan waar wij zouden overnachten, en tot onze grote verwondering vonden wij onze kamer al gereed en het souper al klaar, want Tom had reeds kennis gegeven, dat wij zouden aankomen.

Den volgenden morgen ging onze reis vroegtijdig verder en na weder een paar maal afgetuigd te hebben hadden wij het genoegen ten 3 uur Tom en Anna met hare beide lieve kleinen alsook J. Debbes, de aanstaande van Jet⁴²⁾, te ontmoeten."

Die egpaar Stiemens het ses dae op Potchefstroom vertoeuf en het ten huise van hul skoonseun talryke vriende en bekendes ontvang. Saam met J. Debbes het hulle die terugreis aanvaar. Onderweg het een van die perde siek geword en betreklik kort daarna gevrek. "Het speet ons zeer, het was een deugdzaam dier; Tom had het niet lang geleden voor £25.¹ gekocht."

Die reisigers het behoue op Johannesburg aangekom en weer hul intrek in die twee kamers geneem wat hulle op die uitreis

ook gebruik het. Willem Stiemens se huis was nog nie bewoonbaar nie, anders sou hulle daar tuisgegaan het.

Dieselfde namiddag en die volgende dag het hulle rondgery om 'n deel van die stad te besigtig. "Toen wij van Europa terugkeerden leidde ons pad over die plaats en was toen nog een kale wereld; op 2 of 3 uur afstand zag men slechts een paar boerensplaatsen.

Nu nog geen jaar verleden bezochten wij het weder en waren reeds verbaasd zooveel tenten en ijzeren huisjes te zien; maar nu ging onze verbazing alle grenzen te boven en stonden verwonderd wat het goud al niet doen kan. Er zijn reeds p.m. 10000 inwoners waar vóór een jaar slechts één huisgezin bestond. De gebouwen verrijzen er dagelijks, die in pracht voor Europa niet onder behoeven te doen. Er bevinden zich reeds 3 kerken, hospitaal, uitmuntende gevangenis, mooi kerkhof, 3 scholen, ontelbare winkels, restauraties, herbergen in menigte, waar god Bacchus buitengewoon geofferd wordt, alsmede een dagelijksche markt, waar minstens 150 wagons met hout, koorn, meel enz. enz., te veel om te noemen. Onuitstaanbaar is het gejoel en gekrioel der bewoners uit alle landen en van alle klassen. De drukte in de Jodenbreëstraat te Amsterdam is er niets bij, doch ook de meeste speculanten zijn van de natie.⁴³⁾

Wij waren ook in de gelegenheid eene goudmachine in werking te zien en onse verwondering was verrassend. Eerst worden de klippen verbrijzeld, daarna tot poeder gemalen, dan gewasschen waarna het goud als stof op platen achterblijft. Nu reeds brengt Johannesburg a (an) d (e) regeering op £25000 per maand en wat zal niet de opbrengst zijn wanneer al de machineriën, die worden opgezet en nog in aantocht zijn zullen werken; en al die gelden moeten door de handen van Willem gaan, men stelt dus veel vertrouwen in hem. Ook bezochten wij de nieuwe aangelegde renbaan, waar juist paarden a (an) h (et) rennen waren voor den niet geringen prijs van £500.- Op die renbaan is een kolossale tribune gebouwd, die wegens bouworde en sierlijkheid verbazing wekt. Op den 22 Dec. na het ontbijt vertrokken wij weder n (aar) Pretoria..."

Nadat Stiemens geskryf het dat die ou dag met gebreke kom, maar dit gelukkig nog besonder goed met hulle gaan, vervolg hy: "De superintendent S.J. du Toit heeft als zoodanig bedankt⁴⁴⁾ en voor een onbepaalden tijd ben ik in zijne plaats aangesteld, wat waarlijk een groote eer is niet alleen, maar ook voordeelig. Het salaris bedraagt nu £600 's jaars, benewens £300 toelage voor reiskosten, om de scholen door geheel het land te bezoeken. Natuurlijk zal ik mijn best doen om het vertrouwen in mij gesteld waardig te maken, ofschoon het reizen mij groote moeite en opoffering zal kosten."

Frits is nog steeds sekretaris "bij het Departem. (ent) v. Oorlog en Naturellezen", terwyl Willem deur sy meerderes geag word en "bemind onder de delvers" is. Jet⁴²⁾ en J. Debbes sal op 16 Februarie aanstaande jaar in die huwelik tree.

(31) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Pretoria, 8 Julie 1889.

"Ons lang stilzwijgen is meerendeels veroorzaakt geworden,

doordien wij maanden achtereën scholen moeten inspecteer en, er zijn er zoo wat 300; zoodat de verre afstanden, de nog op vele plaatsen ongebaande wegen, en het langzame vervoer (wij reisen uwe Ma en ik met een paardenwagen met 6 ossen bespannen) oorzaken zijn, dat wij meer uit dan in huis zijn."

Ons plan was om vandaag weer te vertrek, maar verskriklike reëns het ons belet om te gaan. Die riviere is vol en die meeste paaie is onbegaanbaar. Daar is nou besluit om die reis 'n week uit te stel. Stiemens verwys dan na 'n vraag wat sy seun aan hom gestel het en gee die volgende antwoord daarop: "Ge schreeft ons over de benoeming van een Superintendent van Onderwijs; dit hangt nog geheel van mij af. Toen die Heer du Toit bedankte werd ik onmiddellijk als waarnemend aangesteld.⁴⁵⁾ Ik maakte echter bezwaren, vooral dat het veelvuldige reizen mij op den ouden dag moeilijk zou vallen, maar de Regeering wilde er niet van hooren en dwong mij het aan te nemen, zeggende, dat ik mijn best maar moest doen, dan kon men na 1 jaar zien of ik het vol kon houden. Dit is zeker dat het onmogelijk is dat alle scholen door mij alleen kunnen geinspecteerd worden; wanneer men mij echter een of twee personen toevoegt, zal het kunnen gaan. Scholen die ik niet kan bezoeken, moet ik door anderen laten doen, waardoor voor iedere school door mij £2 of £2½ moet betaald worden. Wel is waar kry ik £300.- toelage voor reiskosten, maar kan er op die manier niet mede uitkomen, zoodat wij de eerste zitting v (an) d (en) Volksraad moeten afwachten hoe men de zaak behandelt."

Frits is nog steeds by die Kommandant-Generaal en by die Superintendent van Naturelle werksaam. Sy vrou en vier kinders is almal gesond. Adriana het ses kinders. Dié kinders het verlede jaar "roodvonk, witzeerkeel en mazelen" gehad. Willem is die vorige maand as sekretaris by die Hoof van Mynwese in Pretoria benoem en is o.m. van plan om teen die einde van Maart 'n reis deur Europa te maak. Debbes en Jet woon op Potchefstroom, Ockerse en Lien was voorheen op Krugersdorp woonagtig, woon nou in Johannesburg. Ockerse het die werk oorgeneem wat Willem Stiemens voor sy terugkeer na Pretoria verrig het.

Stiemens versoek sy seun om Van Luipen, afkomstig van Neerbosch,⁴⁶⁾ af te raai om nou oor te kom, "daar door te groote overkomst v (an) onderwyzers de groote scholen bezet zijn en menig-een moet zich behelpen op mindere standplaatsen waar het voor een fatsoenlijk onderwijzer niet altijd aan te raden is."

Mnr. Slagleven, wat met 'n skrywe van Hendrik Stiemens Jr. in sy besit, met Hendrik Stiemens Sr. in aanraking gekom het, "heb ik getracht vooruit te helpen, maar die drank was hem zoo de baas, dat ik verder geen moeite voor hem heb gedaan. Hij is nu te Zoutpansberg, maar (ik) weet niet wat zijn carrière is."

Stiemens berig verder aan sy seun dat hy oor Co Penning nagedink het en besef dat sy promosioontlikhede in Nederland swak is. Bygevolg raai hy Penning aan om maar oor te kom "en wij zullen trachten voor hem een betrekking te bezorgen" ... "Alhier is men nu bezig een gebouw voor Staatskantoren te vervaardigen, waaraan met vele handen 2 jaar sal gewerk word en met de kantoormeubelen £100.000 zal kosten."⁴⁷⁾

(32) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Pretoria, 22 Maart 1889

"Wij zijn gezond," Willem is reeds met sy vriend in Kaapstad, sal die 27e vandaar na Europa vertrek. Wanneer hy Stiemens Jr. besoek laat Co Penning dan kom. Willem sal vertrekking kan verstrek.

(33) Anna Tom - gebore Stiemens/H. Stiemens Jr. Potchefstroom, 25 Julie 1891.

Verneem baie min van ouers. Pa skyn geen lus te hê om brieke te skryf nie.

(34) Adriana Stiemens/Hendrik Stiemens Jr. Pretoria, 24 Maart 1893.

Skryf op versoek vanouers. Pa voel geen lus of sien geen kans om te skryf nie. "Maar voor ik verder ga, Henri⁴⁸, wil ik eerst zeggen dat je niet naar de vouten zien zal want wij praten regt Afrikaansch." Die ouers sal graag nou en dan 'n paar reëls nuus ontvang. Willem Stiemens en sy eggenote woon nou in die woonhuis waarin die ouers altyd gewoon het "en de oude lui hebben nu een klein huisje voor hun genomen; dan gaan er alle nachten een van mijn dochters slapen voor gezelligheid voor Ma want Pa wordt erg stil die laatste tijd en gaan 's avonds vroeg n (aar) bed, zoodat Ma toch aanspraak heeft."

(35) Adriana Stiemens/Hendrik Stiemens Jr. Pretoria, 28 Maart 1894.

Dankie vir die gelukwense in verband met Pa se verjaarsdag. Die brief het twee dae voor Pa se verjaarsdag aangekom. "It Is scharlen in de Transvaal, vooral wat de bedienden aangaan, somtijds heb ik in mijn dienst een kaffer die geen woord Hollandsch kan verstaan, en dan ben ik maanden zonder hulp en dan met 8 kleine kinderen."

Pa wil nie meer skryf nie, bygevolg is alle briefwisseling tussen die familie verbreek.

"Onze Tante Mina⁴⁹) woont hier in Pretoria, zwaar verlies gehad, haar jongste zoon Reginald is verlede jaar in Johburg aan die pokken overleden en haar oudste dochter Zanna die met van Dijk getroud is, heeft die pokken ook gehad en is erg geschonden; nu zoo loopt het toch wonderlijk; beiden Reginald en Sanna hebben Pa altijd bespot met zijn gezicht en nu hebben ze dezelfde ziekte gehad en de grootste bespotter is er niet eens doorgekomen."

Pa Stiemens word stil, kan gelukkig nie oor sy gesondheid kla nie.

(36) Frits(?) Stiemens/H. Stiemens Jr. Pretoria, 2 Desember 1894.

Skryf dat sy ouers nogal siek was toe die griep geheers het. Albei het weer herstel maar Pa se gestel het nie verbeter nie. In die begin van November het hy las van hardlywigheid begin kry en baie slym opgebring. Dit het erger geword. Eers is een geneesheer ontbied, later is die hulp van 'n tweede ingeroep. Alles is probeer om die pasiënt te red, maar die toestand het slegter begin word.

Die vorige Sondag het die geneesheer gesê "dat het slechts

een kwestie van eenige uren kon zijn en dat is ook werkelijk gebleken de waarheid te zijn, want om 5 u(ur) des namiddags is Pa heel kalm en bedaard overleden. Tot de laatste ogenblikken was hij bij zijn verstand, maar de laatste dagen was zijn tong belemmerd en kon hij zich met moeite verstaanbaar maken. De oorzaak v (an) d (e) dood was eene verstopping van de groote darm waardoor verval v (an) krachten is ontstaan."

Frits Stiemens het vervolg: "Ma draagt het zeer goed, ze had laatsten tijd weinig aan hem, daar hij bijna niet sprak. De oude Heer was door zijn hooge ouderdom ook zonder verdiensten en hebben wij hem onderhouden, sedert hij zijn ontslag verkreeg. In dit land is ongelukkig van pensioen geen sprake. Ik zend je onder apart couvert eenige exemplaren welke als memorandum uit de Volksstem zijn overgedrukt. Behalve Anna en Jet die niet konden overkomen waren alle kinderen a (an) h (et) sterfbed tegenwoordig; tot de laatste ogenblikken stak hij de hand naar iedereen van ons uit.

Gedurende zijn laatste dagen werd hij nog bezocht door Z.H. Ed den Staatspresident,⁵⁰ Generaal Joubert en verschillende andere autoriteiten die met hem veel leed in de eerste dagen ondervonden hadden, die ieder nog met hem spraken en ook een aanspraak hielden."

(12) Uittreksel van sterfkennis Nr. 9474/1894

Hendrik Stiemens, gebore te Arnhem, Nederland.

Name van ouers: Onbekend. Ouderdom: 72.

Beroep: Oud-amptenaar. Getrouw.

Orlede: 25.11.1894, Pretoria.

Kinders: 1. Frederik Casper.

2. Adriana, getrouw met F. Zeiler.

3. Willem Johannes.

4. Anna, getrouw met D. Tom.

5. Henriette, getrouw met J. Debbes.

6. Carolina, getrouw met R.G. Ockerse.

In Nederland: 7. Hendrik.

8. Johannes. Oorlede. Erfgenaam nagelaat.

9. Anne Elie.

10. Carolina Gezina.

Testament opgemaak op 11 Oktober 1879 tussen Hendrik Stiemens, wewenaar van Hendrika Johanna van Dussen, gebore 22 Maart 1822 te Arnhem, Nederland.

en Adriana Zechner, gebore 24 Julie 1827 te Voorburg, egteliede, getrouw in gemeenskap van goedere op 4 Mei 1855 te Voorburg het besluit: Die vrou en die kinders uit albei huwelike, t.w. uit die eerste huwelik Hendrik, Johannes, Anne Elie en Carolina Gezina, sal almal gelyke dele ontyang. Die langslewende moet die onmondinge kinders Christelik opvoed.

Getuies:

C. van Boeschoten

J. Swart

H. Stiemens

A. Stiemens-Zechner

Aantekeninge.

- 1) Hierdie bydrae is die vervolg van 'n uitbreiding van die lewensbeskrywing van Hendrik Stiemens wat deur kol. Dr. J. Ploeger gepubliseer is in "Pretoriana" deel een nos. 3 en 4 in Maart 1952. Aflewering 1 van die onderhawige bydrae het verskyn in "Pretoriana" no. 98, April 1991. (Die redakteur)
- 2) 'n Wetenskaplik-historiese oorsig van die Transvaalse woelings staan onder meer in "Geschiedenis van Suid-Afrika", deel een, Nasionale Pers, Kaapstad, 1951, p.346 e.v.
J. Ploeger: Ulrich Gerhard Lauts, die skakel tussen Nederland en die Voortrekkers" in "Historiese Studies" (Pretoria), jaargang 2, bl. 43 e.e. Verkeerdelik is toentertyd deur die skrywer vermeld dat Stiemens van 1888-1889 Waarnemende Superintendent van Onderwys was. Dit dien te wees: 1888-1891.
Kyk ook J. Ploeger, "Prof. U.G. Lauts, 1787-1865, Werksaamhede en skakeling met Pretoria", in "Pretoriana" no. 92, November 1987, p.53-55.
- 3) In Maart 1959 onder die titel "Nuwe gegewens aangaande Hendrik Stiemens (1822-1894)", van die hand van die skrywer in "Historia", jaargang 4, nr. 1, p.89 e.v., verskyn.
- 4) J. Ploeger in "Tydskrif vir Wetenskap en Kuns", November 1945. Bydrae: "Dr. Eduard Johan Pieter Jorissen (10 Junie 1829 - 20 Maart 1912), bl. 39 e.v. en in die uitgawe van Mei 1946, bl. 32 e.v. Ook "Hertzog-Annale", Des. 1958, bl. 112-134.
- 5) Ds. Frans Lion Cachet.
- 6) Sir Theophilus Shepstone.
- 7) M. Osborn.
- 8) Cornelis van Boeschoten, 'n Nederlander wat van Utrecht afkomstig was waar sy vader 'n fabrikant was. Na die dood van sy vader onderwyser in Soutpansberg en in 1872 onderwyser in Pretoria. Kyk o.m. Dr. Jan Ploeger in "Pretoria 1855-1955" (Pretoria, 1955), bl. 200 (portret). Kort voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog was Van Boeschoten Onderstaatsekr. van Buitelandse Sake.
- 9) Dorpie naby Arnhem (prov. Gelderland, Nederland).
- 10) W.J. van Gorkom (1827-1888). Geen dr. soos verkeerdelik op bl. 22 van "Pretoria 1855-1955" aangedui is. In die sesde jaargang van "Historiese Studies" kom, van die hand van Dr. J. Ploeger, sy lewensberig voor op bl. 224 e.v.
- 11) 'n Verwysing na die veldtog teen Sekukuni.
- 12) Miskien staan hierdie opmerking in verband met die feit dat Dr. Jorissen geld voorgeskié het om die deputasie in staat te stel om van Port Elizabeth na Pretoria terug te keer. Kyk Dr. J. Ploeger se reeds vermelde bydrae oor Dr. E.J.P. Jorissen, bl. 62.
- 13) Ds. A.J. Begemann was tot 1872 leraar van die Ned. Hervormde gemeente op Pretoria. In die genoemde jaar het hy sy ontslag aangevra en sy emeritaat verkry. In 1876 was ds. B. lid van die skoolkommissie (sekre-

- taris. Kyk o.m. prof. Dr. S.P. Engelbrecht: "Die Nederduitsch Her-vormde gemeente Pretoria (1855-1955)", (Pretoria, 1955), bl. 43 en Dr. J. Ploeger se bydrae oor onderwys in Pretoria in "Pretoria 1855-1955", bl. 200.
- 14) Prof. Dr. S.P. Engelbrecht verklaar in sy "Thomas Fran^çois Burgers, 'n Lewenskets" (Pretoria-Kaapstad, 1933) op bl. 390 dat dit 'n toelae was. Pres. Burgers het op 14 Desember 1878 in 'n skrywe aan Dr. E.J.P. Jorissen verklaar: "Re: beroemde 'toelaag' van £500 ..." (Burgersbiografie, bl. 391). Kyk verder dieselfde publikasie, bl. 386.
- In 'n manuskrip van een van sy lesings wat hy tydens sy verblyf in Nederland opgestel het en wat in 1934 in "De Gids" afgedruk is, het Stiemens geskryf: "Naderhand bleek het dat Burgers een pensioen had van £500 - waarover hij geblameerd werd, doch stel U in zijne positie. Geheel onbemiddeld en alle kans verlore hebbende om weder als president verkozen te worden. Ik geloof meer met hem zoude ook zoo gehandeld hebben." M.S. Appelgryn, "Thomas Fran^çois Burgers Staatspresident 1872-1877" (Kaapstad, 1979), o.m. p.252-253.
- 15) Lede was S.J.P. Kruger en P.J. Joubert.
- 16) Missien die Nederlander Verdoorn wat in Oktober 1878 saam met Dr. E.J.P. Jorissen en De Hart as 'n wetsagent in Pretoria begin praktiseer het. Kyk Dr. J. Ploeger se reeds genoemde studie oor Dr. E.J.P. Jorissen, bl. 51.
- Maurits de Vries, Nederlander van Joodse afkoms. Sy portret kom in "Pretoria 1855-1955" op bl. 178 voor. In 1877 was hy advokaat en prokureur in Pretoria. Prof. Dr. S.P. Engelbrecht se Burgersbiografie bevat meer besonderhede oor De Vries. Tydens pres. Burgers se presidentskap was hy lid van die Transvaalse Volksraad en 'n teenstander van die Staatspresident. Albert Brodrick, was Pretoriase winkelier-digter. In "Pretoriania", nr. 18, Desember 1955 het mnr. H.M. Rex 'n bydrae aan Brodrick gewy (bl. 3 e.v.).
- 17) £25.
- 18) Frederik Caspar Stiemens was tydens Burgers se presidentskap luitenant van die artilleriekorps ("Pretoria 1855-1955", bl. 91).
- 19) Sir Owen Lanyon. Hy het Sir Theophilus Shepstone op 4 Maart 1879 opgevolg.
- 20) Dorp in die oostelike deel van Gelderland, naby Aalten. H. St. - Hoofdstation (Ned.).
- 21) Afkorting van Apollonia, die eggenote van Hendrik Stiemens Jr.
- 22) Dorp in die provinsie Overijssel (Nederland) aan die "Zwarte Water" teenoor die dorp Zwartsluis. Vandag nog 'n sentrum van mattevlegrterye.
- 23) F. Zeiler, die eggenoot van Adriana Stiemens.
- 24) H.C. Bergsma en sy eggenote, die latere skoonouers van F.C. Stiemens. B. was in 1877 se^ëluitdeler en weesheer in Pretoria en later konsul-generaal van die Nederlande in die Zuid-Afrikaasche Republiek.
- 25) Oud-president Burgers is op 9 Desember 1881 oorlede.

- 26) Hoofstad van die gelyknamige provinsie.
- 27) Kyk prof. Dr. Jonkheer P.J. van Winter: "Onder Krugers Hollanders", deel I, bl. 37. (Amsterdam, 1937.)
- 28) Jaargang 90, nr. 27, Haarlem, 6.7.1946, p.787 e.v.
- 29) Kyk die brief van 28.3.1894, waaruit blyk dat Stiemens 'n aanval van pokkies gehad het.
- 30) Ruim £66.
- 31) £75. Gewoonlik het 'n aantal reisigers die landreis gesamentlik onderneem.
- 32) C. van Boeschoten.
- 33) Later landdros van Potchefstroom.
- 34) Co - Die reeds genoemde Jan Jacob Penning.
- 35) In die sestigerjare was Baron van Nispen landdros in Soutpansberg.
- 36) In 1886 het, onder leiding van Dr. Abraham Kuyper, die Doleansie in Nederland plaasgevind. Stiemens verwys hier na die optrede van die Achterhoekse predikant, ds. Gangel.
- 37) Vermoedelik bedoel Stiemens hier die Ned. Hervormde Kerk en die Verenigde Kerk in Transvaal.
- 38) Skrywer in die reeds genoemde deel van die "Argief-jaarboek", bl. 21 e.v.
- 39) Onbekend.
- 40) Carolina Cornelius Stiemens.
- 41) Anna Stiemens.
- 42) Henriette Stiemens.
- 43) Een van die hoofstrate in Amsterdam.
- 44) Voor of op 24 Januarie 1888.
- 45) Met ingang van 1 Februarie 1888.
- 46) Neerbosch, by Nijmegen (prov. Gelderland) Nederland.
- 47) Die Goewermentsgebou, Kerkplein, Pretoria.
- 48) Henri - Hendrik Stiemens Jr. Familielede het gewoonlik die naam Henri gebruik.
- 49) Onbekend.
- 50) Staatspresident S.J.P. Kruger.
- 51) Hendrik Stiemens Sr. is as waarnemende Superintendent van Onderwys van die Zuid-Afrikaansche Republiek volgens sy eie versoek in 1891 eervol ontslaan, maar het geen pensioen van enige betekenis ontvang nie. Hy is opgevolg deur die in Nederland gebore Dr. N. Mansvelt uit Stellenbosch wat 'n geleerde en organiseerde van grotere formaat as Stiemens was.

Kol. Dr. J. Ploeger het 'n lewenskets van H. Stiemens Sr. gepubliseer in die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek in Afrikaans en Engels in deel een, uitgegee deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria 1968, p.807-808, met bronneopgaaf. (Verwysing van C. de Jong.)



Spotprent van Hendrik Stiemens omstreeks 1890, geteken deur William Schröder (Kaapstad 1852 – Pretoria 1892). Schröder het talle spotprente of karikature, nooit haatlike, van bekende Pretorianers gepubliseer. Sy werk is van hoë gehalte. Kyk sy lewenskets in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 3 in Engels en Afrikaans, RGN, Pretoria 1977, en hoofstuk 15: "Pretoria in die karikatuur", in "Pretoria 1855-1955", uitgegee deur die Stadsraad in 1955.

H. STIEMENS,
Ex-Waar, Sup. van Onderwijs.

Portrait of Hendrik Stiemens

To be dragged from his bed at night and to be clapped into stocks with six or seven others, was the unpleasant experience of Hendrik Stiemens, the first Government teacher in the Transvaal in the 1860s. Stiemens, who was born in Holland in 1822, came to South Africa in the 'fifties, taught in Natal for a while and subsequently emigrated to the Transvaal in 1859 where he became the first teacher to be appointed by the Government. When the troublous 'sixties came with differences between the Kruger and the Schoeman factions developing into civil war, Stiemens was accused of harbouring Schoeman sympathies. This led to his being put into the stocks that stood just off Church Square. But that was not the end of his unpleasant experiences. He, Schoeman, who had fled from Pretoria to Potchefstroom, and others were exiled. The exiles were taken by ox-wagon to the Vaal River in the vicinity of Potchefstroom. The wagon stopped midway between the two banks and the exiles were ordered to reach the Free State as best they could. Schoeman and Stiemens remained in Northern Free State despite Kruger's later efforts to have them extradited. M.W. Pretorius and the Free State Government refused. Eventually peace was restored and Stiemens returned. He held various Government positions until 1879, when he retired with a pension granted by the British authorities. After visiting Holland he returned to the Transvaal in 1881, became Secretary for Education until 1889, and acted as Superintendent until 1891 when he was succeeded by Dr. N. Mansveld. He died in Pretoria in 1894.

The drawing of H. Stiemens and caption above were published in "The Pretoria News", supplement devoted to the Pretoria Centenary 1855-1955, Friday, 28 October 1955, p.44. The drawing has probably been made after W.H. Schröder's cartoon.



DIE OOSTENRYKSE HULDEBLYK AAN DIE BOERE VAN 1900

deur C. de Jong

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria het na lang prysonderhandelinge in 1990 'n kosbare, pragtig versierde kasset met handtekeninge van Duitstalige Oostenrykse bewoneraars van die Boere in hul stryd teen Brittanje gekoop. Die kunsvoorwerp is in 1900 deur simpatisante by 'n kunstenaar in Wenen bestel en met handtekeninge gevul om aan die Boere aan te bied. Maar die byeengebragte geld was te min om die kunstenaar te betaal en toe die kasset gereed vir versending na Suid-Afrika was, het die Britse leër die Boererepublieke reeds grotendeels beset. Daarom het die kunsvoorwerp in besit van die kunstenaar in Wenen gebly.

Die kasset is ten minste net so mooi en waardevol as die "bratina" of broederskapsbeker wat deur Russiese bewoneraars van die Boere in 1900 geskenk is en wat reeds talle jare in die Museum se besit is.

Die vroeëre onderdirekteur van die Museum, mnr. Jacques Malan, het 'n artikel oor die kasset in die Museum se tydskrif "Museum-Memo" van Desember 1990 (jaargang 18 no. 4) gepubliseer.

Die artikel is hieronder weergegee. Daaraan vooraf gaan in "Pretoriania" no. 99 'n vertaling van die bladsye wat Dr. Erwin A. Schmidl in sy ongepubliseerde proefskrif "Oesterreicher im Burenkrieg 1899-1902" (Universiteit van Wenen, 1980) aan die kasset gewy het. Ek dank hom met genoë vir sy toestemming om die vertaling saam met sy eie foto's van die kunsvoorwerp te publiseer.

**Uit: E.A. Schmidl, "Oesterreicher im Burenkrieg 1899-1902",
Wenen 1980, p.120-122.**

Die geesdrif vir die saak van die vir sy vryheid strydende broedervolk was uiteraard in Duits-nasionalisties gesinde kringe besonder sterk verbreed. 'n Indrukwekkende bewys daarvan is 'n versameling van nie minder as 12 960 handtekeninge wat in byna alle gebiede van die Oostenryks-Hongaarse monargie byeengebring is. Die versameling was bestem om as bewys van broederlike gevoelens van die Duitsers in Cisleithanië^{a)} in 'n pragtige kasset na Suid-Afrika gestuur te word. Omdat die inisiatiefnemers van hierdie adres van simpatie egter tekort aan geld ondervind het, het die kasset met die handtekeninge in Wenen gebly.¹⁾ Die handtekeninge is ten dele oorspronklik, ten dele blykbaar van ander lyste oorgeneem. Hulle is op vooraf gedrukte papiervelle met die formaat van 37,5 by 44,5 sentimeter ingeskryf en noem voor¹ en familienaam, beroep (dikwels nie vermeld nie) met byskrif van die betrokke persoon. Op elke blad papier is 18 handtekeninge ingeskryf. In totaal is 720 blaais bewaar.

'n Statistiese ontleding van die ondertekenaars sal miskien te min oplewer - 'n dergelike ontleding word naamlik te veel deur die toeval beïnvloed en in talle gevalle ontbreek die beroeps-aanduiding. Dit skyn egter nie heeltemal sonder betekenis om ten minste enkele inskrywings nader te ondersoek nie.

In die eerste plek val dit op dat die simpatisante in feitlik alle klasse en beroepe verteenwoordig was. Reeds op die eersteblad staan 'n juwelier langs 'n kantoorklerk vermeld. Nagwakers is daar ewenas egenotes van professore, kleremakergeselle en dansonderwysers, toneelspelers en bankbeamptes, 'n hoofbosboukundige uit Grossendorf ontbreek ewemin as 'n gymnasiumrektor uit Böhmischt-Leipa. Hierdie opsomming kan amper eindeloos voortgesit word.

Sommige ondertekenaars het aanleiding gevind om uitsprake by te voeg, soos: Liewer dood as slaaf; of: Met hart en hand vir die vaderland! 'n Friedrich Ritsetul onderteken as "Repräsentant des Comité"en as lid van die "Huldigungssympathieadresse" vir die dapper, moedige Boere, en skryf verder: Engeland se eer lê in skerwe,/ maar ons voel daaroor geen smart./ Die parool bly vir altyd:/ Vir die Boere, met God, hand en hart!

Enkele verenigings het as organisasie onderteken, soos die "Germanenverband" uit Komotau, die Weense gymnastiekverenigings "Guts Muths" en "Deutsche Treue", die humoristiese geselligheidsklub "Wiener Schwalben" (Weense swaeltjies) of die roeivereniging "Normannen", ook van Wenen; bowendien die "Erste Erdberger Radfahrer-Club Wien" (die eerste Erdbergse wielrydersklub Wenen) en die "Pittener Radfahrer-Verein". Ook lede van die "deutsch-völkische Tischgesellschaft Eiche (volksduitse tafelvereniging Akkerboom) uit Freudenthal (vreugdedal) ontbreek nie.

Die handtekeninglyste het gesirkuleer onder die spoorwegpersoneel van die Oostenrykse Noordwesspoorlyn, die Suiderlyn asook die Keiser-Ferdinand-Noorderlyn, maar ook onder lede van die simfonie-orkes van Wenen waarby 38 handtekeninge verkry is.

Ook verskeie studenteverenigings het nie nagelaat om hul simpatie vir die Boere te laat blyk nie.

Afgesien van die gebied van die huidige Oostenryk stam die meeste handtekeninge uit die Duitstalige gebiede van Cisleithanië,^{a)} veral uit Bohemen en Morawië. So is byvoorbeeld nie minder nie as 13 blaale met 234 handtekeninge voorsien van die stempel "Bund der Deutschen Nordmährens, Bundesgruppe Mähr, Schönberg", 'n vereniging in Noord-Morawië gevestig. Twee ander blaale met 36 handtekeninge is voorsien van die stempel "Verein Handels- und Industrie-Angestellter Mährisch Schönberg".²⁾ En op blad 613 staan die handtekening van die voorstander (Obmann) van die "Bezirksverband Deutsch Liebau" namens 1200 lede van "Bundesgruppen" (groepe van die Duitse verbond).

Sommige dorpe skyn amper eenstemmig onderteken te hê, byvoorbeeld Spitz/Donau waar nie minder nie as 171 inwoners geteken het, van wie 48 lede van die vrywillige brandweer!

Van betekenis is ook dat te Sternberg in Morawië die handtekening van datums voorsien is teen eind April 1900. Vir sommige Sternbergers was die datum "April 1900" nie Duits genoeg nie; hulle het daarom verkies om te dateer as Ostermond 2013", d.w.s. Paasmaand, jaar 2013.³⁾

Die handtekeningsveldtog het dus waarskynlik omstreeks die jaarwisseling 1899/1900 begin. Vir sover desbetreffende aanduidings gemaak is, was feitlik alle beroepe verteenwoordig, ook talle staatsamptenare, egter geen offisiere en soldate van die

keiserlik-koninklike leër van die Oostenryks-Hongaarse monargie nie. Slegs een wagmeester van die gendarmerie en drie vrywilligers vir een jaar dienstyd verskyn op die lyste met onder-tekenings.

E.A. Schmidl, p.368: Beskrywing van die kasset van simpatisante jeëns die Boere.

Hierdie kasset wat reeds vroeër in die teks vermeld is, bevind hom tans, sedert 80 jaar klaar verpak vir skeepsvervoer na Suid-Afrika, in private besit van mnr. Hermann Scheibe te Wenen. Om dit makliker te kan vervoer is die kasset uit mekaar geneem en in drie kiste verpak. Die kiste is swart geverf met strepe in groen, rooi, wit, blou en groen, waarvoor die vier kleure van die Transvaalse landsvlag as voorbeeld gedien het. Bowendien is in drie tale waarskuwings opgeskilder om met die kunswerk so versigtig as moontlik om te gaan.

In die grootste kis van 80 by 73 by 68 sentimeter is die eintlike kasset sonder die bostuk verpak, deur meerder omwikkelings beskerm. Dit is aantreklik danksy die besonder sorgvuldige uitvoering. Dit bestaan uit groenagtig gebeitste hout, met lig-groen leer bekleed en met ornamente van vergulde brons versier. Die voorsy kan neergeklap word en gee dan toegang tot die laai met die blaaise met handtekeninge. Op die voorsy staan die spreek met die opdrag: "Dem Heldenvolk und seinen Führern" (aan die heldevolk en sy leiers) onder die wapenskilde van Transvaal en die Oranje-Vrystaat wat in fyn emaljewerk uitgevoer is. In die vier hoeke van die voorsy is in kleinere emalje-uitvoering ook die wapenskilde van Opper-Oostenryk, Salzburg, Stiermarke en Karintië aangebring.

Op die voorsy lykend is ook die agtersy gevorm: 'n in die middel geplaaiste plaket vermeld die jaartalle 1899-1900. Op beide sykante is in plek van versierings kunstige handgrepe bevestig. Origens is die wapenskilde van die kroonlande van Oostenryk ook op die sykante en die agtersy te vind en wel volgens die omloop van horlosiewysers van linksbowe af: Tirol, Vorarlberg, Bohemen en Morawië; Silesië, Krain, Istrië en Görz-Gradiska; Triëst, Galisië, Dalmasië en Boekowina. Die vermoede dat die handtekeningsveldtog hoofsaaklik tot die Cisleitaniese gebiede van die Donoumonargie beperk gebly het, word deur die aanwesige wapenskilde ondersteun.

Die kasset het 'n piramidevormige bostuk. Dit toon in vooraansig die dubbele arend met die borsskild van Lotaringe-Oostenryk-Habsburg, geflankeer deur die wapenskilde van Wenen en Neder-Oostenryk.

Die piramide eindig aan die bokant in 'n reghoek vir die sokkel van die bostuk wat in 'n afsonderlike kis - die kleinste van die drie - vervoer sou word. Die bostuk bestaan uit 'n vergulde dubbele arend of adelaar;^{b)} dit het 'n swaard in die regterpoot en troon op 'n kanonloop en twee vlae as krygstrofeeë.

Die kasset is saam met die adelaar ongetwyfeld 'n prunkstuk sonder eweknie en 'n welgeslaagde handwerkstuk.

Die van 'n goudrand voorsiene 720 blaaise vir die handtekeninge, waaroor hierbo (p.120-122 van Schmidl se proefskrif) uit-

voerig berig is, is in 'n afsonderlike kis verpak, vermoedelik om die eintlike kasset tydens die vervoer nie nodeloos te belas nie. Afgesien van die skoonheid van die handwerk bestaan die kasset in die laaste plek ook deur die wélderdagte funksie daarvan: die vervoerkis kan so geopen word dat die eintlike kasset daaruit gerol kan word. Die beskermende omhulling dien tegelyker tyd ook as verplaasbare platform. Die voorsy van die kasset kan neergeklap word; daarbinne vind ons op die millimeter noukeurig ingepas die laai vir die handtekeninge... Dis geen wonder dat sommige beskouers herinner word aan die fantasieë van 'n Herzmanovsky-Orlando! Alleen al die denkbeeld om 'n versameling handtekeninge in so 'n kasset na Suid-Afrika te stuur is vir ons later geborenes nouliks uitvoerbaar! Die geld van die inisiatiefnemers het egter opgeraak en hulle is ten slotte genoodsaak om die kasset met die handtekeninge as betaling vir die gelewerde arbeid aan die boekbindery af te staan. Dit lyk na 'n bevestiging van die irrasionele aard van 'n dergelike onderneming.

In elke geval is op hierdie wyse die Boere 'n hewige teleurstelling bespaar. Want ons mag ons die volgende tafereel lewendig voorstel: Op die stasie van Pretoria word die kiste deur beampies in ontvangs geneem, miskien met die hoop om enkele gewere of selfs een of ander veelbelouwende geheime wapen daarin aan te tref... Vol verwagting word die kiste oopgemaak en daar kom tevoorskyn: 'n kosbare kasset wat 12 960 handtekeninge van simpatiseante bevat!

Maar selfs indien die kasset in Afrika sou aangekom het, enkele handtekeninge is gedateer einde April 1900; die voorwerp sou op sy vroeugste in Junie 1900 in Transvaal aangekom het. Maar op 5 Junie het die Britse troepe reeds Pretoria binnekamsjeer! Die oorlog in Europese sin was feitlik beëindig en die guerrillastryders van generaal Louis Botha sou maar min geweet het wat hulle met die mooi kasset moes doen.

As afsluiting word hier nog die afmetings van die kasset aangegee. Hulle is met inbegrip van die sokkel of voetstuk en die piramiedevormige bostuk 75 by 68 by 79 sentimeter; die adelaar wat op die bostuk geplaas moet word, is 20 sentimeter hoog en het 'n vlerkspanwydte van nie minder as 31 sentimeter nie.

Ek is mnr. Hermann Scheibe te Wenen en sy seun heel hart-like dank verskuldig vir die vriendelike toestemming om die kunswerk te mag besigtig, te meet en te fotografeer.

-o-

Uit: Museum-memo van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum,
Desember 1990. p.5.

Geskiedenis.

'n Simpatieke komitee het in 1900 die huldeblyk by Hermann Scheibe, 'n drukker, bestel. Naamtekeninge van 12 960 Oostenrykers (waaronder dié van die Habsburgs)c) is op 720 goudrandvelle papier versamel en ingebind. Die lys is in April 1900 afgesluit.

Die Komitee kon, na voltooiing van die huldeblyk, waarskynlik nie die maakloon betaal nie, miskien vanweë die feit dat lord Roberts toe al die oorhand in Suid-Afrika gekry het en die en-

toesiasme vir die projek gekwyn het. Die huldeblyk is dus nie na sy bestemming gestuur nie, maar die afgelope 90 jaar in die drukkery bewaar.

Sedert September 1979 is vrugtelose pogings aangewend om geld vir die aankoop van die huldeblyk te vind. In 1989 het die Suid-Afrikaanse Kulturele Attaché, prof. R.H. Behrens, weer die saak met die Museum opgeneem. Na baie ernstige vertoe aan die Departement Onderwys en Kultuur, het die projek gelukkig in Desember 1989 geslaag en kon die huldeblyk van mnr. Hermann Scheibe (80), kleinseun van die skepper van die huldeblyk, gekoop word.

Prof. Behrens het hom soos volg oor die huldeblyk uitgelaat:

"Wat hulle my getoon het, het my asem weg geslaan. Volgens my oordeel is die huldeblyk 'n unieke kunswerk en gelyktydig 'n dokument van die allergrootste waarde en betekenis vir ons land. Die allesoorheersende gevoel by my was dat hemel en aarde beweeg moet word dat hierdie oorweldigende manifestasie van bewondering en agting vir die Boere sy bestemmingsoord in Pretoria uiteindelik bereik."

Voorts sê hy dat die foto's nie reg laat geskied aan "die skoonheid en artistieke perfeksie" van hierdie kunswerk nie. Dr. Armand Duchâteau van die Volkekunde Museum in Wenen slaan eweneens die kunsgehalte van die stuk baie hoog aan. Die vakmanskap wat hier aan die dag gelê word, is ook meesterlik.

Beskrywing.

Die huldeblyk is uit massiewe palisanderhout vervaardig. Die mate is 750 x 680 x 790 mm. Die hout is groen gebeits en gedeeltelik met groen leer oortrek. Dit is ryk versier met ornamente uit vergulde brons en wapens uit emalie. On die deksel, wat 'n piramidevorm het, pryk 'n vergulde dubbelkop-arend 200 mm hoog met 'n vlerkspan van 310 mm. Hy dra 'n swaard en onder sy kloue is 'n kanonloop en twee vlae.

Die voorkant van die kas (wat oopgeklap kan word om toegang tot die 720 bladsye met naamtekeninge te gee) het die inskripsie in vergulde letters: "Dem Heldenvolk und seinen Führern" - (Aan die heldevolk en sy leiers). Verder pryk die wapens van die twee Boererepublieke in kunstige emaljewerk op die voorste paneel. In die hoeke van hierdie paneel verskyn die wapens van vier Oostenrykse provinsies, naamlik Oberösterreich, Salzburg, Steiermark en Kärnten. Die wapen en inskripsie is omrank deur die pragtigste ornamentasie uit vergulde brons.

Die rugkant-paneel is ewe pragtig versier en afgewerk. Daarop verskyn onder andere die jaartalle: 1899-1900. Die sy-panele is versier met wapens van lande wat deel van die Habsburgse monargie uitgemaak het. Verder is ryk geornamenteerde handvatsels en goue rankwerk aangebring. Ook die vier panele van die deksel is ryklik met ornamente en wapens versier. Die voorste deksel-paneel bevat die wapen van Lotaringen - Oostenryk - Habsburg in die middel en die wapens van Wien en Niederösterreich aan weerskante.

Danksy die uitstekende stofdigte verpakking in drie spesiaal vervaardigde kiste en die sorgvuldige bewaring deur die firma Hermann Scheibe lyk die kunswerk na 90 jaar asof dit gister vol-tooi is. Die goud glinster in volle prag, die naamtekeninge het nie verdoof nie en byna nêrens is 'n skrapie of beskadiging sigbaar nie.

(Jacques Malan)

Verwysings van Erwin A. Schmidl

- 1) Ek is die eienaar van die kasset, mnr. Hermann Scheibe, en sy seun baie dank verskuldig vir hul vriendelike tegemoetkomendheid waarmee hulle my toegelaat het om hierdie hoogs belangwekkende gedenkteken te besigtig.
- 2) Blaaie 684-698.
- 3) Gereken vanaf die eerste optrede van die Germane in die geskiedenis: die veldslag van Noreja, 113 v.C. (E.A. Schmidl). K.A. von Müller und P.R. Royden, "Knaurs Weltgeschichte", Berlyn 1935, p.199, berig oor die Romeinse ryk omstreeks 100 v.C.: In die Alpegebergte was daar steeds klein gevegte; nou het Germaanse volke in die Oos-Alpe binnegeval. Van die Oossee en die Noordsee het die Kimbre en Teutone gekom, misken deur stormvloede verdryf, en woonplek gesoek. Hulle het 'n Romeinse leër by Noreja in Karintië verslaan, maar nie na die suide getrek nie, dog dwarsdeur die huidige Beieren en Swabenland na Gallië (nou Frankryk). Hier het hul wilde krag nogmaals die Romeine by Arausio in 105 v.C. vernietig. - Die Duitstalige nasionaliste was blykbaar trots op hierdie oorwinnings van hul voorgeslag op die Romeine. (Toelighting deur C. de Jong.)
- 4) Weens gemis aan bewysstukke is ons hier op vermoedens aangewys.

Verwysings van C. de Jong.

- a) Die Leithe is 'n suidelike syrivier van die Donou en was die skeidslyn tussen die Oostenrykse gebiede, Cisleithanië (d.w.s. aan hierdie kant van die Leithe) genoem, en die Hongaarse gebiede, Transleithanië (d.w.s. oorkant die Leithe) genoem, in die dubbelmonargie of Donoumonargie. Die monarg was keiser van die Oostenrykse en koning van die Hongaarse gebiede. Vandaar die benamings "Kaiserliche und königliche Regierung, Armee" ens., wat deur Schmidl meestal as "k.u.k." afgekort word.
- b) Die wapenskild van die Donoumonargie Oostenryk-Hongarye, die dubbelmonargie, toon 'n adelaar of arend met twee koppe; dit heet daarom die dubbele adelaar. Op foto's van die bostuk van die kasset het die adelaar daarop gesete, twee koppe . Die regterpoot wat die omhoog wysende swaard omklem, is op die reghoekige sokkel onder die adelaar geplant, die linkerpoot hou 'n wapenskild orent, wat op die foto onduidelik sigbaar is.
- c) E.A. Schmidl vermeld in sy deur my aangehaalde proefskrif niks oor handtekeninge van die vorstehuis Habsburg nie. Die aanwesigheid van dié handtekeninge is trouens onwaarskynlik, omdat die hoof van die vorstehuis, keiser Franz Joseph, uitgesproke pro-Brits was.



Vooraansig van die kasset uit Wenen wat as huldeblyk vir die Boere in 1900 bestem was; die kasset staan op 'n versierde sokkel en dra 'n piramidevormige deksel waarop die dubbele adelaar as heraldiese dier van die dubbelmonargie Oostenryk-Hongarye troon.

Foto E.A. Schmidl 1980



Die piramidevormige deksel van die kasset uit Wenen, Oostenryk, met die tweekoppige arend wat die heraldiese dier van die dubbelmonargie Oostenryk-Hongarye was; die dier hou in sy regterpoot 'n swaard en met sy linkerpoot 'n wapenskild; hy troon op 'n kanonloop wat deur twee vlagstokke geflankeer word.

Foto E.A. Schmidl, 1980




Foto van die besonder stiewige krat wat vir versending van die kasset uit Wenen, Oostenryk, na die Boererepublieke bestem was; op elk van die vier vlakke van die krat is twee stroke met die kleure van die Transvaalse vierkleur, rooi, wit, blou en groen, geskilder. Die versending het eers in 1990 geskied.

Foto E.A. Schmidl, 1980



Die Oostenrykse kasset wat as huldeblyk vir die Boere bestem was, op die sokkel wat halfpad uit die besonder stewige krat, as verpakking gemaak, geskuif is; die voorkant van die krat is neergeklap; die deksel met adelaar was afsonderlik verpak.

Foto E.A. Schmidl 1980



Die inhoud van die kasset uit Wenen, Oostenryk, is 'n kas met 720 blaai papier, elk met 18 handtekeninge of name van simpatiseerders met die Boere; die kas met blaai papier is opvalend swaar.

Foto C. de Jong, 1991

**TWEE GEDENKPLATE VIR GEVALLE NEDERLANDERS UIT SUID-AFRIKA,
1899-1902, 1940-1945**

deur C. de Jong

Die gedenkplaat met Erelys 1899-1902

Op 4 Mei 1991, op die voorraand van Bevrydingsdag in Nederland, is in die tuin van die Nederlandse Ambassade te Pretoria 'n gedenkplaat met name van gevalle Nederlanders, op die monument aan hulle gewy, onthul. Die 91 name op die plaat is van Nederlanders uit Suid-Afrika wat hul lewe deur die Tweede Wêreldoorlog verloor het. Dit was 'n passende geleentheid om te herinner aan 'n ander gedenkplaat met 78 name van gevalle Nederlanders uit Suid-Afrika. Dié plaat is te sien op die voorgewel aan die ooskant van die Nederduitsch Hervormde kerk aan Du Toitstraat in Pretoria-Sentraal. Daarop staan 78 name van Nederlanders en oud-Nederlanders wat hul lewe geoffer het tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog in die stryd van die Boererepublieke teen Brittanie 1899-1902. Hulle het gesterf op die slagveld, in die hospitaal of krygsgevangenkamp. Onder die 78 is verskeie afkomstig uit Pretoria en is name van werknekmers van die Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM).¹⁾ Sommige van hulle was voorheen nogal bekend, byvoorbeeld Dr. Herman Coster, oud-staatsprokureur van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), en Cars Geert de Jonge, oudsekretaris van die ZAR se onderwysdepartement, beide offisier in die Hollanderkorps van oorlogsverwrigters wat op 21 Oktober 1899 by Elandslaagte gesneuwel het, twee seuns van Ds. M.J. Godefroy te Pretoria, C. van Gogh, broer van kunsskilder Vincent, en luitenant M.J. Nix, Nederlandse militêre attaché by die Boerekommando's.

Robert C. de Jong het in sy Magisterverhandeling "Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die 'Nederlandse Vereeniging'" (Universiteit van Pretoria, Oktober 1980 op p.212-215, berig oor die gedenkplaat 1899-1902 op die Nederduitsch Hervormde kerk. Hier volg die paragrawe aan die plaat gewy.

'Zij rusten in vrede'

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog op 11 Oktober 1899 het 'n groot aantal Nederlanders en Oud-Nederlanders by die Boeremagte aangesluit. Van hulle het heelwat uit Pretoria gekom, as die sentrum waar die talrykste Nederlandse gemeenskap gevestig was. Hieronder was ook baie lede van die Nederlandse verenigings aldaar, wat óf gesneuwel óf krygsgevangen neem is óf tot die bitter einde bly veg het.

Die Nederlanders van Pretoria het hulle by verskillende geleenthede vir monumente beywer. Seker die belangrikste hiervan is egter die gedenksteen teen die buitemuur van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dit het ontstaan uit die behoefte om hulde te bring aan dié landgenote wat die hoogste offer vir die saak van die Boererepublieke gebring het, en daaruit tewens besieling vir die hede en die toekoms te put, wat vir die Nederlandstaliges in die jare na die oorlog nog so onseker gelyk het.

Die inisiatief om 'n gedenksteen in Pretoria en ook in Bloemfontein te plaas is gedurende September 1906 deur die Neder-

**TER HERINNERING AAN DE NEDERLANDERS
EN OUD-NEDERLANDERS GEVALLEN VOOR
DE REPUBLIEKEN IN DEN OORLOG 1899-1902**

H. DE BEER	P. MEIJRS
C. J. BESAANS	W. MIDDENDORP
J. B. BIRMOND	O. W. MOOJEN
J. BLIJFEMSA	J. MOORA
G. BOEDINGH	H. NIENHUIS
F. H. BOSCH	M. J. NIX
E. BOEKAN	A. ONTROP
J. P. J. H. BREEDVELD	M. OOSTERHUIS
P. A. DE BROEK	J. OTIENS
C. BROEKSMAN	C. POST
J. H. BROESE	J. PRANGE
H. A. CLETTERT	G. PRINS
D. H. J. COSTER	C. REEK
H. A. DALEN	P. A. D. RUIT
J. L. DAM	J. P. RUMMING
H. A. DIJKSTRA	T. DE SCHAAF
K. J. FISCHER	A. SCHAIK
J. R. FOCKEMA	M. SCHAIK
D. J. GAARKEUKEN	J. C. SCHEFFERS
W. F. K. GIJBERN	W. SCHILHAM
J. L. S. C. GODDEFROIJ	P. SCHUIL
M. J. GODDEFROIJ	J. C. SIEBOS
C. V. VAN GOGH	C. STEGERWALD
J. H. L. F. GOLDMAN	N. A. STRATEN
G. A. HEERDE	J. STREEFKERK
F. A. HENDRIKS	J. C. STUFTERS J.
R. HERMANS	A. J. TERMEULEN
N. DE JONG	J. TOUSSET
C. G. DE JONGE	W. D. VAHRMEIJER
J. M. F. KELSSER	J. L. UNTERHORST
N. J. KEUGKIST	N. VERSCHAPPEN
L. C. KNIPHORST	F. A. D. VLAET
C. J. KNOOT	F. A. WAGNER J.
G. C. KOOLIKER	G. K. WESTERHOEF
D. L. M. DELAATDEKANTER	A. WIJLEMSEN
A. N. LEERSUM	L. A. DE WOLFF
B. B. V. LEGGELD	A. H. VOLTERS
J. R. LEPELTAK KIEFT	W. VOUTERS
J. E. DE MAN	J. ZWIER

ZIJ RUSTEN IN VREDE

Muurbord aan die oostelike gewel van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan Du Toitstraat in Pretoria-Sentraal met 78 name van Nederlanders wat tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 in die stryd vir die republieke omgekom het. 'n Duplikaat van die wandbord is in die voorportaal van die Twee-Toringkerk te Bloemfontein.

**Inskripsie van die Gedenksteen aan die Nederduitsch Hervormde
Gemeente se Kerkgebou in Du Toitstraat, Pretoria**

**Ter herinnering aan de Nederlanders
en Oud-Nederlanders gevallen voor
de Republieken in den Oorlog 1899-1902**

H de Beer	P Meurs
C J Besaans	W Middendorp
J B Biemond	O W Mooijen
J Bloemsma	J Moora
G Boldinh	N Nienhuis
F H Bosch	M J Nix
E Boukan	A Ontrop
J P J H Breedveld	M Oosterhuis
P v d Broek	J Ottens
C Broeksma	C Post
J H Broese	J Prange
H v Cittert	G Prins
Dr H J Coster	C Reek
H v Dalen	P v d Ruit
J L v Dam	J P Rumling
H W Dijkstra	T de Schaaf
K J Fischer	A Schaff
J R Fockema	M Schaink
D J Gaarkeulen	J C Scheffers
W F K Gieben	W Schilham
J L S C Goddefroy	P Schuil
M T Goddefroy	J C Slebos
C V v Gogh	C Steuerwald
jhr L F Goldman	N v Straten
G v Heerde	J S Streefkerk
F A Hendriks	J C Stufflers Jr
R Hermans	A F Termeulen
N de Jong	J Touset
C G de Jonge	W D Vahrmeijer
J M F Keijsser	J L Unterhorst
N J Klugkist	N Verstappen
L C L Kniphorst	F v d Vlugt
C J Knoote	F W Wagner Jr
G C Kooijker	G K Westerhof
Dr L M de Laat de Kanter	A Willemsen
A v Leersum	L A de Wolff
R B v Leggelo	A H Wouters
J R Lepeltak Kieft	W Wouters
J F de Man	J Zwier

ZIJ RUSTEN IN VREDE

*** * * * * *

Hieronder staan die oorlydensberig van Hendrik van Cittert, lid van die Hollanderkorps wat gesneuwel het by Elandslaagte op 21 Oktober 1899. Die berig staan in die boek van H.J. Kolstee en G.H. Priem, "De oorlog in Zuid-Afrika", by N.J. Boon, Amsterdam 1900, p.68. Sy naam is op die muurbord met 78 name van Nederlanders 1899-1902.

HENDRIK VAN CITTERT, gesneuwel in die geveg by Elandslaagte, 21 Oktober 1899.

Hendrik van Cittert is gebore in Haarlem (Nederland) op 19 Februarie 1862. Sy vader was die vroeër in Haarlem welsekende boukundige Jan van Cittert. In 1887 vertrek hy met sy gesin vir die eerste maal na Suid-Afrika. Na 'n verblyf van nege jaar noodsak die gesondheidstoestand van een van sy kinders hom om in 1896 na Nederland terug te keer. Hy vestig hom toe eers in sy geboortestad en daarna in 1898 te Velp (Gelderland). Ons en ander persone het daar die voorreg gehad om hom en die syne te leer ken. Ons was weldra deur innige vriendskapsbande met hulle verbonde. Nooit sal ons die ure in sy altyd gasvrye woning deurgebring, vergeet nie. Altyd wis hy om te boei wanneer hy vertel het van die land waarvan hy gehou het en waarheen sy hart steeds getrek het.

Eensdeels het die afskeid hom swaar geval, anderdeels het hy hom baie verheug toe hy op 20 April 1899 Velp en enkele dae later die vaderlandse grond weer verlaat het om na sy geliefde Transvaal terug te keer. Nouliks vyf maande na sy aankoms daar het die oorlog uitgebreek. Geheel ooreenkomsdig sy aard het hy hom onmiddellik aangesluit by die Nederlandse vrywilligerskorps. In die noodlottige geveg by Elandslaagte, waar so baie dapper Hollanders die lewe gelaat het, het ook hy geval as een van die eerste offers in hierdie oorlog. Hy is getref deur 'n bom nadat reeds twee perde onder hom doodgeskiet was. Hy was toe 37 jaar oud. Hy laat 'n diep bedroefde weduwee en vyf kinders agter.

Sy naam sal in Suid-Afrika steeds met eer genoem word en in dankbare herinnering bly. Hy sal ook in ons harte bly voortlewe as 'n getroue, opregte en openhartige vriend, as 'n vrolike en opgewekte Christen.

Velp, Februarie 1900

R. Veldhoen



Hendrik van Cittert

Berig van die sneuwel van Hendrik van Cittert, lid van die Hollanderkorps, by Elandslaagte op 21 Oktober 1899, oorgeneem uit: H.J. Kolstee en G.H. Priem, "De oorlog in Zuid-Afrika"; N.J. Boon, Amsterdam 1900, p. 68.

landsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV) geneem. Laasgenoemde het die Nederlandsche Vereeniging te Pretoria versoek om 'n volledig as moontlike naamlys van gesneuwelde Nederlanders en Oud-Nederlanders te help opstel. Via die Identiteitsdepartement van die Transvaalse Rooikruis is met medewerking van sy Nederlandse sekretaris, jhr. P.L.A. Goldman, 'n voorlopige lys ontvang. Die Nederlandsche Vereeniging het hierdie lys in De Volksstem van 26 September gepubliseer met die dringende versoek aan die publiek om dit na te gaan, moontlike foute te korriger en eventueel met meer gegevens aan te vul. Inderdaad is hierdie oorspronklike lys, wat 45 name getel het, geleidelik met nie minder nie as 32 name vermeerder tot 'n totaal van 77.

Dit was die NZAV se oogmerk om die Gedenksteen teen die voorgewel van die NH Gemeente se kerkgebou (Du Toitstraat) te plaas, omdat die meeste van "Krugers Hollanders" lidmate van dié Kerk was. Teen die einde van 1906 het die Kerkraad van die Gemeente aan die NZAV se versoek gehoor gegee, waarskynlik omdat heelwat Nederlanders of Oud-Nederlanders as ouderling of diaken gedien het, en die Gemeenteleraar, prof. dr. P.J. Muller,²⁾ Nederland gebore en getoë, en bowendien voorsitter van die Nederlandse Vereeniging was.

Nadat die NZAV gedurende 1907 die volledige naamlys via die Nederlandsche Vereeniging ontvang het, is twee stene bestel: een vir die NH Kerk in Pretoria, en die ander vir die gebou van die NG Gemeente in Bloemfontein (die "Tweetoringkerk").³⁾ 'n Rotterdamse steenkappery het die werk uitgevoer na die ontwerp van A. le Comte, hoof van die Rotterdamse Tekenakademie en 'n groot Boerevriend. Die gedenkstene is in 'n Hollandse Renaissancestyl uitgevoer. In vergulde letters is die name op geel marmer aangebring, met 'n monumentale lys van rooi marmer rondom die naamplaat. Die kroonlys bo-aan het die wapenskild met die klimmende leeu van Nederland bevat.

Teen die helfte van Januarie 1908 was beide stene gereed om van Rotterdam na Suid-Afrika verskeep te word. Ongelukkig het hulle in 'n gebreekte toestand gearriveer, sodat die hele werk opnuut gedoen moes word. Twee nuwe, byna identiese stene is vervaardig, waarby tewens klein foute gekorrigieer is wat in sekere name by die vorige stene begaan is. Ook is daar nog 'n naam toegevoeg, en meer ruimte vir bykomende name gelaat. Gedagting aan die vroeëre onaangename ervaring is die stene in dele versend, en hierdie keer het hulle sonder skade omstreeks Februarie 1909 in Pretoria en Bloemfontein aangekom.

Teen die 19de Februarie was werksaamhede aan die gewelmuur van die kerkgebou in volle gang, en kon die steen aanmekaargesit en teen die voorbereide oppervlakte aangebring word. Alles was dus in Maart gereed vir die onthulling in Pretoria.

Woensdag, 17 Maart 1909. 'n Groot skare van belangstellendes was om vieruur die middag buite die kerkgebou byeen om die plegtige inwyding en onthulling van die gedenksteen by te woon. Konsul-generaal F.M. Knobel het die verrigtinge met 'n inwydingsrede geopen. Hierin het hy op die Republieke se edele stryd gedurende die Tweede Vryheidsoorlog gewys, waaraan ook die Nederlanders met toewyding deelgeneem het. Knobel het ook op die ge-

volge van die oorlog gesinspeel: die toekomstige eenheid van Suid-Afrika (in 1910 die Unie), en die wording van 'n Suid-Afrikaanse nasie. Na hierdie toespraak het Knobel die Driekleur van die steen getrek, en met dié onthulling is die monument aan die NH Gemeente oorgedra.

Vervolgens het prof. Dr. P.J. Muller aan die woord gekom, en sy dank teenoor die NZAV betuig vir die waardige gedenkteken wat uiteindelik tot stand gekom het. Ook het hy 'n skrywe van genl. Louis Botha voorgelees, wat verhinder was om die seremonie by te woon. Genl. Piet Viljoen het hierna in 'n kragtige rede die Nederlandse bevolkingselement in Transvaal verdedig, die aandag gevlestig op die rol wat Koningin Wilhelmina in die geskiedenis van Transvaal gespeel het, en geëindig met 'n oproep om die Nederlanders en Oud-Nederlanders se opofferings en materiële blyke van belangstelling ten bate van hulle nuwe vaderland meer te waardeer. Ten slotte is 'n paar kranse gelê. Soos duidelik geblyk het, was die inwyding des te treffender vanweë sy soberheid.

Hoewel die steen die eiendom van die NH Gemeente was, het die Nederlandsche Vereeniging nog vir baie jare 'n wakende ogie daaroor gehou. So het dit gedurende November 1916 geblyk dat die steen se toestand aan die agteruitgaan was. In Maart 1917 is besluit om noodsaklike herstelwerk te doen, waaraan teen 'n bedrag van £9.10 voldoen is.

Vandag nog kan die gedenksteen aan die gewelmuur van die kerk in Du Toitstraat besigtig word (kyk Bylae 5), 'n blyk van hulde aan die opofferings in die verlede, en 'n bemoediging vir die toekoms waaraan die Nederlandse gemeenskap in Pretoria 'n besondere behoefté gehad het.

Die gedenkplaat met Erelys 1940-1945

In die maandblaaie die "Nederlandse Post" van Februarie 1991, p.28, en "Nieuws van de Nederlandse Vereeniging te Pretoria" van April 1991, p.13, is herinner aan die oprigting van die monument vir Nederlanders uit Suid-Afrika, gevalle in 1940-1945, en aan die komende onthulling van 'n gedenkplaat met hul 91 name op die monument. Die Erelys met 91 name is opgeneem in die "Nederlandse Post" van April 1991, p.26. Hier volg die weergawe van die publikasies.

Die gedenkteken vir omgekome Nederlanders 1940-1945

Op 4 Mei 1953, die vooraand van Bevrydingsdag in Nederland, is in die tuin van die Nederlandse Ambassade "Oranjehof" te Pretoria 'n monument ter nagedagtenis van die 91 Nederlanders uit Suid-Afrika wat in die Tweede Wêreldoorlog omgekom het, plechtig onthul. Die denkbeeld om die monument op te rig het in 1950 ontstaan by kaptein C. Plokhooi, D.T.D., luitenant C. Buisman en korporaal S. de Waal. Kaptein Plokhooi was 'n veteraan uit die Tweede Anglo-Boereoorlog, luitenant Buisman en korporaal de Waal was oudlede van die Prinses-Irenebrigade; dit was die korps van Nederlanders, buite Nederland gemobiliseer, om vanuit Brittanje in Europa te opereer.

Die toenmalige ambassadeur van Nederland, Sy Eksellensie Dr. Jan van den Berg, was erevoorsitter van die Comité Monument Gevallen Strijders 1940-1945.

Op 10 Mei 1940 het Duitse troepe die Koninkryk Nederland in Europa binnegeval en op 14 Mei het die Nederlandse bevelhebber generaal Winkelmann die kapitulasievoorwaardes onderteken. Op 13 Mei het Hare Majesteit koningin Wilhelmina en die Nederlandse ministers uit Nederland na Engeland vertrek. Die setel van die Nederlandse regering is toe na Londen verplaas om die bestuur van ander gebiedsdele van die Koninkryk te verseker.

In 1940 het die Nederlandse regering in Londen besluit om die sterkte van sy troepe in Brittanie te vergroot deur mobilisatie van Nederlandse dienspligtiges in ander wêrelde dele, in eers te instansie om te help met die verdediging van Brittanie en om mettertyd militêr te kan optree by die gehoopte terugkeer van die regering na Nederland. As gevolg daarvan is ruim 1000 Nederlanders, wonend in die Unie van Suid-Afrika, vir militêre diens oorsee opgeroep. Op 20 Januarie 1942 het die eerste kontingent van hulle, bestaande uit ongeveer 80 offisiere, onderoffisiere, korporaals en manskappe op die 'Windsor Castle' uit Kaapstad na Brittanie vertrek.⁴⁾

In totaal het 10 kontingente dienspligtiges en vrywilligers in 1942 en '43 uit Suid-Afrika na Brittanie vertrek. Hulle is ondergebring in die kamp Wrottesley Park by Wolverhampton, waar die Koninklijke Nederlandse Brigade Prinses Irene geleer was. Die sewende kontingent het op die 'Abrosso' op 8 Oktober 1942 uit Kaapstad afgereis. Die volgende dag het 'n Duitse onderseër (duikboot) die skip getorpedeer. Daarby het ongeveer 49 Nederlanders omgekom.⁵⁾

In Augustus 1944 het Nederlandse troepe deelgeneem aan die oorlog in Normandië in Noordwes-Frankryk en daarna in België en Nederland, waar kaptein J. Groenewoud op 18 September 1944 by die Rynbrug te Arnhem in die groot veldslag om dié stad gesneuwel het. Hy is op 24 Julie 1945 postuum benoem tot Ridder in die vierde klas van die Nederlandse Militaire Willemsorde.⁶⁾ Ander onderskeidings, naamlik vyf Brons Leeus en 21 Bronskruise, is uitgereik aan militêre van die Prinses Irenebrigade. In totaal het 91 Nederlandse militêre, afkomstig uit Suid-Afrika, as lede van die Koninklijke Landmacht, die Koninklijke Marine, die Bureau Bijzondere Opdrachten en die Koninklijke Nederlandsch-Indische Leger (KNIL) die lewe verloor.

Toe die monument op 4 Mei 1953 onthul is, is daarop geen erelys met die name van die 91 gevallenes aangebring nie. Onlangs het die oud-reserwe-offisiere Michiel Theijssen, OVW EM nr. 270810010, en Frans de Wolf, OVW EM nr. 260124202, dit besoek. Hulle het voorgestel om tog nog 'n Erellys te laat vervaardig en daar mee die monument volledig te maak. Toestemming is gegee deur die Nederlandse Ambassade. Die gedenkplaat en die plasing daarvan is bekostig deur geldelike bydraes van die Ambassade van het Koninkrijk der Nederlanden, S.A. Philips (Pty) Ltd, Van Leer S.A. (Pty) Ltd, die Nedbank en Chenimpo SA (Pty) Ltd.

Die Erellys sal tydens die Dodeherdenking op Saterdag, 4 Mei 1991 by die Nederlandse Ambassade te Pretoria onthul word.

In de Tweede wereldoorlog gesneuveld Nederlanders afkomstig uit Zuid-Afrika:

LANDMACHT

P A Arendse	A W Sliedrecht
G Aveling	J M Sluyter
M den Bakker	J J Sluyters
A van den Bergh	A Sorias
B van Berkel	M Spaans
P T J Blokker	J Tasseron
T den Boer	J H A Thomas
A Bonte	C van den Toorn
J L van den Boogaerd	I Uytvanck
A J van den Boogaerd	E Veldkamp
C J Botbijl	J Verdouw
A J Burgers	P Vervat
A T Bijsterveld	J Vijverberg
J E Degenkamp	M van Wagenveld
N Dienaar	P van der Wilden
H R Drost	W van der Wilden
B S van der Feijst	ZEEMACHT
J Groenenboom	L van Breugel
J Groenwoud	W Dienaar
J Grootendorst	A P Drexhage
A Hemmerle	F J Geiger
J H Hertog	B H Gunnink
J H C van Heusden	C F Kuipers
J Hey	J A van der Meer
H G Holtrop	J Schanstra
C E van Hulsteyn	F Slegtenhorst
G W van Imhoff	J de Wolf
J D de Jong	IN OVERZEESE GEBIEDEN
G H Juda	J P A van Adrichem
L A Knijff	A A C Burm
H Kolhorn	N Crama
L Kopuit	L A M Defoer
A J de Kruyff	J L van Donselaar
J Meyer	J J L Heldring
P Meyer	A van der Hill
H J Muller	J A van der Hout
G A Oudejans	C C Jager
H J Overes	G Kleynjan
H Poortenaar	J T E Marissing
A Pot	W Melgerd
A Renema	H C van der Stadt
W M Reuhl	H M van Stiphout
C T Reyrink	G de Vries
J Rietbroek	B van der Zande
F W Rouwerd	D H Zeeven
A W Rueb	M H van Zeyl
A M F Schering	

Die monument staan in die tuin van die Ambassade wat nou gevestig is op Arcadiastraat 825, Arcadia, Pretoria. Oudmilitêre, familielede van omgekome militêre en belangstellendes word aangemoedig om die onthulling by te woon (tot sover die "Nederlandse Post").

Die onthulling van die Erelys met 91 name van gevallie Nederlanders uit Suid-Afrika het inderdaad op 4 Mei om 14:30 in die tuin van die Nederlandse Ambassade plaasgevind. Dit was 'n sobere herdenkingsplegtigheid met Bybellesing deur ds. J. van der Vloed van die Nederlandstalige Petrakerkgemeente van die Nederduits Gereformeerde Kerk te Pretoria, trompetsinhaal as afskeid ("the Last Post") en as Reveille, vlagstryking en vlaghysing, gebed deur Ds. van der Vloed, koorsang van die Hollandia Zangers ("Wilt heden nu treden") en die sing van die eerste en sesde strofe van die Nederlandse nasionale lied "Wilhelmus van Nassouwe".⁷⁾

Verwysings van C. de Jong.

- 1) Onder die 78 name ontbreek 'n NZASM-werknemer wat per ongeluk omgekom het toe hy langs 'n spoorlyn geslaap en 'n trein hom doodgery het, asook Carl Samuelsson uit Mörseka Nya in Swede; hy was masjinis op 'n lokomotief en het gesterf by 'n treinontsporing in Junie 1900 op die Oosterlyn in Oos-Transvaal as gevolg van 'n myn wat daar geplaas is deur Steinacker uit Swaziland. (C. de Jong)
- 2) Prof. dr. Pieter Johannes Muller, 1854-1922, was teoloog by die Nederlandse Hervormde Kerk, promoveer in 1881 tot doktor aan die Rijksuniversiteit te Groningen op 'n proefskrif "De Godsleer van Calvijn uit religieus oogpunt beschouwd en gewaardeerd"; was predikant van die Nederlandse Hervormde Kerk in verskeie gemeentes, hoogleraar in Godgeleerdheid aan die Gemeente-universiteit te Amsterdam (dit is 'n ander as die Vrije Universiteit - C. de Jong), in 1893 eervol ontslaan, aanvaar in 1903 'n beroep na die Nederduitsch Hervormde gemeente in Pretoria; leraar 1904-1909; sy werk as predikant was van hoë gehalte en van wetenskaplike deeglikheid; hy behoort as dogmatikus tot die Etiese Rigting; hy gaan in 1909 terug na Nederland. (Verwysing van R.C. de Jong, t.a.p. p.273, bron: Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel 3 p.659.)
- 3) 'n Duplikaat van die gedenkplaat met Erelys met 78 name van Nederlanders is graag aanvaar deur inwoners van Bloemfontein, hoofstad van die ander Boererepubliek, en geplaas in die voorportaal van die grootste kerkgebou in dié stad, die Nederduits-Gereformeerde Tweetoringkerk. (C. de Jong)
- 4) Die geskiedenis van die Nederlandse lede uit Suid-Afrika van die Prinses-Irene-Brigade is deeglik behandel deur kolonel (Dr.) J. Ploeger in "Nederlandse Springbokke en die Brigade, 'n Bydrae tot die geskiedenis van die Koninklijke Nederlandse Brigade Prinses Irene", in "Militaria", Militêr-historiese Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Weermag, jaargang 3 no. 4, Pretoria, 1972, 107 pp.
- 5) Mn. J. van de Wall, tans in Westville, het van Lloyd's of London (Assuradeurs) berig ontvang dat die 'Abross' op 30 Oktober 1942 op 48 grade 30 minute Noorderbreedte ($48^{\circ} 30' \text{ NB}$) en 28 grade 50 minute Westerlengte ($28^{\circ} 50' \text{ WL}$) getorpedeer is en in 10 minute gesink het. Hierdie berig is aanneemliker as die mededeling in die "Nederlandse Post".

- 6) J. Ploeger, "Nederlandse Springbokke", t.a.p., bevat op p.55 'n foto-portret van kaptein J. Groenewoud van Johannesburg en op p.80 die toesdrag van sy heldedood. Die Militaire Willemsorde (NWO) is die hoogste Nederlandse onderskeiding vir dapperheid en selfopoffering en is vergelykbaar met die Britse Victoriamerk. Dit is ingestel by die wet van 30 April 1815 no. 5 in navolging van die invoering van militêre onderskeidings deur Napoleon I en is genoem na koning Willem I wat geregeer het van 1814 tot 1839. Dit word by uitsondering aan nie-militêre uitgereik. Die Orde tel vier klasse: Grootkruis, Commandeur, Ridder derde klas en Ridder vierde klas.
- 7) Die sesde strofe lui in Afrikaans vertaal: My skild, my altyd trou, is U, o God my Heer. Op U wil ek vas bou, verlaat my nimmermeer. Dat ek tog vroom mag bly, u kneg in een'ge stond, die tirannie verdryf, wat diep my hart verwond.
- Hierdie strofe kom in veel coreen met die laaste strofe van "Die Stem van Suid-Afrika" wat deur die digter C.J. Langenhoven later bygevoeg is; ek veronderstel dat hy deur die "Wilhelmus" gefinspireer is.

-o-



Gedenkteken vir 91 Nederlanders uit Suid-Afrika wat in Wêreldoorlog II in krygsdiens omgekom het, by die Nederlandse Ambassade in Pretoria. Op die voorsy is 'n vallende soldaat afgebeeld, daarbo die wapenskild van die Nederlandse koninkryk; links op die monument is die gedenkplaat met 91 name wat op 4 Mei 1991 onthul is. Gedenkteken is ontwerp deur Mej. D. Paymans te Pretoria, granietboudele gemaak deur Sinclair en Kie te Pretoria, fondering gelê deur D. Verwoerd.

Foto C. de Jong, 4 Mei 1991

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Toespraak van Ds.J.van der Vloed by die onthulling van die gedenkplaat met lys van 91 omgekome Nederlanders, by die Nederlandse Ambassade te Pretoria op 4 Mei 1991

Schriftelezing:

Psalm 35 vers 1-10: Heer, verdedig mij, want ik word beschuldigd; neem het voor mij op, want ik word aangevallen. Wapen U, pak Uw schild...

Evangelie van Johannes hoofdstuk 14 vers 26-27: ...de Heilige Geest die de Vader in mijn naam zal zenden - zegt Jezus - die zal jullie bijstaan en alles leren; Hij zal je alles te binnnen brengen wat ik je heb verteld. Vrede laat ik bij jullie achter, mijn eigen vrede geef ik jullie, maar niet op de wijze van de wereld.

"Dodenherdenking is een activiteit voor de vredestijd. Wij zijn pas ná de oorlog begonnen om onze doden officieel jaarlijks, en later vijfjaarlijks, te herdenken. Dodenherdenking is inderdaad een activiteit voor de vredestijd. Wij denken dan aan wat de vrede ons gekost heeft, ons goed en bloed, en dan vooral ons bloed van hen die ons lief en dierbaar waren. Dat herdenken is goed. Ook de Bijbel zegt, dat wij mogen denken aan hen die ons voorgegaan zijn , en dat wij hun voorbeeld moeten navolgen. En is de offerbereidheid voor de vrijheid waarvoor onze doden gevallen zijn, ook de vele Nederlanders die gedurende de oorlog in het buitenland waren, ook van de Nederlanders die hier in Zuid-Afrika woonden, en voor het vaderland gevallen zijn, ook van de 78 Nederlanders die in de Anglo-Boeroenoorlog gevallen zijn voor de vrijheid van de Boeren, - is het voorbeeld van hun offerbereidheid niet navolgenswaard?

De vrede heeft ons bloed gekost. En wat heeft ze ons gebracht? Vrijheid ...dat woord is al gevallen. Vrijheid van beweging, overtuiging, godsdienst, doen en laten. Wij zijn er blij om en dankbaar tegenover onze doden, die zich voor haar opgeofferd hebben, en tegenover God, die ze ons gegeven heeft. Maar wat hebben wij met de vrede/vrijheid gedaan? Gebruikt tot eer van God en tot heil van onze nedemens?

Wij kennen de geschiedenis van Zuid-Afrika sinds de Anglo-Boeroenoorlog en wij weten, dat de vrijheid van de een tot slaafsheid van de ander werd. Wij kennen de geschiedenis van Nederland sinds de vrede van 1945 en wij weten, dat de vrijheid voor velen leidde tot losbandigheid. Want aardse vrede gesloten zonder Bijbelse notie en vrijheid gegeven aan mensen die van geen grenzen willen weten, dragen in zich de kiem van verdere oorlog en onderdrukking.

De oplossing, de weg naar de vrede, ligt in een gebed, dat als inscriptie op een torenklok staat, die al honderden jaren in een Berlijnse kerk-toren hangt: O Rex Gloriae, Christe, veni cum Pace - O Koning der heerlijkheid, Christus, kom met vrede. Hitler en consorten hebben dat niet geweten, maar boven het smeden van hun boze plannen heeft deze klok geluid, weer-klonk dit gebed. En Hij is gekomen met vrede. En als u vraagt: Was het nodig dat die vrede het bloed van zoveel goede Nederlanders kostte, had Hij die vrede niet kosteloos kunnen geven? dan neem ik u mee in de kerk onder die beierende klok. Zie boven het altaar: O Rex Gloriae, Christe, veni cum Pace. Daar hangt Hij aan het kruis, terwille van de ware vrede tussen God en de mensen en de mensen onderling. Ze heeft Zijn bloed gekost en zijn leven.

Alleen als wij onze vrede en vrijheid gebruiken in het perspectief van de vrede van Christus, zal de burgerlijke vrede zijn tot eer van God en tot heil van de medemens en zullen wij onze doden werkelijk eer bewijzen.

FROM THE JOURNALS/UIT DIE TYDSKRIFTE

BEWARING

deur Albrecht Holm

"Kalender", "Beeld", Dinsdag, 9 April 1991 - Bladsy 4

Belangrike skakels in die erfenisverketting.¹⁾

Vandag kyk ons na nog 'n bewaarde gebou in private besit. Die voortbestaan van hierdie gebou hang egter aan 'n dun draadjie en dit is gepas dat ons nou aandag gee aan dié ernstige probleem. Om die belangrikheid van die gebou uit te lig, wil ek vir u eers 'n historiese agtergrond en evaluering verskaf.

Hendrik Horstmanshof is op 15 September 1886 in Alkmaar, Holland²⁾ gebore en op 8 April 1974 in Kaapstad oorlede. Sy pa was die eienaar van 'n gevestigde firma wat stukadoorwerk (fyn versiering en bepleistering van plafonne, kolomme, ens.) beoefen het. Hendrik het sy opleiding as kunsskilder ontvang. In 1920 het hy na Suid-Afrika geïmmigreer en hom in Pretoria gevestig. Hy het as pleisteraar en timmerman gewerk en intussen argitektuur bestudeer uit 'n boek wat hy uit Holland²⁾ bestel het. Hy het ook meubels ontwerp en deels self gemaak om aan te pas by die interieure van die huise wat hy gebou het.

Hy het verskeie huise in Pretoria gebou. Trianon, nou bekend as Tiny Town, is ook gedurende 1929/'30 deur hom beplan en gebou.

Orange Court is in 1929 ontwerp, beplan en as woonstelprojek opgerig.

Die argitektuur- en stadsbougeskiedenis van Pretoria kan as 'n getrouwe weergawe van die hele Transvaal gesien word. Dit volg dus dat hierdie "geskiedkundige katalogus op 'n gekonsentreerde gebied" so verteenwoordigend en gapingloos as moontlik bewaar behoort te word.

Van die eerste nedersettings in 1842 tot vandag het daar agt duidelik onderskeibare boustyle, wat elkeen 'n ander wêreld-aanskouing verteenwoordig, in Pretoria posgevat en van elkeen het daar 'n tipiese Pretoria- of Transvaalvariant ontstaan. In kort kan die agt style as volg opgesom word:

1. Die Voortrekkerdorpsuitleg met plein, straatnet, watervore, straatgerigte, eenvoudige, simmetriese grasdak-stoephuisse en tuine. Strate en pleine is deel van die stadslewensruimtes. Die hele sosiale lewe is dorpsgerig en middelpuntsoekend.
2. Die Victoriaanse styl met oorlaaide versierings, asimetriese aansigte, versierde stoepie (verandas), fabrieksvervaardigde bou-elemente, horisontaliteit. Geboue is nie op straatfront nie maar word op erf terug geplaas in 'n parkagtige tuin. Sosiale lewe onttrek aan strate en pleine na "clubs", "parlours", "studies" en "drawing rooms". Die samelewning is middelpuntvliedend en die middedorp word nie meer as sosiale sentrum gesien nie.

3. Die ZAR-styl met streng simmetrie, meestal staatsgeboue in rooi baksteen en sandsteen. Die klem val op gewels en dakke en dit is minder ryk versier as die geboue in die Victoriaanse styl. Toenadering tot Franse, Nederlandse en Duitse argitektuur. Meer vertikaliteit, meer manlikheid as in Victoriaans.³⁾
4. Jugendstil (Art Nouveau) en "Arts and Crafts" wat as reaksie op die masjienontwerpte en stereotipe dekorasies van Victoriaanse styl na 'n "handwerkgetroue" ontwerp en panteis-tiese natuur-georiënteerde versieringsmotiewe gestreef het.
5. Die Edwardiaanse styl wat as reaksie op die Victoriaanse styl se somber, oorlaайдie atmosfeer na 'n vroliker, manlike styl werk met ligte kleure, vertikaliteit en simmetrie. Plaaslike motiewe word ook gebruik, soos bv. Kaaps-Hollands in die Suid-Afrikaanse Kolonie.⁴⁾
6. Die Transvaal-styl deur mense soos Van Wouw, Pierneef, Moerdijk en ander ontwikkel, is gegrond op plaaslike gegewens uit landskap, klimaat, boustowe en plaaslike kulture.
7. Die Bauhaus, Modernisme of International-style is gegrond op die beleid van "begin alles van nuuts af of op basiese ontwerpbeginnels" sonder inagneming van bestaande geskiedenis, tradisies, klimaat, plekgees en kultuur. Klém op funksionaliteit en skeiding van funksies, sonering, analitiese denke.⁵⁾
8. Na-Modernisme (post-modernismel) maak in die eerste plek voorsiening vir humor (al is dit soms intellektuele grappe), gebruik verwysings na die kulturele erfenis (voorlopend veral dié van Europa en Amerika) en neem omgewingsbewustheid en kontekstualiteit (= plaaslikheid) in sy program op.⁶⁾

Tiny Town en Orange Court.

Daar was tye in die geskiedenis waarin enige plaaslike ontwikkelings, style en kenmerke as minderwaardig en onbelangrik geag is. In ander tye weer is dit wat plaaslik en karakteristiek is as besonder waardevol uitgelig. Dikwels is dit hierdie plaaslike eienaardighede wat bepalers word vir die ontstaan van 'n nuwe styl of wêreldaanskouing en altyd is dit hulle wat die plekgees (*genius loci*) van 'n stad, streek of land uitmaak.

Horstmanshof se werk is 'n plaaslike variant van die "Arts and Crafts"-styl. Daar is min voorbeeldie hiervan in Pretoria en in Transvaal en reeds daarom is die enkele voorbeeldie belangrike skakels in die erfenisketting.

Met beide Orange Court en "Trianon" (Tiny Town) en talle huise in Clydesdale en Linschoten (ongelukkig grotendeels gesloop) slaag Horstmanshof daarin om met sy intieme, persoonlike argitektuur 'n menslike, woonlike karakter te skep wat aansteeklik op sy tyd en omgewing ingewerk het. Die karakter bereik hy hoofsaaklik deur hoë digtheid en lae hoogte wat direkte grondkontak vir bewoners, min skadu en goeie energiebesparing en omgewingsvriendelikheid teweegbring.

Die twee komplekse is hoofysteruitelegte van wooneenhede, en simmetries om 'n binnehof wat as meerdoelige halfpublieke ruimte die oorgang vanaf publieke straat na private woning vorm. Hierdie straatgerigtheid met oorgang of filterruimte en privaatdomein is 'n herlewing van die lewensaanskouing wat in die Voortrekker-dorpuitleg ten gronde lê en wat gedurende die Victori-aanse tyd gekwyn het.

Dit het later in die Modernistiese tyd weer 'n knou gekry en beleef tans in Na-Modernisme 'n herlewing. Hier bereik hy dus geestelike erfeniskontinuitet deur ag te slaan op gewoon menslike sosiale en sielkundige behoeftes van: (1) 'n Sinvolle verhouding en oorgang tussen private en publieke domeine; (2) Verdedigbare openbare en private ruimtes deur goeie definisie; en (3) Meerdoelige gebruik van ruimtes enstrukture.

Horstmanshof was 'n selfgeleerde argitektuur-vakman en nie geregistreerde lid van 'n instituut of professionele liggaam nie. Hy was dus 'n "leek" soos die meerderheid ontwerpers van geboue wat deel uitmaak van ons en ander lande se argitektoniese erfenis. Die meriete van sy argitektoniese bydrae lê behalwe in die sake wat hierbo gemeld is in detail: Goeie proporsies reël die verhouding van enkelgebou tot geheel.

Die enkelwoning is duidelik as 'n eenheid waarneembaar sonder dat dit opvallend uit die geheel val. Veral by Orange Court waar die eenhede fisiek geskakel is, word hierdie balans kunstig en soepel gehanteer en sou dit as 'n uitstaande voorbeeld onder vandag se meenthuisontwikkelings geld, terwyl daar in die Modernisme geen voorbeeld is wat met hierdie aspek kan kers vashou nie.

In kleiner detail van aansigte, vensters en deure asook argitektoniese detail soos skoorstene, uitbousels, dakke, enkele versierings soos bv. die tipiese betonreliefs wat hy self gemaak het, is daar uitstekende smaak en goeie proporsies gehandhaaf met 'n resultaat van 'n ryke gradering van kleiner tot groter elemente sonder dat dit oorlaai of aangeplak voorkom.

Ten slotte kan daarop gewys word dat Orange Court en Tiny Town rigtingwysers vir 'n nuwe woonbaar maak van Pretoria kan wees, iets wat al meer as 'n lewensnoodsaaklike behoeftes vir die voortbestaan van die stad as plek besef word.

Die huidige eienaar besit Orange Court al etlike jare en het hom ook redelik in stand gehou. Die houtspaandak is met metaalteëls vervang wat ietwat aan die oorspronklike natuurlike en handgemaakte voorkoms van die Arts & Crafts-gebou afbreuk doen.

Bewaring in Pretoria.

Woonstelverhuring was in die jare sewentig en tagtig in Pretoria nie so winsgewend soos kantore of winkels nie. Dit is dus heel natuurlik dat 'n belegger die gebou as kantore sal verhuur, te meer as die erf sulke regte besit.

Die erf beskik bowendien oor die reg om 'n heelwat groter gebou te dra wat nog meer inkomste sou kon verskaf. Hierdie vooruitsig plaas 'n groot druk en versoeking op iemand se gemoed. Is daar enige aansporing vir die eienaar om so 'n gebou

te bewaar? In huidige omstandighede en regulasies en ekonomiese wette beslis niks behalwe die eienaar se idealisme en gewete nie.

Is dit dan maar die noodlot van ons geboue en stede dat hulle elke twintig tot vyftig jaar afgebreek en vervang sal word? Kan ons dit op die lange duur bekostig? Beslis nie! As ons uit ons ekonomiese gemors wil kom, sal ons dus die houding van vermorsing van ons bates vinnig moet afskaf. Dit is egter 'n bietjie te veel gevra dat hierdie enkele besitter nou skielik die insig en finansies sal hê om so 'n omwenteling te weeg te bring.

Hier behoort ons eerder na ons stadsvaders te kyk. Dit lê nie net in hul mag om iets te doen nie, maar dit sal hulle ook niks kos nie.

Dit was die destydse stadsvaders wat in 1944 besluit het dat erfeienaars in die middestad sakegeboue mag oprig wat vyf maal die erfgrootte op 'n maksimum van tien verdiepings beslaan. Daar was geen voorskrif nie van 'n verhouding van woonvoorsiening tot kantore of winkels. Die feit dat daar op baie erwe reeds aansienlike geboue gestaan het wat kleiner was as die toegelate maksimum, is ook nie in ag geneem nie. Alle erwe is ook in verhouding tot hul toegelate regte belas ongeag of hulle die regte uitgeoefen het. So 'n stelsel is bedoel om ontwikkeling te bevorder ten koste van die reeds bestaande geboue en stadsbeeld.

In 1974 is nog 'n spyker in die dookkis van 'n aangename stadsomgewing en van bewaring geslaan toe die hoogtebeperking verslap is wat toeringgeboue met dikwels oop kantore tot gevolg gehad het. Die koncentrasie van mense en motors het toegeneem, die straat, winkel, sypaadjie en voetgangergebied het in verhouding afgeneem en die aantreklikheid of bewoonbaarheid van die middestad was totaal daarmee heen. Die middestad het naweke en saans 'n dooie plek geword. Tydkontinuïteit is dus ook verlore.

Maar gelukkig het nie alle erfeienaars en veral die wat reeds geboue besit het, die nodigheid of wenslikheid van sloop en volle uitoefening van regte so hoog aangeskryf nie. En dit is hulle wat geboue soos Orange Court bewaar het wat vandag 'n groter bydrae tot die stad se uniekheid en menslikheid maak as ooit tevore. Maar die stadsraad beloon nie hierdie bydrae nie en belas die eienars asof hulle ook die volle regte uitbuit.

Is dit te veel van die stadsraad gevra om hierdie geboue-eienars se regte wat hulle nie gebruik nie af te koop en dit te poel om dit by geleentheid aan ander wat elders wil ontwikkel te verkoop? Die eienaar wat dan sy ou gebou bewaar, sal in die toekoms ook minder belasting betaal omdat sy erf laer waardeer word. Hy benut en belas ook die infrastruktuur van die stad minder en veroorsaak aan die stadsraad minder lopende koste.

Indien dit vir ons stadsvaders administratief onmoontlik lyk, moet hulle by New York kers opsteek, want hier is in die laat jare sewentig 'n byna soortgelyke stelsel ingestel.

Verwysings van C. de Jong by Albrecht Holm, "Belangrike skakels in die erfenisetting"

- 1) Ná die verskyning van die artikel "Lewenskets van Henk Horstmannshof, argitek, bouer en skilder" deur C. de Jong in "Pretoriania" no. 98,

April 1991, het argitek Albrecht Holm in "Kalender", byvoegsel van die dagblad "Beeld" te Pretoria, Dinsdag 9 April 1991, die artikel "Belangrike skakels in die erfenisketting" gepubliseer. Daarin gee hy 'n beknopte oorsig van boustyle in Pretoria en veel aandag aan Horstmanshof se styl as argitek van Tiny Town en Orange Court.

- 2) Bedoel is: Nederland.
- 3) Argitek Hannes Meiring te Pretoria noem die sogehete ZAR-styl as teenhanger van die Koningin-Victoria-styl die "Koningin Wilhelmina-styl" na die koningin wat haar vader in 1890 jong opgevolg het en in 1898 die troon in Nederland bestyg het. Mnr. Meiring besig hierdie benaming weens die groot invloed wat argitekte uit Nederland, soos Horstmanshof, in Pretoria uitgeoefen het.
- 4) Bedoel is: die Kaapkolonie.
- 5) Ook "nieue zakelijkheid" (Afrikaans: nuwe saaklikheid), Duits "neue Sachlichkeit", genoem.
- 6) Kyk D. Holm, "Nuwe gebou van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing te Pretoria", in "Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kuns geskiedenis", deel 2, no. 3, Julie 1988, p.185-190.

-o-

UITSLAG VAN DIE SKOOLTUINKOMPETISIE 1991

Aan: Dr. N.A. Coetzee, Voorsitter, Genootskap Oud-Pretoria
Chairman, Old Pretoria Society

Van: L. Spies

Doel: Beoordeling van Skooltuine

Datum: Maart 1991

Onderwerp: Skooltuinkompetisie vir 1990

Die skooltuinkompetisie vir primêre en sekondêre skole in Pretoria en omgewing, wat sedert 1955 jaarliks deur die Genootskap Oud-Pretoria gereël word, het ook gedurende 1990 aktiewe deelname verseker.

Die wenners van die kompetisie is soos volg aangewys:

Afdeling vir hoërskole

Wenner: Hoërskool Langenhoven

Tweede: Hoërskool Die Wilgers

Derde: Hoërskool Montana.

Afdeling vir laerskole

Wenner: Laerskool Mayville

Tweede: Laerskool Rachel de Beer

Derde: Laerskool Generaal Andries Brink.

Die beoordeling van die kompetisie is deur mnr. Lood Spies, lektor by Pretoria Technikon, en sy studente in die kursus Parke en Rekreasiebestuur behartig.

w.g. L. Spies

Tel.: 012 3285317

NEDERLANDSE GEDIG OOR PRETORIA

deur C. de Jong

Die Nederlander Willem Simon Brand Klooster het talle gedigte onder die skrywersnaam Willem Brandt geskryf, onder meer oor Suid-Afrika. Hy is een van die min Nederlandse digters wat oor hierdie land gedig het; 'n ander poëet was Willem Hessels wat uit Nederland na Suid-Afrika geëmigreer het. Willem Brandt is gebore te Groningen in 1905 en oorlede te Bussum in 1981, 75 jaar oud. Hy emigreer in 1927 as joernalis na Oos-Indië en was onder andere hoofredakteur van die "Deli Courant", dagblad van die belangrike plantasiegebied Deli op Noord-Sumatra. Hy het die oorlogsjare 1942-45 in 'n Japanse konsentrasiekamp deurgebring en in 1955 na Nederland teruggegaan. Daar was hy onder andere hoofredakteur van die "Goois Nieuwsblad", 'n deeg-like provinsiale dagblad in die streek van Hilversum en Bussum.

Hy het as letterkundige altyd sy eie weg gegaan, los van enige literêre groep, ook al weens sy lang verblyf in Oos-Indië. Hy het veel gereis en sy reisindrukke van Oos-Indië, Voor-Indië, Afrika en die Amerika's in talle gedigte en versebundels weer-gegee. Sy gedigte oor Suider-Afrika staan in sy bundels "Oer-wouden en savannen" (1969) en "Het andere land" (1974). In sy gedig "Transvaal" in "Het andere land" skets hy Pretoria soos hy ons stad in die jare '50 of '60 in die Ou Suid-Afrika gesien het, met jakaranda's in bloei, die Voortrekkermonument, Bloed-riviertaferele daarin, forte, broodbome en kerkorrelkrukke op 'n olifantspoot gemonteer. As Nederlander van die ou stempel het hy met die Afrikaners gesimpatiseer.

TRANSVAAL

Pretoria in paarse sluiers van
oktoberbloei der jacarandabomen
met bruidelijke weelde overtuigen
hoogzetelend op het driftig ossespan

en als een koene minnaar in haar hand,
machttige zuil van haar verrukt ontvoeren,
stoer en gedrongen op de heuvelrand
het monument van de Transvalse Boeren.

Marmoreren koppen staren recht en fier
van alle wanden, hardgeschuurde palmen
zwerende op het Woord, voorladers branden
straks vuur en dood over de Bloedrivier

De velden bloeien, het Fonteinental
belommert weideland en koele bronnen,
op stille forten roesten de kanonnen,
broodbomen groeien in de duivelskloof.

Nog onverzettelik in den gelove
psalmzingen nazaten, het oud geweer
terzijde, op hun knoestige orgelkrukken
van olifantspoot, roemende de Heer.

Willem Brandt, "Het andere land".

Uitgeverij Heideland Orbis, Hasselt 1974



V&R DRUKKERY PRETORIA